# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

6 Januarie 1989 Tel: (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)




Die vreemde verhaal van

## Soetlief en die Ondier

Die AWB word verder geruk deur onthullings van dronkenskap en homoseksualiteit Bl 3



# Verligtes dwarsboom 'linkse' eenwording

DIE kwessie van groepsregte dreig om die stigting van die voorgestelde nuwe verenigde opposisieparty te kelder.

'n Sleutelleier van die eenwordingspoging, Dr Willem de Klerk, dreig om hom te onttrek indien sy voorstelle nie op 'n vergadering van die loodsingskomitee op 12 Januarie aanvaar word nie.

De Klerk het aan Vrye Weekblad gesê dat die nuwe party hom duidelik sal moet uitspreek oor groepsregte indien die drie politieke partye die sogenaamde onverbondes of "vierde mag" van verligtes wat hy verteenwoordig, wil betrek.

Dié groepsgebonde siening strook nie heeltemal met dié van Wynand Malan en sy Nasionale Demokratiese Beweging en Zach de Beer se Progressiewe Federale Party nie. 'n Party met 'n groepsgebaseerde beleid sal ook moeilik vir buite-parlementêre groepe aanvaarbaar wees.

Met dié standpunt het De Klerk, wat 'n belangrike meningvormer in "verligte" Afrikaner-kringe en 'n invloedryke Broederbonder is, die reeds geteisterde samesmeltingspogings van Denis Worrall se Onafhanklike Party, die NDB en die PFP verder van momentum ontneem.

Daar is groot hoop op De Klerk se deelname geplaas. Daar is vermoedelik 'n groot aantal politieke "onverbondes" of ontnugterde Nasionaliste wat nou sonder politieke tuiste sit, wat deur De Klerk in die party ingebring sou kon word.

Die steun van dié onverbondes sou kon bepaal of die nuwe party genoegsame steun kon monster om die Konserwatiewe Party as amptelike opposisie in die Volksraad te vervang.

De Klerk het aan Vrye Weekblad gesê die mate van sy betrokkenheid sal op 'n vergadering van die loodsingskomitee op 12 Januarie bepaal word. "Ek gaan voorstelle maak, maar ek kan my onttrek," het hy gesê.

Hy het egter bygevoeg dat hy nie sou skrik indien die nuwe party groot klem op buite-parlementêre betrokkenheid lê nie.

Elsabé Wessels

"Ek is oortuig daarvan dat die "vierde mag" besef dat die UDF en die ANC uiteindelik in 'n oplossing betrek moet word. Dit is verantwoordelik om spesifieke gesprekke met die ANC te onderneem."

Hy het egter beklemtoon dat die "aksent" wat hy verteenwoordig nog steeds bekommerd is oor groepsregte en dat dit duidelik aangespreek sal moet word.

Dié mense is "Nasionaliste en Afrikaners wat die NP se rassemodel onaanvaarbaar vind. Dit sal mense wees wat vertroue in die NP-model verloor het en geen politieke tuiste het nie," het De Klerk gesê.

Oor die leierskapskwessie waarin hy betrek is toe hy deur Worrall en

Na Bl 2

## Lyk ons 1989 so? Bl 8 & 9



Hierdie jong man was een van vele wat hulle op 16 Desember by die Voortrekkermonument dood verveel het.

*Foto: Cornis van der Lugt*

# Die ANC sê nee vir Hendrickse

Elsabé Wessels

DIE ANC is nie bereid om met die Arbeidersparty en sy leier, Allan Hendrickse, te praat nie.

Die ANC skeer Hendrickse en die regering oor dieselfde kam. "Hendrickse is 'n minister en neem dus deel aan regeringsbesluite. In hierdie stadium is dit onmoontlik dat ons Hendrickse te woord staan," het 'n ANC-woordvoerder uit Harare dié week gesê.

Hendrickse het op die jaarkongres van die Arbeidersparty verlede naweek op Bloemfontein aangekondig dat sy party in die toekoms gesprek gaan aanknoop met die ANC en die UDF. Hy het gesê die Arbeidersparty wil die leiding neem om 'n politieke oplossing vir Suid-Afrika te soek en daarvoor is gesprek met die ANC en UDF noodsaaklik.

"Die ANC sal slegs met 'n lid van die Suid-Afrikaanse regering in gesprek voer indien daar aan die eise van die ANC voldoen word," het die woordvoerder gesê. "Die ANC se eise bly die opheffing van die verbod op die ANC, die vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudenes en die opskorting van die noodtoestand. Die regering dring daarop aan dat ons geweld afsweer, maar ons volstaan by ons eise," het hy bygevoeg.

Volgens hom neem die ANC hierdie sterk standpunt in ondanks die feit dat Hendrickse deur Staatspresident PW Botha van sy pos as voorsitter van die Ministersraad in die Huis van Verteenwoordigers onthef kan word weens sy openbare standpuntinname oor die rol van die ANC.

Botha het homself in die verlede sterk uitgespreek teen georganiseerde besoeke aan die ANC.

In regeringskringe word bespiegel dat Hendrickse se uitdagende houding 'n verdere wig tussen hom en Botha sal indryf. Botha en Hendrickse, wat sedert die Arbeidersleier se opspraakwekkende baaiery by 'n wit strand slaags is, het mekaar opnuut die stryd aangesê oor die regering se weiering om die Groepsgebiedewet te skrap.

Arbeidersparty-woordvoerder Peter Hendrickse wou nie kommentaar lewer nie. Hy het gesê die saak is "te sensitief", maar hulle "werk daaraan."

# Chissano vra SA: ontbind MNR

MAPUTO - Die president van Mosambiek, Joaquim Chissano, het dié week 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering gedoen om sy "historiese verantwoordelikheid" te aanvaar en die Mosambiekse rebellebeweging Renamo te ontbind.

Terselfdertyd het Renamo aangekondig dat hy sy aanvalle in Zimbabwe wil konsentreer in 'n poging om Zimbabwe te dwing om sy soldate van strategiese vervoerroetes in Mosambiek te onttrek.

Chissano het aan diplomate by 'n nuwejaarsgeselligheid gesê hy is van plan om 'n beleid van "dialoog" met die Suid-Afrikaanse regering te volg om Pretoria oor te haal om die rebellebeweging te ontbind.

Mosambiek het Suid-Afrika al telkemale daarvan beskuldig dat hy nie die Nkomati-ooreenkoms, wat in 1984 deur die twee lande onderteken is, eerbiedig nie. Onder die ooreenkoms moes Suid-Afrika sy hulp aan Renamo staak, en Maputo moes ophou om die ANC te steun.

Chissano het die brutale optrede van Renamo as 'n "unieke" verskynsel beskryf en gesê dat die rebelle nog steeds "stelselmatige massamoorde koelbloedig beplan en uitvoer".

Renamo is in 1976 deur die Rhodesiese geheime diens gestig en in 1980 onder die beheer van die Suid-Afrikaanse militêre inligtingsdiens geplaas nadat Zimbabwe onafhanklik geword het.

Volgens Chissano sal Mosambiek die rebellebeweging beveg totdat dit uitgewis is, maar lede van Renamo wat hulle oorgee, sal begenadig word.

Hy het gevra dat geen veranderinge aan VVO-Resolusie 435 oor Namibiese onafhanklikheid aangebring word nie.

## Verminder

Volgens dié resolusie moet 7500 VVO-troepe toesig hou oor die onafhanklikheidsproses. Die Veiligheidsraad oorweeg dit egter nou om die getal na 3000 te verminder.

Sommige onverbonde lande is daarteen gekant uit vrees dat dit aan Pretoria die geleentheid kan gee om die verkiesing in Namibia te manipuleer.

Die Mosambiekse rebellebeweging Renamo wil nou sy aanvalle in Zimbabwe konsentreer in 'n poging om dié land te dwing om hul troepe van strategiese vervoerroetes in Mosambiek te onttrek.

Hierdie inligting is vervat in 'n berig in die jongste uitgawe van Mozambique File, 'n maandelikse publikasie van die binnelandse nuusagentskap Aim.

Volgens Aim het Chanjunja Chivaca Joao, Renamo se 25-jarige hoof van organisasie en mobilisasie vir Europa, wat hom aan die Mosambiekse owerhede oorgegee het, gesê die rebelleleiers blameer die teenwoordigheid van Zimbabwiese troepe vir hul militêre mislukkings in Mosambiek.

Joao het in 'n onderhoud gesê die rebelle het ná 'n leiersvergadering in Heidelberg, Wes-Duitsland, verlede Oktober besluit het om hul militêre strategie te verander. Hulle sal voortaan hul aanvalle in Zimbabwe verskerp.

Joao het volgens berigte gesê Renamo sal probeer om hul magte in Zimbabwe te konsentreer om Zimbabwe te dwing om hul troepe te verwyder. - AFP

# Verligtes dwarsboom eenwording

*Van Bl 1*

Malan as leier van die nuwe party voorgestel is en sterk deur PFP-leier Zach de Beer teengestaan is, het hy gesê 'n nuwe leier wat nie aan een van die bestaande drie partye gekoppel is nie, sou die beste vir die nuwe party wees.

"Indien die leierskapskwessie nie op aanvaarbare wyse opgelos kan word nie is dit 'n teken dat die partye nog nie ryp is om bymekaar te wees nie."

Die drie partyleiers in die loodsingskomitee het nogtans die week die hoop uitgespreek dat finale planne vir samesmelting tog op 12 Januarie beslag gaan kry.

Worrall het dié week gesê daar is duidelike entoesiasme vir 'n nuwe "verligte" party en die party sal so gou as moontlik gestig word om die huidige momentum te behou.

"Verskille oor leierskap is nie meer 'n probleem nie. Al vereiste is dat die nuwe party 'n eie persoonlikheid moet hê en anders moet wees as enige van die bestaande groepe."

Worrall het selfs voorspel dat die nuwe party soveel as 40 setels in 'n algemene verkiesing kan inpalm.

PFP-leier Zach de Beer het aan Vrye Weekblad gesê hy sou spyt wees indien die nuwe party nie gestig word nie.

Hy het beklemtoon dat die party 'n magsoogmerk het. "Dit sou afhang van die ondersteuning wat die party van die sogenaamde "onverbondendes" kan trek," het hy gesê.

Malan het gesê hy is steeds entoesiasties oor die geweldige potensiaal van die nuwe party. Hy was nie bereid om hom oor die leierskapskwessie uit te spreek nie.

Die leierskapskwessie sal 'n fokuspunt wees wanneer die loodsingskomitee aanstaande week vergader.

Alhoewel elk van die politieke partye ná die vorming van die loodsingskomitee in Desember teruggestuur is na hul partye om 'n mandaat oor die leierskapkwessie vóór 12 Januarie te kry, lyk dit nie of die PFP bereid is om sy eis dat De Beer die leier word, te laat vaar nie. Hulle is van mening dat die PFP met die meeste "bates" tot die nuwe party sal toetree en dus "vergoed" moet word.

Dié standpunt kry teenstand van die NDM, OP en onverbondes wat glo dat De Beer se leierskap die nuwe party na 'n "PFP met 'n facelift" sal laat lyk. Die PFP vind dit ook moeilik om Afrikanerstemme te werf.

Volgens ingeligte bronne het die PFP onderneem om voor 12 Januarie 'n nuwe mandaat oor die leierskap te kry, maar die party se federale raad vergader eers ná aanstaande week se loodsingsvergadering.


# Vrye Weekblad

**Ons steek niks weg nie**

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.
Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad vir 12 maande kry. Vir 6 maande sal dit jou R28 (AVB ingesluit) kos.
Voltooi dié vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ......................................

NAAM ..........................................................................................................

ADRES ..........................................................................................................

..........................................................................................................

Nog beter: watter wonderliker geskenk kan jy vir 'n spesiale vriend gee as 'n jaar se Vrye Weekblad in sy of haar posbus afgelewer?
Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ......................................

NAAM ..........................................................................................................

ADRES ..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

**Ons sal jou ingelig hou**


## Dié week in die nuus

### SUID-AFRIKA

**Die polisie** vind AWB-leier Eugene Terre'Blanche saam met sosiale vlinder Jani Allan by die Paardekraal-monument nadat Terre'Blanche na bewering probeer het om 'n hek met sy motor oop te stamp.

**Vier senior** AWB-leiers eis Terre'Blanche se kop, maar word deur hom uit die Grootraad geskop.

**Robin Renwick**, Brittanje se ambassadeur in Suid-Afrika, gaan vanjaar deur koningin Elizabeth tot ridder geslaan word.

**Stadsraadseiendom word** op Durbanse strande beskadig, en reddingshelikopters word op strande in Durban en Valsbaai met bottels bestook.

**Twee mense** sterf in townships by Pietermaritzburg nadat polisie op hulle losbrand.

**Die Konserwatiewe** Party raai 'n KP-raadslid van Brakpan, Billy Olivier, aan om regstappe teen Budget Rent-A-Car te doen nadat die maatskappy sy verbintenis met hom opsê.

**Suidpooldokter Fred** van der Merwe ondergaan 'n geslaagde operasie in die Boksburg/Benoni hospitaal nadat hy sy ontsteekte blindederm vier maande lank in Antartika met antibiotika gedokter het.

**Twee-en-vyftig babas** word op die eerste dag van 1989 in die Baragwanath-hospitaal in Soweto gebore.

**Dr Wimpie** de Klerk, wie se naam genoem is as moontlike leier van die nuwe party links van die regering, sê groepregte moet 'n rol speel in die beleid van so 'n party.

**Trevor Tutu**, 31-jarige seun van aartsbiskop Desmond Tutu, verskyn in die landdroshof in Kemptonpark oor beweerde aanmerkings wat hy op die lughawe Jan Smuts teenoor die polisie gemaak het.

**Zola Budd** weier eers in 'n Britse TV-onderhoud eers om haar teen apartheid uit te spreek, maar sê later in 'n persverklaring dat sy nie 'n politieke stelsel steun wat die meerderwaardigheid van een ras bo 'n ander stel nie.

### INTERNASIONAAL

**Die Kubaanse** president, Fidel Castro, sê die eerste Kubaanse troepe - 3000 -sal op 10 Januarie uit Angola onttrek.

**'n Zimbabwiese** adjunk-minister, Charles Ndlovu, verskyn in die hof op 99 aanklagte van geldverduistering.

**Lede van** die Veiligheidsraad van die VVO verskil oor die grootte van die vredesmag in Namibia. Die vyf permanente lede voel die situasie het sodanig verbeter dat die voorgestelde mag van 7500 verklein kan word. Die ses ander lede voel Suid-Afrika kan die verkiesing manipuleer as die mag verklein word.

**Eerwaarde Jesse** Jackson doen op besoek aan Nigerië 'n beroep op die verkose Amerikaanse president George Bush om Afrika te besoek en meer ontwikkelingshulp aan dié kontinent te verskaf.

**Margaret Thatcher** distansieer haar van die Amerikaanse oproep tot vergelding ná 'n bomontploffing op 'n Pan Am-vliegtuig waarin 'n groot aantal mense sterf.

**Die Sweedse** lugredery SAS ontvang 'n reeks bomdreigemente. Daar word gedreig dat SAS tweede op die lys is na Pan Am.

**Die Indiese** regering kondig aan dat hy sy vredesmagte uit Sri Lanka gaan onttrek.

**'n Woordvoerder** van die PLO kondig aan dat die Fatah-beweging 'n nuwe "populêre weermag" aan die Wesoewer en in die Gaza-strook gestig het.

**Pous Johannes** Paulus sê hy hoop 1989 sal 'n jaar van geregtigheid, solidariteit en groter respek vir die regte van etniese minderhede wees.

**Fidel Castro** vier die dertigste bewindsjaar van die Kommunistiese Party in Kuba. Volgens berigte begin die jeug in Kuba sy Marxisme bevraagteken in die lig van Sowjet-president Gorbatsjof se hervormings.

**Sewentien oorlewendes** van die aardbewing in Armenië word gevind in die puin van 'n graanfabriek in Spitak - 24 dae na die ramp. Hulle het oorleef deur graan te eet en gesmelte sneeu te drink.

**Die Sowjet-regering** gryp in om die tekort aan basiese verbruikersartikels binnelands te herstel. Beperkinge word ingestel op die uitvoer van goedere soos kaviaar en kinderskoene.

**President Ronald** Reagan gee goedkeuring aan 'n internasionale menseregte- konferensie in Moskou in 1991.

**Die Duitse** maatskappy Imhausen-Chemie ontken beweringe van die Amerikaanse regering dat hy hulp verleen het aan Libië om chemiese wapens te vervaardig.

**Twee Amerikaanse** vegvliegtuie skiet twee Libiese vegvliegtuie af oor internasionale waters in die Middellandse See.

**Die Franse** vermaaklikheidster Yves Montand word op die laaste dag van 1988 pa - op die ouderdom van 67.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# 'n Verhaal van dronkenskap en homoseksualiteit . . .

# AWB is aan flarde en al meer skandes broei uit . . .



Jacques Pauw

DIE AWB-leier, Eugene Terre'Blanche, se beweerde drankmisbruik, en verdere onthullings oor sy verhouding met Jani Allan asook oor homoseksualiteit in AWB-kringe, kan sy leierskap nog verder in die gedrang bring en dié ekstremistiese beweging verder ondermyn.

Die AWB se leierskapkrisis en Terre'Blanche se "skokkende gedrag" word binnekort op die spits gedryf wanneer die Hoofraad vergader om die ernstigste krisis in die beweging se geskiedenis te probeer besleg.

Hierdie week het getuienis na vore getree wat Terre'Blanche, wat homself al die "Moses van die Boervolk" genoem het, ontmasker as allesbehalwe die man wat in gedigte besing word as die "Volksman, Godsman, Vaderlander" wat 'n voorbeeld skep met sy "sterk beginsels, doelgerigtheid en fyn beplanning."

Die AWB, wat 'n Christelike Republikeinse Boerevolkstaat voorstaan, is tot in sy fondamente geskud toe vyf leiers wat vandeesweek na vore getree het en besluit het: tot hiertoe en nie verder nie. Daar is drank, daar is vrouens, daar is vuisgevegte.

Vrye Weekblad kan nou verder onthul:

* Dit is nie die eerste "seksskandaal" binne die AWB nie. 'n Lid van die Grootraad wat 'n permanente leierspos binne die AWB beklee het en baie nou met Terre'Blanche geassosieer is, moes in Julie verlede jaar uit die organisasie bedank weens beweerde homoseksuele gedrag.

Hy en 'n jong student, ook 'n AWB-lid, was betrokke by 'n laatnag-sekskapade ná 'n partytjie in 'n



**I'm impaled on the blue flames of his blowtorch eyes — Jani Allan**

Pretoriase woonstel om die vyftiende verjaardag van die stigting van die AWB te vier.

Vier skote is geskiet. Hierna het die student met net 'n handdoek om sy lyf by die woonstel uitgehardloop en beweer dat hy seksueel aangerand is. Die Grootraadlid het ook uit die woonstel padgegee en moes vir 'n ruk naak in die tuin skuil.

Klagtes is by die polisie teen die Grootraadlid gelê. 'n Yslike skandaal is op die nippertjie afgeweer toe die ouers van die student ingewillig het om die klagte terug te trek in ruil vir die Grootraadlid se bedanking. Die ouers is ook AWB-lede.

* 'n Johannesburgse joernalis het vandeesweek vertel van verskeie ontmoetings wat hy met Terre'Blanche gehad het waartydens die AWB-leier tydens middagetes sigbaar te veel gedrink het.

In AWB-kringe self is daar kommer oor Terre'Blanche se "buitensporige" drankgebruik. Oud-stoeier Manie Maritz, wat eens geglo het dat God self vir Terre'Blanche gestuur het om die Boerevolk die beloofde land in te lei, het sy hoofleier daarvan beskuldig dat hy die AWB in die verleentheid stel met sy drinkgewoontes en flankeerdery met vroue.

Daar het selfs by geleentheid vuisgevegte tussen Terre'Blanche en senior AWB-lede uitgebreek waarby van die mans se vroue betrokke was. Terre'Blanche is in een van hierdie gevegte só gekamuffel dat hy nie as spreker by beplande vergaderings kon optree nie.

Hy het al selfs by geleentheid besope by 'n vergadering aangekom wat hy moes toespreek, word nou beweer.

* 'n Bron wat goed bekend is met Jani Allan vertel dat Terre'Blanche by meer as een geleentheid vir haar by haar meenthuis - The Courtyard in Stellastraat, Sandton - gaan kuier het. Hy was soms vergesel van ander AWB-lede. Hy het haar ook gereeld daar gebel.

Tydens een van hierdie kuiertjies het "een van Terre'Blanche se manne" by 'n vriendin van Allan in die bed probeer klim.

Die twee het mekaar gewoonlik op 'n afgespreekte plek op die hoofweg ontmoet en wel alleen saamgeëet, ondanks Terre'Blanche se ontkenning hiervan. Van dié ontmoetinge het tot na middernag geduur, het een restaurantbestuurder gesê.

Johannesburgse joernaliste weet lank reeds van die verhouding tussen Terre'Blanche en Allan wat ontstaan nadat sy in Januarie verlede jaar in haar rubriek, Face to Face with Jani Allan, hom só beskryf het:

"Look, the man's no mimsy. To be honest, he's a hunk. Far more attractive face to face than his telegenic image.

"It's a rich, earth-brown voice. Sometimes it has the loomy texture of a newly-ploughed mealiefield. Sometimes it's a caress of worn corduroy.

"I'm impaled on the blue flames of his blowtorch eyes, you see."

Hierna het die wonderbaarlike deure vir Allan by die AWB oopgegaan. So byvoorbeeld het sy verlede jaar die eksklusiewe storie oor die aard en opleiding van Aquila, Terre'Blanche se persoonlike lyfwag, geskryf.

Huisgenoot het sowat 'n week voor Jani se onthulling vir PW Bingle, gewese publisiteitshoof van die AWB, gebel en gevra om 'n soortgelyke storie te doen. Bingle het dit afgekeur, maar die tydskrif verseker dat geen ander koerant of tydskrif ooit toegelaat sal word om iets oor Aquila te skryf nie.

Na die Wit Wolf se slagting by Strijdomplein in Pretoria aan die einde van verlede jaar, was dit weer eens Allan wat eksklusief met Terre'Blanche gepraat het oor die AWB se verbintenis met die Wit Wolwe.

Ná haar berig oor die regses se Groot Trek-fees by Donkerhoek in Desember, waar sy geskryf het van "siekes en swakkes" wat Terre'Blanche seën en jong meisies wat in sy teenwoordigheid bloos, het Beeld in 'n rubriek opgemerk:

**Eers het ek geglo Eugene Terre'blanche is deur God gestuur om leier van die AWB te wees — Manie Maritz**

"...Terre'Blanche kry darem genoeg publisiteit van 'n sekere skryfster van 'n Engelse koerant."

Die skemeruur-gerondrits by die historiese en amper-heilige Paardekraal-monument buite Krugersdorp het die skandaal oopgeruk.

Terre'Blanche en Allan se verweer dat hul eintlik by Paardekraal was om 'n Portugese televisiespan te ontmoet, is met 'n knippie sout gesluk nadat dit bekend geword het dat nòg die Buro vir Inligting nòg enigiemand anders iets weet van so 'n televisiespan.

Vrye Weekblad verneem dat Krugersdorp se senior staatsaanklaer oor die kriminele vervolging van Terre'Blanche sal besluit sodra toetse by die polisie se forensiese laboratorium afgehandel is.

Die polisie doen toetse om vas te stel of die verf wat aan die hek gekry is, afkomstig is van Terre'Blanche se motor. Terre'Blanche beweer dat die hek met net 'n stukkie draad toegemaak was.

Die hoofleier het hom vasgeloop teen 'n oud-stoeier wat so "bedonnerd soos draad" is.

Dit is lank reeds bekend dat Manie Maritz ernstige probleme met Terre'Blanche se leierskap het. Dit is duidelik dat daar nie in die AWB plek is vir beide Terre'Blanche en Maritz nie. Maritz verteenwoordig glo die "regses" binne die AWB. Daar is lankal reeds gevoel dat Terre'Blanche afwyk van die oorspronklike rigting van die beweging en te veel van 'n outokraat is.

Terre'Blanche het talle fanatiese volgelinge in die AWB.

In hul program van beginsels is daar 'n gedig oor die hoofleier. Dit lui onder meer:

"Sy rotsvaste geloof in sy Skepper en Saligmaker is vir ons 'n voorbeeld
Sy sterk beginsels, doelgerigtheid en fyn beplanning skep vertroue
Sy roepingsbewustheid en koersvaste leiding gee vir ons sekerheid
Sy ongereserveerde selfopoffering laat ons verleë
En sy menslikheid maak ons nederig
Hy is 'n seun van die veld wat 'n ark moet bou
Hy is die kind van ware Afrikaner-nasionalisme
Hy is Godsman, Volksman, Vaderlander
Hy is die Boerseun met 'n roeping..."

Die AWB se Calvinistiese beskouing en Christelikheid is veronderstel om die hoeksteen van die beweging te wees.

So byvoorbeeld is daar nie plek vir Jode of "heidene" in die begeerde boerevolkstaat nie.

In die AWB se program van beginsels staan: "Die Protestantse geloof en die Christelik-nasionale lewensbeskouing wat daaruit voortgekom het, bepaal die ontwikkeling van die volkslewe op alle lewensgebiede."

In nog 'n dokument, "Die Christengesin", word ouers gewaarsku: "Drankmisbruik, misdaad, geweld, egskeidings, ensovoorts, vier hoogty. Die tragiese slagoffers is ons kinders wat in onrusbarende getalle wees is...as gevolg van buite-egtelike verhoudings, egskeidings, verlatings, mishandeling..."

"Die geestelike, die verstandelike, die innerlike weefsel van 'n volk word deur die gesinslewe bepaal. Getrouheid bly 'n onafskeidbare deel van die liefde."

Na verwagting sal Terre'Blanche die aanslag teen hom oorleef omdat dit ingevolge die grondwet van die AWB baie moeilik is om die hoofleier uit sy amp te ontslaan. Maar dit kan die beweging duur te staan kom.

Net die Hoofraad kan met 'n tweederde meerderheid van Terre'Blanche ontslae raak. Die hoofleier het egter 'n vetostem binne die Hoofraad, waarteen by die Uitvoerende Raad geappelleer moet word. Die hoofleier self stel egter die lede op die Uitvoerende Raad aan.

Die "vier rebelle" - Maritz, Jan Groenewald, Alkmaar Swart en Chris Jooste - het reeds te kenne gegee dat hulle "ander optrede" sal oorweeg om hul strewe van 'n boerevolkstaat te verwesenlik.

Waar daar nog twee jaar gelede nog redelike eenheid onder ver-regses was, het iemand soos Robert van Tonder ook 'n ruk gelede uit die AWB weggebreek en die Boere-Volkstaatparty gestig.

Hy was ontevrede oor die feit dat Terre'Blanche nie meer aktief in die partypolitiek betrokke wou raak nie.

En skielik is daar nog boonop onsekerheid wie nou eintlik AWB-lede is of nie en wie namens die organisasie mag praat.

Dries Alberts voer aan hy is hoof van inligting en reklame, terwyl Chris Beyers, wat persskakelbeampte is,

**Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel (Hebreërs 13:4) — uit amptelike AWB-dokument oor 'Die Christengesin'**

sê Alberts is al lankal nie meer lid van die AWB nie.

Martie Hertzog, weduwee van dr Albert wat in die AWB se program van beginsels as lid van die grootraad aangegee word, distansieer haar ook van die AWB en sê sy was eintlik nog nooit lid nie. Sy was net betrokke in 'n "raadgewende hoedanigheid".

## Haar land waar die verlange brand...

"Naby ou Swartkop lê 'n paar morge
Waar tarentale holte skrop, sonder skrik of sorge
'n Stukkie land en 'n stukkie vlei,
'n ou voor en 'n enkel kweperboom waar tintinkies in bly,
'n Paar bont bees wat loom in vleigras wei -
Dit is die plekkie waar my hart altyd agterbly.
'n Eindelose wye land met vlaktes, bos en berge,
'n hartseer land, droef en droog deur die son verbrand
Dit is haar land waar die verlange altyd brand"
- Eugene Ney Terre'Blanche

# Plaaswerkers 'skandalig behandel'

Anton Steenkamp

DIE hele arbeidsopset in Suid-Afrika misken die menseregte van plaaswerkers, sê Brian Currin, nasionale voorsitter van Regshui vir Menseregte.

Hulle het geen bedingingsmag deur vakbonde nie, en omtrent geen wetlike beskerming nie. Dit beteken dat 'n plaaswerker op die gemenereg moet staatmaak en 'n geskil met sy werkgewer net in die Hooggeregshof kan besleg - wat plaaswerkers hoegenaamd nie kan bekostig nie.

Omdat hy nie deur arbeidswetgewing beskerm word nie, kan hy hom nie op die Nywerheidshof beroep nie.

Die sekuriteit van 'n plaaswerker se gesin is afhanklik van sy werk. As hy in die pad gesteek word, kan dit beteken dat ook sy ouers, vrou en kinders sonder 'n blyplek sit, sê Currin.

Lae lone, haglike lewensomstandighede, onbillike ontslag en onwettige praktyke soos die dopstelsel is op sommige plase nog aan die orde van die dag, terwyl werkers meesal nie bewus is van die beskerming waarop hulle geregtig is nie.

Volgens Francis Wilson, ekonoom wat die Tweede Carnegie-ondersoek na Landelike Armoede en Ontwikkeling gelei het, word plaaswerkers skandalig behandel. "Hulle is hulpeloos teen uitbuiting deur hul werkgewers."

Die Nasionale Mannekragkommissie het in 1984 'n ondersoek na die werksomstandighede van plaas- en huiswerkers voltooi. Die bevindings van die Kommissie is nooit bekend gemaak nie.

Wetgewing wat industriële werkers beskerm, is oor die algemeen nie op plaaswerkers van toepassing nie. Plaaswerkers kan hul wel beroep op die Ongevallewet en die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid waar hulle "in die loop van hul diens" met masjinerie te doen het.

Hulle word egter uitgesluit van die bepalings van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, die Loonwet, die Ongevalleversekeringswet en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

Plaaswerkers is hoofsaaklik aangewese op die bepalings van individuele dienskontrakte met die boer. Uitdruklike kontrakbepalinge word selde beding, en 'n geskrewe kontrak is die uitsondering.

Alhoewel die partye gewoonlik ooreenkom oor basiese diensvoorwaardes soos lone, werksure en behuising is min werkers bewus van hul ongeskrewe regte.

Selfs 'n mondelinge dienskontrak kan net summier beëindig word as een van die partye wesenlike kontrakbreuk pleeg. Dit is byvoorbeeld die geval waar die werker hom of haar ernstig wangedra of geheel en al onbevoeg is.

'n Werker kan normaalweg nie ontslaan word sonder redelike kennisgewing nie. 'n Werker wat weekliks betaal word, is volgens die gemenereg geregtig op een week kennisgewing voor ontslag. Hy of sy kan ook een week se lone pleks van 'n week se kennisgewing aanvaar.

Ongeag wat in die dienskontrak beding is, rus daar geen verpligting op die boer om vir oortyd te betaal nie. Die werker is ook nie geregtig op openbare vakansiedae, betaalde verlof, kraamverlof of siekteverlof nie.

Een van die redes vir plaaswerkers se gebrek aan bedingingsmag is dat vakbonde tot dusver baie min gedoen het om op hierdie vlak te organiseer. Die uitsluiting van plaaswerkers uit die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge verbied nie die vorming van vakbonde op plase nie, maar maak dit onmoontlik om so 'n vakbond te registreer.

Die Food and Allied Workers Union (Fawu), 'n lid van Cosatu, probeer wel om plaaswerkers te organiseer. Dit word egter bemoeilik deur teenstand van boere, wat vakbondlede maklik kan ontslaan, en die bepalings van die Wet op Oproerige Byeenkomste, die Wet op Binnelandse Veiligheid, die Intimidasiewet, die Noodmaatreëls en die Betredingswet.

Op die oomblik is slegs sowat 20 000 van die 860 000 plaaswerkers in Suid-Afrika vakbondlede.

Volgens 'n Kaapse woordvoerder van Fawu is sommige boere baie tegemoetkomend teenoor die vakbond. Aangesien die plaaswerkersprojek nog in sy kinderskoene is, is dit moeilik om nou al te bepaal hoe suksesvol plaaswerkers georganiseer kan word en of die algemene teenstand van boere sal afneem.

Organisasies soos die Landelike Stigting probeer om die lewens- en werksomstandighede van plaaswerkers te verbeter, maar hulle moet eers die boer se toestemming kry om op 'n plaas te werk. Sommige werkers voel ook dat die stigting paternalisties te werk gaan.

Die werk- en leefomstandighede van plaaswerkers hang van individuele werkgewers af. Sommige boere is gretig om die verhouding met hul werkers te verbeter, en veral in Wes-Kaapland het boere soos Jan Boland Coetzee jare gelede projekte begin wat ongehoord was.

Werkerskomitees wat namens die werkers met hul werkgewer onderhandel en die boerdery help beplan, is op sommige plase met die steun van die boer gestig.

Alles hang egter af van die goeie trou van die boer. Vir werkers met 'n onsimpatieke werkgewer is daar baie min troos in die Wet.



Plaaswerkers het so te sê geen regte nie

## Boek oor plaaswerkers se min regte

Anton Steenkamp

PLAASWERKERS ken dikwels nie hul regte nie. 'n Boek wat die regte op 'n eenvoudige manier uiteensit, was lankal nodig.

"Your Guide to Farm Workers and the Law", uitgegee deur die Rural Legal Services Project (Kaapstad, 1988), bespreek plaaswerkers se regte in eenvoudige Engels. Dit is gemik op werkers self, en op advieskantoorbeamptes, vakbondorganiseerders, kerkleiers en ander mense wat plaaswerkers met hul regsprobleme help.

Die boek bespreek kortliks die verskille in die wetlike beskerming vir fabriekswerkers aan die een kant en plaaswerkers aan die ander kant. Plaaswerkers kan hulle op min arbeidswette beroep.

Die regsposisie van werker en werkgewer onder die gemenereg word dan vollediger bespreek. Die skrywers gebruik nuttige alledaagse voorbeelde waarmee plaaswerkers bekend is.

Veral die hoofstukke oor die dienskontrak en oor gesondheid en veiligheid is nuttig. 'n Standaardkontrak, spesifiek vir plaaswerkers, word selfs aan die hand gedoen.

Die skrywers beklemtoon dat werkers nie net individueel op die Reg moet staatmaak nie, maar ook moet organiseer. Die adresse en telefoonnommers van vakbonde wat plaaswerkers organiseer, soos die Food and Allied Workers Union (Fawu) en die National Union of Farmworkers (NUF), word agter in die boekie verskaf.

Ander nuttige adresse, soos advieskantore, regsklinieke en gemeenskapsdienskomitees kan ook nageslaan word.

Hoewel die regsposisie van plaaswerkers 'n moeilike onderwerp is, slaag die skrywers daarin om dit op 'n eenvoudige en redelik beknopte wyse uiteen te sit.

Die Engels in die boekie behoort selfs verstaanbaar te wees vir iemand wat dié taal nie goed magtig is nie. Tegniese en ander "moeilike" woorde word in 'n indeks verduidelik.

'n Punt van kritiek is dat die boek net in Engels verkrygbaar is. Toegegee, dit sal moeilik wees om die boek in agt verskillende tale uit te gee. Advieskantoorwerkers en vakbondwerkers kan in elk geval die inhoud aan werkers verduidelik.

Een van die skrywers, Dawie Bosch, sê die skrywers beplan om die onderafdelings van die boek mettertyd in afsonderlike dele in verskeie tale uit te gee.

## 'Outies' van alle kleure kuier saam



'Outies' van alle kleure het in die Kerstyd 'n feesmaal geniet.

Peter Kenny

SUID-AFRIKA se miljoene inwoners kan tog iets by sy boemelaars, leeglêers en werkloses leer. Hierdie mense, sommer kortweg die "outies" van ons gemeenskap, ken g'n iets soos rassisme of apartheid nie.

Die outies, ongeag ras of kleur, leef saam, eet saam en drink veral saam. Oorlewing is verhewe bo velkleur.

Niks het hierdie lewenswaarheid beter illustreer nie as toe Johannesburg se burgemeester, David Neppe, 'n "tuinparty" vir die stad se "outies" in die feestyd aangebied het.

En daar het die "outies" toe in Joubertpark midde-in een van Johannesburg se digbewoonste woonstelgebiede saamgetrek - bruin, wit en swart wat saam aan die Raad se snoeperye smul.

'n Bruin "outie", haar gesig dik geswel van al die drank en waggelend op haar voete, het dit só opgesom: "Ek is gebore op dieselfde dag as Liewe Jesus en dit is hoekom ek vir almal hier so lief is."

Sowat 'n tiende van Johannesburg se 3 000 "outies" het vir die middagete opgedaag, na die burgemeester Neppe se verwelkoming geluister, in die kosry ingeval en aan die hoender, vleis, wors en slaairolletjies gesmul.

Die "tuinparty" was net so gemeng soos die woonstelblokke rondom hulle. Selfs die paar transvestiete wat aanvanklik by die party rondgehang het, was welkom om die by die "outies" aan te sluit.

Die party het klaarblyklik soveel indruk gemaak op Hein Joubert, die plaaslike raadslid van die Nasionale Party, dat hy na die tyd gesê het: "Integrasie is 'n voldonge feit in hierdie stad. As ek ooit tot burgemeester verkies word, sal ek gewis 'n soortgelyke party aanbied."

Neppe, 'n onafhanklike burgemeester, het oor die natuurlike integrasie onder hulle wat niks het nie, gesê: "As die 'normale' gemeenskap maar net hierdie les by die 'outies' kan leer, sal daar dramatiese vooruitgang in Suid-Afrika wees."

Daar was alle soorte by die party: die "wino's" wat teen middagete al papdronk was, gebreklikes op krukke wat nie werk kan kry nie en eensekonomies aktiewes wat deur omstandighede tot die geledere van die "outies" gedwing is.

Een van die "outies" wou van Neppe se sekretaris weet: "Is die man met die goue ketting om sy nek dan die Staatspresident?"

'n Ander op krukke het na die burgemeester gestrompel en gesê: "Ek wil nie eet nie. Ek wil klere hê."

Veiligheidswagte het vinnig nader gestaan, want net 'n week tevore het 'n "outie" na Neppe geslaan terwyl hy die "outie"-gemeenskap besoek het. Drie jong, sterk werklose blanke mans van Kaapland het gesê hulle het die middagete geniet, maar gemeen dit sal veel beter wees as die burgemeester vir die "outies" klere en blyplek kan kry.

"Dit is nog baie moeiliker vir swartmense," het hul met opregte besorgdheid bygevoeg. - AFP

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

**Asst. Academic Planning Officer**

Applications are invited for the above post which will be vacated by 1 February 1989. This challenging position, one of two assistant posts, involves all aspects of the academic planning process.

The post offers considerable scope for initiative and would suit a highly motivated university graduate with an interest in academic activities and university education. The major responsibility is support work for senior committees considering the crucial academic policy issues facing UCT as it responds creatively to the challenges and opportunities of a changing South Africa. An analytical ability, strong written communication skills and a reasonable level of numeracy are essential.

Appointment will be made on the appropriate administrative pay scale, depending on qualifications and experience. The salary is R1 468-R2 404 per month with attractive staff benefits.

Applicants should submit a full curriculum vitae and the names and addresses of two referees not later than 20 January 1989 to the Registrar (Attention: Academic Planning Officer), University of Cape Town, Rondebosch, 7700, from whom an information sheet giving further details should be obtained.

Applicants are considered irrespective of gender, race or creed.

Bates Wells Recruitment CT 704R

# Kan ons hier instap - of nie?

**Sylvia Vollenhoven, 'n senior swart joernalis, skryf oor haar ondervindinge tydens 'n reis saam met vriende deur die konserwatiewe platteland.**

IN hotel in Bloemfontein het ons geleer wat 'n egte Vrystaatse "gasvryheid" is, en in 'n kroeg in Noupoort in die Karoo het die aanvanklike ongemaklikheid gaandeweg ontdooi sodat ek en my vriende amper tuis gevoel het.

Om rus-rus deur die platteland te ry is nie in my aard nie - ek wil so gou as moontlik kom waar ek wil wees. Tog het ek en twee kollegas onlangs luilekker van Johannesburg af Kaapstad toe gery.

Vir die meeste Suid-Afrikaners wat verwag dat vriende minstens dieselfde kleur moet wees, was ons 'n interessante groepie: Tonje, 'n Noorweegse joernalis met 'n uitbundige geaardheid; Walter, 'n fotograaf van Soweto, stil en ongeërg; en ek en my seuntjie Ryan.

Voor ons Johannesburg verlaat het, het ek al klaar vermoed daar kom moeilikheid op die lang pad. Ek het die Automobiel-Assosiasie gebel oor roetes en hulp gevra met hotelbesprekings.

"Waar wil julle oorbly?" vra die dame.

Ek sê êrens naby Colesberg, Middelburg of Noupoort.

Onmiddellik sê sy sy kan nie vir swartmense besprekings in klein dorpies doen nie. Die hotelle kan ons wegwys en dalk wil ons dan van die AA vergoeding eis.

Dit was die eerste en seker die laaste keer dat ek my AA-lidmaatskap se voordele wou benut.

Teen die einde van die dag, en sonder die AA se hulp, kom ons in Bloemfontein aan. Walter sê sarkasties daar staan swartmense in die voorportaal van 'n hotel waar ons pas verby gery het. "Dis seker veilig om in te gaan."

In dié hotel se Domino-restaurant bied 'n vriendelike jong man ons 'n tafel aan. Skertsend sê ek hy moet maar die spyskaart 'n rukkie los en drie biere bring. Van agter uit die restaurant skreeu 'n vrou dat die kroeg toe is.

"Maar dis nou eers elfuur," sê ek vasberade. "Ek sal sien wat ek kan doen," sê die kelner uiteindelik en die vrou bly stil.

Eugene Bezuidenhout, die kelner, bring die biere en hy neem ons kosbestelling. Die vrou lyk woedend en binne 'n kort rukkie staan sy oor ons tafel.

"Ons maak twaalfuur toe, kan julle asseblief gou betaal," sê sy.

Ek sê ons sal betaal wanneer ons die kos gesien het. Sy waarsku my om nie aggressief met haar te raak nie.

Eugene kom later terug en sê in 'n benoude stem dat sy swanger is. Die kos is smaakloos, droog en duur.

"Ry maar aan," sê Tonje. "Daar lê seker nog veel erger voor."

Die volgende middag kom ons by Noupoort aan. In die middel van die dorp staan die Imperial Hotel - klein, verlate en definitief "slegs vir blankes". 'n Wit bord sê so in groot swart letters.

Ek het vooruit gebel en die kamers bespreek in my beste Afrikaans. Nêrens op die platteland - en in bra min stede - verwag mens dat iemand met 'n van soos myne en wat Afrikaans kan praat enigiets anders as spierwit kan wees nie.

By die Imperial stuur ons Tonje skelmpies in om te vra of ons kamers nog beskikbaar is.

Sy is hartlik verwelkom en die volgende oomblik loop sy met die res van ons in by die Imperial se kroeg.

Noupoort is seker gewoonweg 'n stil plek maar op hierdie oomblik is die "slegs blankes"-kroeg van die Imperial so tjoepstil soos 'n middernagtelike begraafplaas.

My hart fladder angstig in my bors. Ons is warm en moeg en enige oomblik kan ons hier uitgefoeter word. Voor enigiemand kan praat vra ek vir die kroegman of ons ete kan bestel.

"Dis net bed en breakfast hier," sê hy gou.

Ek gaan sit vol skynvertroue op 'n stoel en bestel drie biere pleks van die ete. Toe Eddie, die kroegman, begin skink gaan die snoekerspel agter ons weer aan, maar die stilte is tasbaar.

'n Rukkie later probeer Tonje die ys breek en plaas geld op die tafel om by die volgende snoekerspel aan te sluit. Sy en Walter speel teen twee Noupoorters, en hulle wen.

Walter koop vir die hele kroeg 'n rondte drankies. Nou praat mense darem weer en party lag selfs 'n bietjie.

Toe ek dink die ergste is verby, speel Tonje 'n onnosele skoot. Sy gooi haar arms om Walter en sê grappig: "Moet my asseblief nie skei nie."

Walter tree instinktief agteruit, ek wil nie opkyk nie en die ouens in die kroeg sit al weer vasgevang in hul bevrore posisies - soos soutpilare.

Verbasend genoeg ontspan hulle gou weer daarna.

Teen die einde van die middag is daar net een ou oor. Ek is effe bekommerd oor hom. Met 'n Andy Capp-pet laag oor sy voorkop het hy die hele middag in die enigste leunstoel in die kroeg gesit sonder om sy mond oop te maak.

Hy het 'n pakkie Paul Revere-sigarette in sy een hand gehou en met dieselfde hand die een sigaret na die ander gerook. Dit het heel middag gelyk of hy skielik kon opspring, sy stoel omgooi en ons oor ons vermetelheid kon aanval.

Net voor ons loop staan staan hy op en stap tot waar ek en my seun snoeker speel. Ek hou my snoekerstok styf vas, reg vir wat ook al kan gebeur. Maar hy begin kalm vir Ryan verduidelik hoe hy die bal moet skiet.

Ryan verstaan nie 'n woord nie omdat hy nie Afrikaans kan praat nie. Toe die Paul Revere-roker met Ryan se les klaar is, stap hy heel gemaklik na my toe en vertel my een en ander oor sy agtergrond.

Miskien was ek al die jare verkeerd oor die platteland. In elk geval, ek dink ek gaan terug Karoo toe om 'n nuwe gids vir die AA te skryf.



**Eddie de Jager in 'n kroeg op Noupoort.**
**Foto: Walter Dhladhla**

## Toe ons instap is die Imperial se slegs blankes-kroeg so tjoepstil soos 'n begraafplaas

# Brigadier verdink van swartsmeerdery

**Jacques Pauw**

'N BRIGADIER in die SA Polisie word daarvan verdink dat hy probeer het om die Konserwatiewe Party en een van sy kandidate in verlede jaar se munisipale verkiesing verdag te maak deur hoogs vertroulike dokumente aan 'n Sondagkoerant uit te lek.

'n Brief is aan genl Hennie de Witt, Kommissaris van Polisie, geskryf waarin dié bewerings oor die hoë offisier gemaak word.

Die drama speel af rondom Louis Meynhardt, nou onverbonde stadraadslid vir Wyk 1 in Akasia naby Pretoria, wat verlede jaar deur 'n vrou op sy verkiesingsplakkate geëien is as die pa van haar ongehude kind.

'n Voorbladstorie in die Sunday Times oor sy ongehude kind en sy lang misdaadrekord het nou gelei tot 'n polisie-ondersoek teen die betrokke verslaggewer, die brief aan De Witt, en oor en weer beskuldigings tussen Meynhardt en 'n gesiene lid van die Nasionale Party en gewese burgemeester van Akasia, Frank van der Tas.

Meynhardt beweer dat die polisie die Sunday Times gebruik het om hom en die Konserwatiewe Party in die verleentheid te probeer stel. 'n Stel SAP 69's, die dokumente waarop 'n persoon se vorige kriminele veroordelings uiteengesit word, is glo deur 'n brigadier aan die verslaggewer, Eddie Botha, se tussenganger gegee.

SAP 69's is moeilik bekombare en hoogs vertroulike dokumente. Dit word gehou by die SA Kriminele Buro in Pretoria.

Meynhardt het kort voor die verkiesing uit die Konserwatiewe Party bedank ná vrae of hy ooit diensplig gedoen het, sy persoonlike lewe, sy diensrekord by verskeie werkgewers, en sy beweerde lang lys vam kriminele oortredings.

"'n Brigadier in die polisie is hierby betrokke. Dit is die vieslikste swartsmeerdery wat ek in my hele lewe gesien het," sê Meynhardt.

Van der Tas is ook nou by die drama bygesleep na bewerings dat hy dalk iets met die saak te doen kan hê.

Gevra of hy meen Van der Tass is betrokke, het Meynhardt gesê: "Man, die man het mos glo vriende in hoë posisies. Hy het voor die verkiesing geen geheim daarvan gemaak dat hy my gaan bykom nie. Hy het gesê hy kan dinge baie onaangenaam vir my maak."

'n Woedende Van der Tas het so gereageer: "Ek weet niks daarvan nie. Die man weet nie waarvan hy praat nie. Ek daag hom uit om hierdie dinge vir my in die openbaar te sê. Toe hy my in die verkiesing teengestaan het, moes hy bewus gewees het van die gevolge as sy verlede sou uitlek."

Van der Tas moes hom aan die verkiesing onttrek nadat Meynhardt 'n dringende aansoek teen sy kandidatuur ingebring het omdat Van der Tas in sowel Akasia as Pretoria as kieser geregistreer was. Meynhardt het ook kriminele klagtes oor verkiesingsbedrog teen Van der Tas aanhangig gemaak.

Meynhardt is toe onbestrede as stadsraadslid verkies, ondanks die bewerings en onthullings oor sy persoonlike lewe.

Botha het na bewering afskrifte van die SAP 69's in sy besit. Nou beweer Meynhardt dat dele van daardie SAP 69's vervals is en alles nie waar is nie.

'n Polisie-offisier het glo reeds na aanleiding van Meynhardt se klagtes vir Botha gekontak om te probeer uitvind waar die dokumente vandaan kom. Botha weier om te sê waar hy aan die dokumente kom.

Die moontlikheid is al geopper dat Botha ingevolge artikel 205 van die Strafproseswet gedwing kan word om sy bron te openbaar sou dit onwettig wees om SAP 69's in jou besit te hê.

"Baie mense wil hê ek moet die saak nou maar laat vaar, maar ek sal tot aan die bittereinde daarmee volhou. Die waarheid is hier bitterlik verdraai om my en die KP by te kom.

"Sekere dele van die SAP 96's wat Botha het, is waar, maar ander dele is onwaar," sê Meynhardt.

Meynhardt moes reeds in die onderhoudhof verskyn nadat 'n vrou van Gezina in Pretoria beweer het hy is die pa van haar vyftienjarige dogter. Die vrou het gesê sy het Meynhardt ontmoet toe sy sewentien jaar oud was. Sy het kort daarna swanger geword.

Die vrou het hom twaalf jaar gelede laas gesien en in al die jare nooit onderhoud ontvang nie. Sy het hom op sy verkiesingsplakkate herken.

# Almal is bang vir SAP se 'groenvlieë'

Jacques Pauw

"HULLE is die honde van die Suid-Afrikaanse Polisie; hulle doen die jagwerk en snuffel rond."

Dít is hoe 'n inwoner van 'n Oos-Kaapse township die "kitskonstabels" en minisipale polisie beskryf. Hulle is wat die inwoners "groenvlieë" noem: 'n nuwe veiligheidsmag in groen uniforms wat besig is om 'n skrikbewind in townships dwarsoor Suid-Afrika te voer.

Kitskonstabels en die munisipale polisiemag opereer die afgelope twee jaar onder 'n donker kombers. Al wat kort-kort na vore gekom het, was hofsake waarin hul geweld teen die gemeenskap uitgespel is. In die townships self was daar talle verslae van wreedhede.

Nou het daar vir die eerste keer 'n boek oor die kitskonstabels en munisipale polisie verskyn. Die boek, "Now Everyone is Afraid", is geskryf onder die vaandel van die Catholic Institute for International Relations.

Die boek ontleed en ontmasker hierdie nuwe polisiemag, wie se lede deel is van die swart gemeenskap waarbinne hulle woon en werk. Die boek is saamgestel uit hoofsaaklik hofsake, verklarings van inwoners en verslae van veldwerkers.

"Pantserkarre, traangas en swaargewapende polisiemanne het uit baie townships verdwyn. Die nuwe polisiemag het hulle vervang. Aktiviste, veldwerkers en menseregteprokureurs beweer dat die kitskonstabels en munisipale polisiemanne 'n brutale nuwe terreurbewind in die townships ontketen het," sê die boek.

Die boek is vol voorbeelde van die wreedheid van die kitskonstabels: onskuldige inwoners wat gemartel word, kinders wat dit nie langer op straat kan waag nie en mense wat doodgeskiet word.

Byvoorbeeld: "...ek is in 'n gebou ingeneem waar ek op my maag moes lê. Drie kitskonstabels het ysterstawe rondgeswaai en my op my rug geslaan. Nog een het my aan my nek gegryp en begin verwurg. Ek het my bewussyn verloor. Toe ek wakker word, het ek onder 'n lopende kraan gelê. Ek is ook met sigarette gebrand."

Die kitskonstabels en munisipale polisiemag het ontstaan uit die onluste van 1984 wat swart stadsrade uiteindelik vernietig het. Nadat die noodtoestand in Junie 1986 afgekondig is, is 16 000 kitskonstabels aangestel om die SA Polisie by te staan.

"Die halfopgeleide polisiemanne het van die begin af onnodige geweld gebruik. Hul brutaliteit het 'n atmosfeer van vrees geskep in 'n poging om die hele gemeenskap te intimideer. Hulle het geen respek vir die reg nie.

"Die nuwe polisiemag sal nooit in hul eie gemeenskappe aanvaar word nie en soos die minagting teen hul groei, neem hul wreedhede toe," sê die boek.

Kitskonstabels is tweedeklas-lede van die SA Polisie. Hul word nie as volle lede van die SAP erken nie en word byvoorbeeld maklik ontslaan. Hul verdien 'n salaris van sowat R400 per maand.

Lede het geen opvoedkundige kwalifikasies nodig nie. Baie van hulle is ongeletterd. Hul opleiding duur net ses weke. Hulle het dieselfde magte as gewone polisiemanne en kan mense byvoorbeeld aanhou.

Hulle word in al die gewone polisiewapens opgelei en word gewoonlik met haelgewere bewapen.

Munisipale polisiemanne is nie lede van die SAP nie.

Hulle werk vir swart stadsrade, maar word deur die SAP opgelei en het breë polisiemagte. Hul opleiding duur drie maande en hulle word met vuurwapens toegerus.

Kitskonstabels word beskou as die "bobbies on the beat" in die townships. Amptelik bestaan hulle weens die tekort aan polisiemanne en omdat dit moeilik is om townships in tye van onrus te patrolleer. Om die kitskonstabels met gewone polisie te vervang, sal drie keer meer kos.

Kitskonstabels word dikwels uit die geledere van werkloses gewerf. Werkloosheid is in sommige gebiede so hoog as 60 persent. Mense wat wel werk het, verdien dikwels so min as R100 per maand. Die salaris van R400 is moeilik om te weerstaan.

"Hulle word gereeld beskuldig van aanhouding, wreedheid en marteling van mense. Hulle het baie mense doodgemaak wat niks met onluste of misdaad te doen gehad het nie.

"In sommige gevalle het hulle mekaar of familielede van mekaar geskiet. Die mees algemene klagte teen hulle is dat hulle gedurig dronk op diens is."

Honderde siviele en strafsake is al teen kitskonstabels en die munisipale polisie ingedien. In 'n vraag in die Parlement oor hoeveel kitskonstabels al aangekla is, het Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, gesê "verskeie op 'n verskeidenheid aanklagte".

In Port Elizabeth is 'n enkele prokureursfirma met meer as 50 sake teen munisipale polisiemanne besig. Vier gemeenskappe in die Kaapprovinsie het al suksesvol interdikte teen kitskonstabels aangevra.

In 'n enkele township, Duncan Villiage, het 63 van die inwoners klagtes teen die munisipale polisie ingedien.

'n Opname wat onder inwoners van Oudtshoorn gedoen is, wys dat 80 persent van die inwoners sterk teen die kitskonstabels gekant is.

"In baie gebiede word hulle verag en deur hul eie gemeenskap geïsoleer. Ten spyte daarvan word hulle gevrees, want weens hul wetlike status is niemand veilig teen hul brutaliteit nie."

Nogtans is hulle self die skyf van aanvalle. Van alle lede van die veiligheidsmagte wat verlede jaar in townships doodgemaak is, was die meerderheid kitskonstabels en munisipale polisiemanne.

In 1987 was daar meer as 750 aanvalle teen die veiligheidsmagte. Tussen 1986 en 1987 is meer as 1 000 huise van swart polisiemanne aangeval.

Ondanks die kitskonstabels en munisipale polisie se ongewildheid, het Vlok onlangs in 'n hofsaak gesê hul vervul 'n bruikbare funksie en is van onskatbare waarde.

Hy het gesê dit sou vir die SAP onmoontlik wees om wet en orde sonder die kitskonstabels en die munisipale polisie te handhaaf.



Die SAP se onlusteeenheid lewer 'n vertoning tydens die polisie se 75ste verjaarsdagviering. Foto: Cedric Nunn

# Hoofkwartier 'n plek van vrees

Jacques Pauw

BHONGOLETHU is 'n township sowat een kilometer buite Oudtshoorn en het sedert die vroeë jare tagtig 'n baie belangrike rol in die swart politiek in Suid-Kaapland gespeel.

Kitskonstabels is in 1987 vir die eerste keer in die township ontplooi in 'n poging om beheer oor die aktiviste te kry.

Bhongolethu is een van baie townships wat in die boek "Now Everyone is Afraid" as voorbeeld gebruik word waar kitskonstabels 'n terreurbewind gevoer het.

"Die kitskonstabels het baie meer geweld as die polisie voor hulle gebruik. Volgens beëdigde verklarings van inwoners het die konstabels die aktiviste aangeval, vergaderings ontwrig en mense gedreig wat hulle probeer teenstaan het."

'n Sinkhuisie, wat as Geelhuis bekend gestaan het, was die kitskonstabels se hoofkwartier. Dit was heldergeel geverf met twee blou vensters. Uit die verklarings was dit duidelik 'n plek van vrees.

"Die kitskonstabels het vinnig 'n reputasie verkry weens hul dronkenskap en onbeskoftheid. Hulle is gedurig dronk op diens en rand enigiemand aan wat hul kritiseer.

"In een geval is 'n vrou, wat sewe maande swanger was, deur 'n kitskonstabel aangerand omdat hy nie daarvan gehou het dat sy na hom kyk nie."

Volgens die verklarings het die konstabels graag dronk mense in hegtenis geneem en hul families gedwing om eers 'n afkoopboete te betaal voor hulle weer kon gaan. Die familielede het nooit enige kwitansies ontvang nie.

Volgens 'n opname deur die Instituut vir Kriminologie aan die Universiteit van Kaapstad het 80 persent van die inwoners van Bhongolethu gesê die kitskonstabels behandel hulel sleg. Byna 60 persent het self onder die hulle deurgeloop. Net twee persent het gemeen die kitskonstabels behandel hulle goed. Net ses persent het nog nie die konstabels dronk gesien nie.

Tussen September 1987 en Januarie vanjaar is ses aktiviste deur die kitskonstabels gewond.

Die Civic Association het 'n interdik teen die kitskonstabels aangevra om hulle te verhoed om die mense aan te rand. Dit is uiteindelik toegestaan. Verskeie beëdigde verklarings is ingedien, soos byvoorbeeld:

"Hulle het 'n groep van ons op 'n straathoek gevang en gesê ons is die comrades wat klippe gooi. Hulle het ons Geelhuis toe gevat, geslaan, en weer losgelaat."

"Ons is eendag weer Geelhuis toe gevat. Ons moes in 'n ry staan. Hulle het ons met besemstokke geslaan. My arm is oopgesny."

In Januarie 1988 is een van die senior kitskonstabels doodgeskiet. Hy is doodgemaak deur die pa van 'n meisie wat hy gemolesteer het. Volgens verklarings het die kitskonstabels daarna op 'n skietorgie gegaan en drie mense doodgeskiet en tien gewond.

* Hofmeyer is 'n sterwende dorpie in die Karoo, sowat 60 kilometer noord van Cradock. Hierdie dorpie was sedert April verlede jaar 'n kookpot van geweld nadat kitskonstabels ontplooi is. 'n Hooggeregshofinterdik is aan die einde van verlede jaar ingedien om die kitskonstabels se geweld te keer.

Volgens verklarings het die konstabels in Oktober verlede jaar sewe mense geskiet wat van 'n konsert af op pad huis toe was. Een van die ander applikante is na die konstabels se woonkwartiere geneem waar hy tot 'n "bloedige massa" geskop is.

Twee van die konstabels het gedreig om hom tereg te stel en een het 'n oorgehaalde pistool teen sy kop gedruk. Nog een het 'n byl gaan haal om sy kop af te kap. 'n Vriend van die konstabels het hulle gekeer.

* 'n Inwoner van Duncan Village moes 'n interdik aanvra om die munisipale polisie te verhoed om hom verder aan te rand. Dit spruit voort uit 'n insident in Mei 1987 toe 'n munisipale polisiekonstabel vermoor is.

Die "groenvlieë" het op 'n wraakveldtog gegaan om die konstabel se moordenaar te soek. Die inwoner is voorgekeer en aangehou. Hy is 79 keer met 'n sambok geslaan.

* Kort nadat daar in Augustus 1986 aangekondig is KwaNdebele word onafhanklik, het geweld losgebars. Die kitskonstabels se gunstelingwapen was pikstele, waarmee honderde mense geslaan is.

Joernaliste het agterna beskryf hoe gevangenes na die aanklagkantoor gebring is en met pikstele geslaan is tot talle van hulle ineengestort het. Talle wat mediese behandeling nodig gehad het, is nooit behandel nie. 'n Gewonde wat ingebring is, is eers aangerand voordat hy na 'n dokter geneem is.



Kitskonstabels passeer uit na hul opleiding. Foto: Guy Tillim

# Hervorming in swart onderwys onuitvoerbaar



**Die hoofminister van Kangwane, Enos Mabuza, het hom vandeesweek sterk oor die stand van swart onderwys in Suid-Afrika uitgespreek. As 'n voormalige onderwyser het hy die jaarlikse kongres van die African Teachers Association of South Africa (Atasa) in Johannesburg toegespreek. Hier volg 'n geredigeerde weergawe van sy toespraak.**

DIE onluste van 1976 het die Suid-Afrikaanse regering aangespoor om die sogenaamde "totale strategie" te ontwikkel.

Hierdie strategie, wat in 1979 amptelik aanvaar is, is gesien as 'n manier om die "totale aanslag" te beveg met 'n program van hervorming wat daarop bereken was om swart aspirasies te bevredig sonder om wit oorheersing te bedreig.

Opvoedkundige "hervorming" was 'n belangrike aspek van hierdie strategie. Reformiste wou die geskoolde en relatief bevoorregte dele van die swart gemeenskap "red" en 'n teenrevolusionêre buffer tussen voortgesette wit dominasie en swart onderworpenheid vorm.

Die militante optrede deur skoliere in 1984-1986 en die mislukking van die reformiste om die harte en hoofde van swart skoliere te wen, het die gevolg gehad dat die staat toenemend afhanklik geraak het van sy militêre apparaat om beheer in swart skole uit te oefen.

Pleks dat die geldige griewe van die swart skoliere aangespreek is, is die Veiligheidsmagte die townships ingestuur om die Departement van Opvoeding en Opleiding se "vuilwerk" te doen deur organisasies soos die National Education Crisis Committee (NECC) en die Democratic Teachers Union (Detu) te onderdruk.

**Die staat het toenemend afhanklik geraak van sy militêre apparaat om beheer uit te oefen...**

Die meerderheid wittes glo dat daar sedert 1980 "aansienlike verbeteringe" in swart opvoeding plaasgevind het. Die wit gemeenskap lê egter klem op materiële verbetering in die onderwys, terwyl die swart gemeenskap meer besorg oor die gehalte van die onderwys is.

Op die spel is die omskepping van die hele opvoedkundige stelsel binne 'n gemeenskaplike, nie-rassige, demokratiese en regverdige samelewing. Die terugkeer van swart skoliere skool toe word nie as normaal beskou nie maar as 'n voortsetting van die krisis.

Hoe kan opvoeding plaasvind in 'n omgewing van beleg, met die Weermag wat die townships patrolleer en selfs skole binnedring? Dié beleid van toenemende onderdrukking ignoreer die oorsake van die situasie waarin ons onsself bevind, en doen niks om die smeulende woede en frustrasie van die skoliere te verdryf nie.

Solank die Weermag by swart skole betrokke is en die huidige opvoedkundige stelsel voortduur, kan swart opvoeding nie normaal wees nie.

Ons as opvoeders moet erken dat opvoeding 'n politieke instrument is. Enige opvoedkundige stelsel moet gesien word binne die raamwerk van faktore wat verhoudings van dominasie en onderworpenheid in 'n samelewing bepaal.

In die internasionale wêreld het werkersklaskinders 'n baie kleiner kans om hul hoërskoolopleiding te voltooi en tersiêre instellings by te woon as middel- en hoërklaskinders.

In Suid-Afrika speel kulturele, politieke en ekonomiese faktore saam om dit uiters moeilik vir die swart kind te maak om matriek te bereik. Navorsing het getoon dat die staat swart matriekresultate manipuleer in terme van "aanbod en aanvraag". Dit lyk of matriekresultate die bestaande klasseverhoudinge moet handhaaf.

Ons het die voorbeeld van die Afrikaanse onderwyser as politiseerder en kyk na die resultate.

Swart onderwysers voel soms dat hulle 'n skisofreniese rol vervul. Ons is oop vir aanvalle van leerlinge dat ons "ideologiese agente van apartheid" is, terwyl die Departement van Onderwys en Opleiding onderwysers daarvan beskuldig dat hulle 'n revolusionêre, Marxisties-georiënteerde opvoeding verskaf.

Meer as 700 mense in die opvoedingsveld is in die eerste twaalf maande van die noodtoestand aangehou, aktivistiese onderwysers is "uitgeskop", en die leierskap van die NECC is stilgemaak.

Gegee die feit dat meer as die helfte van die onderwysmag van 120 000 jonger as 30 jaar is, is dit nie verbasend dat soveel onderwysers die politieke bewustheid van die skoliere deel nie.

Ondanks die terugkeer na skole in baie gebiede in 1987, toe die boikotstrategie laat vaar is, is toestande ver van normaal. Nòg die studente nòg die gemeenskap aanvaar Bantoe-opvoeding.

Die krisis het verskuif van straatprotes na 'n toestand van ineenstorting in die klaskamer. Die voortdurende agteruitgang in die opvoedingsomgewing word deur bandelose gedrag gekenmerk. Leerlinge kom laat en doen nie hulle huiswerk nie, terwyl onderwysers swak gemotiveerd en bang is.

**Dit lyk of matriekresultate die bestaande klasseverhoudinge handhaaf**

Daar is geen plek vandag in Suid-Afrika vir konserwatiewe en geïntimideerde organisasies wat gelei word deur mense wat deur die jonger geslag as "Uncle Toms" gesien word nie.

Ons het dinamiese, politiekbewuste en toegewyde organisasies nodig om die nasionale demokratiese stryd te bevorder en weens hul mandaat en eie demokratiese struktuur genoeg vertroue het om 'n betekenisvolle bydrae te lewer om ons geliefde en beleërde land te red.

Ek glo die vakbonde het 'n prysenswaardige voorbeeld in hierdie opsig gestel wat ander organisasies en groepe gerus kan volg.

Swart opvoeding is vandag in 'n betreurenswaardige posisie. Daar is skreiende ongelykheid tussen swart en wit: die Transvaalse Department van Onderwys het 'n matriekslaagsyfer van 97 persent en die Departement van Onderwys en Opleiding slegs 54 persent - met 'n slaagsyfer van slegs 38 persent in Soweto.

Kapitaal van die privaatsektor hèt op die onderwystoneel verskyn ná die onluste van die middel-sewentigs. Die motiewe agter kapitaal se sosiale verantwoordelikheidsprogramme is egter nie suiwer filantropies nie.

Toenemende sofistikasie en konsentrasie in die handel en nywerheid vereis beter geskoolde en opgevoede werkers om ekonomiese ontwikkeling en groei te verseker.

Ondanks pleidooie wat aan die regering gerig is om swart onderwys te herskep, was hervorming stadig, sodat die private sektor in swart onderwys begin belê het.

Sulke hulp het van bo af gekom - kenners moes aanbevelinge doen om die probleme van opvoeding en opleiding op te los. Die demokratiese massabewegings en die swart gemeenskappe en tuislandregerings is nie geraadpleeg nie.

Studente-organisasies het die selfsugtige motiewe agter kapitaal se skielike belangstelling in opvoeding raakgesien.

Dit wil voorkom of die private sektor net 'n betekenisvolle bydrae kan lewer as maatskappye nou saamwerk met die swart gemeenskappe en 'n holistiese benadering volg eerder as om die probleem stuksgewys te probeer oplos.

Die onderwysboikot van die jare tagtig het 'n intense debat laat ontstaan oor die verhouding tussen opvoeding en die stryd teen apartheid. Die beginsels van die Freedom Charter het uitdrukking gekry in "people's education". Hierdie debat is egter deur die magshebbers onderdruk en ondergrond gedryf.

Onderwys in Suid-Afrika is nie op die toekoms ingestel nie. Dit is daarop ingestel om die verlede te bewaar, wit bevoorregting en mag te beskerm, en 'n gedomineerde, gedienstige swart bevolking te skep.

Ondanks die swart gemeenskap se weerstand teen "Bantoe-onderwys" is hulle daarvan beskuldig dat hulle ondankbaar is: hulle is dan baie beter daaraan toe as swartmense in ander Afrika-state!

Die aantal universiteitstudente per 100 000 van die bevolking is egter aansienlik hoër in Ghana, die Ivoorkus, Kenia en Nigerië as in Suid-Afrika.

Dit is duidelik dat die "totale strategie" 'n ontoereikende reaksie is op die uitdagings van swart skoliere en studente, en dat pogings om opvoeding van bo af te "hervorm" tot mislukking gedoem is en nie die diepgewortelde, wydverspreide woede van die jeug sal sus nie.

Gegee die geskiedenis van swart onderwys in Suid-Afrika en die bitterheid wat die stelsel van apartheidsopvoeding geskep het, is hervorming nie meer uitvoerbaar nie.

In 'n land waar opvoeding doelbewus as 'n wapen van beheer en politieke dominasie gebruik is, sal dit moeilik wees om ooreenkoms te bereik oor die aard en vorm van opvoeding ná apartheid.

**Dit is duidelik dat pogings om opvoeding van bo af te 'hervorm' tot mislukking gedoem is en nie die jeug sal sus nie.**

Dit sal maklik wees om Bantoe-opvoeding af te takel, maar dit sal moeilik wees om 'n nuwe opvoedingstelsel daar te stel wat uitdrukking sal gee aan breë sosio-ekonomiese en politieke aspirasies sonder dat dit deur 'n spesifieke eng politieke ideologie beheer word.

# Die skape van die SAUK

**Susan Booysen, dosent in Politieke Studies aan die RAU, skryf oor die navorsing wat sy gedoen het oor die invloed van die media op politieke houdings van studente aan dié universiteit.**



'n POLITIEKE wêreld afgebaken deur dít wat op die televisieskerm en in stelselondersteunende koerante aangebied word...

Dít is die grense van die politieke bewussyn van vandag se Afrikanerstudentejeug, polities getipeer deur inskiklike onkunde en oorgawe aan die sorgvrye "goeie lewe" wat gelei word.

Vir die Afrikaner-studentejeug is dit die staat wat dikteer wat die "politieke werklikheid" is, en hoe hierdie "feite" vertolk moet word. Hierdie proses word aangevul deur apatie, oordrewe vertroue in vermoëns van volksleiers en onkritiese inname van staatspropaganda.

Meningspeilings wat in die tydperk van politieke opstand van die middel-80s onder studente van die Randse Afrikaanse Universiteit, gedoen is, het die moontlikheid van politieke hersosialisering ondersoek.

Twee saamlopende paneelstudies is gedoen, waarin studente van hul eerste na derde jare op universiteit vir houdingsverandering gemonitor is.

Die politieke vloeibaarheid van die middel-80s sou ideaal tot herbesinning en nuwe politieke bewussyn kon lei. Ingrypende politieke gebeure het die vermoë om bestaande skanse te vermurwe.

Blootstelling aan nuwe politieke inligting, feitelik en vertolkend, is 'n minimum-voorvereiste (maar nie versekering nie) vir politieke hersosialisering.

Vars blootstelling kan gemedieer word deur politieke deelname waarin die geleentheid vir kontak met politieke realiteite geskep word, politieke gesprekvoering met polities-andersdenkendes, of blootstelling aan politieke inligting aangebied deur die massamedia (uitsaaiwese of pers).

In hoeverre lei hierdie prosesse tot houdingsverandering of -handhawing van die Afrikanerjeug se meesal konserwatief tot reaksionêre houdings?

Politieke deelname is minimaal onder die RAU-studente. Gemeet ingevolge toeganklike politieke aktiwiteite, het meer as 80 persent konsekwent in die laagste van drie kategorieë geval. Nòg politieke gebeure in die eng wit politieke gemeenskap, nòg gebeure in 'n breër konteks kon hul skanse van apatie en onbetrokkenheid deurdring.

Gesprekke wat blootstelling aan die polities-onbekende kan fasiliteer, kom nouliks voor. Oorweldigende groot getalle van hierdie wit studente kom nooit te voorskyn van agter die barrikades van geïnstitusionaliseerde apartheid om politiek met swart Suid-Afrikaners te beredeneer nie.

Weens uitsluiting van hierdie moontlikhede, is die politieke bewussyn van die studente grootliks die produk van blootstelling aan massamedia. In die geval van die Afrikaner-jeug is dit egter op 'n skouspelagtige wyse die aanvaarbaarheid van die politieke boodskap wat blootstelling bepaal.

Die studente het deurentyd 'n taamlike hoë vlak van blootstelling aan die politieke inhoud van sekere massamedia gehad. 'n Fenomenale toename het nogtans in 1985 gemanifesteer ... wat in 1986 weer 'n afname begin toon het.

Opmerklik was dat die sterk toename voorgekom het in die hoogty van media-dekking van politieke onrus en opstand in Suid-Afrika.

Het die studente in hierdie periode van stygende belangstelling egter 'n groter verskeidenheid van inligtingsbronne begin raadpleeg, waaruit hulle meer kritiese inligting oor politieke gebeure sou kon verkry? Onomwonde, nee.

Eufimisties, álle koerante is laag op die prioriteitslys van politieke inligtingsbronne. Slegs Beeld word taamlik gereeld gelees. Van die ander getroue gewetensussers is dit slegs Die Vaderland, The Citizen en die magtig-kritiese The Star wat deur kleinerige persentasies gelees word.

Blootstelling aan die pers is dus beperk tot dít wat versterking aan bestaande vooroordele en selektiewe ingeligtheid gee.

Hierbenewens was dit tussen 90 en 98 persent van die studente wat hulself nóóit aan die meer kritiese pers blootstel nie. Só is die Weekly Mail byvoorbeeld deur slegs 4,5 en 2,9 persent respektiewelik van die twee panele gelees. Leserskap van Sowetan en City Press is negeerbaar.

In teenstelling word die politieke inhoud van die SAUK se televisiediens (nuus sowel as nuusvertolking) verorber. Sowat 80 persent van die studente kyk ten minste twee maal per week na die Netwerk/Network-programme. Dit was teenoor die sowat 40 persent vir Beeld of die 15-18 persent vir The Star.

Wat die potensiaal vir politieke hersosialisering aanbetref, is die gevolgtrekking dat politieke bewussynsvorming van hierdie jeug vierkantig onder beheer van die staat en sy nuusmedia is.

Gevolglik het selfs ingrypende politieke gebeure 'n beperkte hersosialiseringsimpak.

'n Bose sirkeleffek word meedoënloos voortgesit: Die staat beperk blootstelling aan politieke realiteite; die kunsmatige politieke werklikheid verseker voortgesette wit lojaliteit aan die staat.

FOKUS

# Môre is 'n lang dag

# Woelinge maar nie omwentelinge in '89



**Wynand Malan, leier van die Nasionale Demokratiese Beweging, skryf oor 1989 en die Suid-Afrikaanse politiek.**

'n JAAR van politieke omwenteling sal 1989 beslis nie wees nie, maar wel 'n jaar van politieke woelinge.

Daar is moontlikhede van 'n algemene verkiesing in SuidAfrika, daar is 'n verkiesing in Suidwes, Mandela sal vryer word, die Arbeiders gaan 'n belangriker rol in die Parlement speel en die buiteparlementêre groepe kom dalk met 'n eie politieke inisiatief.

Algemeen word aanvaar dat 'n algemene verkiesing vir al drie die parlementêre huise nog vanjaar, heel waarskynlik sommer gou ook, gehou sal word.

## Skuld

Inderdaad is dit wat die grondwet voorskryf. Dat dáar oor die óf van die verkiesing bespiegel word, is treurige kommentaar op wat die algemene persepsie is van hoe grondwetgetrou die regering is.

Die regering dra skuld hiervoor, want hy het self gesê dat hy liefs die lewe van die huidige parlement wil verleng en eers in 1992 weer stembus toe gaan.

Daaraan wil die polities herbore Arbeiders nie byt nie - tensy hulle groter duidelikheid kry oor waarheen die Regering se grondwetlike denke neig en voordat die Groepsgebiedewet nie afgeskaf is nie.

En hulle moet instem want die betrokke klousules is verskans en kan net verander word indien al die huise in afsonderlike stemmings daarvoor stem.

Die Arbeiders het heftig nee gesê hiervoor en die feit is dus dat soos sake tans staan, ons 'n algemene verkiesing voor Maart 1990 moet hou.

Maar die politiek is nie 'n eksakte wetenskap nie en solank iets moontlik mag lyk, moet dit in berekening gebring word. En dit mag juis die ander verkiesing - in Suidwes-Afrika onder toesig van die VVO - wees wat ons s'n uitgestel kry.

Is dit 'n onmoontlike gedagte dat die Staatspresident 'n beroep op eerwaarde Hendrickse se patriotisme doen en drie dinge aan hom voorhou?

Die een is dat Suidwes nie 'n binnelandse verkiesingskwessie moet word nie, want dit sal vir SuidAfrika en Suidwes potensieel nadelig wees, Nelson Mandela se vrylating of vryerwording eweneens nie 'n stembussaak behoort te wees nie, en daarby sal die Groepsgebiedewet nie afgeskaf word nie, maar op die rak geplaas word.

Kom ons stel die verkiesing uit, mag die beroep wees. En wie weet...

In Suidwes egter begin die voorbereidings vir Resolusie 435 reeds en sal 'n verkiesing in die laaste kwartaal van die jaar gehou word.

## Betekenis

Die betekenis daarvan is onder meer dat die Suid-Afrikaanse regering, wat dit 'n beginselsaak vir sy interne politiek gemaak het om nie met kommuniste of met diegene wat geweld gebruik, te praat nie, die weg in 'n buurstaat help baan het vir juis diesulkes om aan die bewind of baie ná daaraan te kom.

As Pik Botha met Swapo kan gesels, hoekom kan Danie Craven nie met die ANC praat nie?

Meer nog, as 'n staat onder Pretoria se beheer vry word op die grondslag van gelyke regte vir al sy burgers, hoekom is dieselfde beginsel nie in Suid-Afrika ewe goed nie?

## Rol

Terwyl hierdie nuwe elemente in ons politiek ingebring word, kom daar 'n ander nuwe een ook by, naamlik Nelson Mandela. Hy sal gewis deur die loop van die jaar vryer word en dalkies heeltemal vrygelaat word.

En hy sal nie, soos met Mbeki die geval was, uit die tronk gevat en onder 'n inperkingsbevel geplaas word nie. 'n Rol van een of ander aard sal hy speel.

Vir die Regering sal dit heeltemal 'n nuwe uitdaging bied - hy is gewoond daaraan om deur middel van die magsinstrumente van die staat met buite-parlementêre groepe te werk. Nou sal hy dit dalk nie kan doen nie.

Vir die eerste keer sal die Regering anders moet optree as bloot: bly stil of ek sluit jou op.

Daar is aanduidings dat die buiteparlementêre groepe 'n eie inisiatief in gedagte het, dat hulle naamlik wil verhoed dat Mandela bloot die speelpop van die ANC word en dus tussen regeringsptrede en ANC-wense geskommel sal word.

'n Breë verwelkomingsfront is 'n moontlikheid sodat Mandela nie sonder wye steun sal wees wanneer hy vrygelaat word nie. Daarby moet in gedagte word dat die Regering daarin geslaag het om Mandela 'n internasionale figuur te maak - en hy sal dus nie net sommer vrygelaat kan word nie.

Die wêreld se oë sal op hom wees, sal wil hoor wat hy sê en sal neig om simpatiek teenoor hom te staan. Wat alles beteken dat die vrylating van Mandela vir die regering nog 'n hele ding kan word.

Sy vrylating is natuurlik 'n voorwaarde vir geprekvoering deur selfs die gematigde swart leiers. En dus ook dáár het hy 'n rol te speel.

Nie dat nuwe grondwetlike inisiatiewe van die regering verwag kan word nie. Ons sal bloot opgewarmde ou opsies kry, soos die afgelope jare. Na verwagting sal die gedagte van streekrade vir swartmense as voorspel tot die Nasionale Raad vanjaar weer as iets nuuts aangebied word en dit sal aan die blankes voorgehou word as nog 'n teken van hoe hervormingsbewus die Regering is.

## Potensiaal

Dit sal lei tot die ververlige debat van wie die beste vir die blanke doen, NP of KP, terwyl die debat behoort te gaan oor wie die beste vir alle Suid-Afrikaners kan en sal doen.

Hier is daar potensieel 'n vername rol vir die nuwe politieke party wat uit die NDB, OP en PFP gebore kan word. Want die nuwe party dink inklusief, vernuwend en met die toekoms in gedagte. Hy kan nog 'n sleutelrol speel as hy sy aanvoorwerk reg doen, want daar is min twyfel dat die land se onderliggende politieke beweging in die party se rigting is en nie na regs nie.

Maar die slegte nuus lê eintlik op ekonomiese gebied. Teen die tweede helfte van die jaar sal die ekonomie afwaarts neig en die neiging kan tot 'n langdurige resessie verdiep - tensy met politieke inisiatiewe gekom word wat vir swartmense en die buiteland geloofbaar is.

## Omwenteling

Daarvan is daar ongelukkig bitter min tekens.

Juis daarom kan die jaar getipeer word as een waarin daar wel politieke woelinge sal wees, maar nie as een wat die politieke omwenteling wat die land en al sy mense so nodig het, sal bring nie.

# Die onafwendbaarheid van meerderheidsregering



**Max du Preez**

DIE Suid-Afrikaanse politieke toneel gaan in 1989 waarskynlik deur vyf kwessies oorheers word:

* Die onafhanklikheidsproses van sewe maande in Namibia;
* Die vrylating - of voortgesette opsluiting - van die ANC se vaderfiguur Nelson Mandela;
* Die verslegtende ekonomie en stygende inflasie;
* Die regering se voortgesette strategie van "hervorming", dwang en koöptering en die versetbewegings se reaksies daarop; en
* die groeiende konfrontasie tussen die regerende Nasionale Party en die ver-regse partye, veral met die oog op 'n moontlike algemene verkiesing later in die jaar.

Dit is moeilik om voorspellings te waag, maar die onafhanklikheidsproses onder VVO-toesig in Namibia wat op 1 April moet begin, is so te sê seker. Dit kan 'n 'n wesenlike invloed op sake in Suid-Afrika uitoefen.

Die gebeure in Namibia gaan ongetwyfeld 'n sterker invloed op die houdings en sienswyses van wit en swart Suid-Afrikaners hê as wat die ineenstorting van die Portugese koloniale ryk in Angola en Mosambiek en die vrywording van Zimbabwe gehad het - veral omdat dit lyk asof 'n Swapo-oorwinning in die verkiesing onafwendbaar is.

Die onafhanklikheid van dié state en die oorwinning van die belangrikste swart bevrydingsbeweging in elkeen van dié lande het gelei tot 'n nuwe waagmoed en selfversekerdheid onder swart Suid-Afrikaners wat sterk in die Suid-Afrikaanse politiek gevoel is.




'n Soortgelyke maar sterker effek kan in die geval van Namibia verwag word. Nie net is die gebied onder Suid-Afrikaanse beheer en is die meeste blankes daar Afrikaanssprekend nie, maar daar is 'n wye persepsie dat die regering net tot onafhanklikheid ingestem het omdat sy magte in Angola verslaan is. -

Maar ewe belangrik is waarskynlik die effek op wit gemoedere en houdings - veral die groeiende indruk dat swart meerderheidsregering onafwendbaar is.

Dit is die soort argument wat lui: Die MPLA het in Angola oorgevat, Frelimo in Mosambiek, Robert Mugabe in Zimbabwe en nou is Sam Nujoma op pad om die president van die Volksrepubliek van Namibia te word. Uiteindelik sal ons nie 'n ANC-regering in Suid-Afrika kan keer nie.

Dié siening kan lei tot 'n groter pragmatisme onder blanke kiesers, hoewel in die geval van 'n klein groepie rassiste dit seker eerder 'n Masada-psigose sal aanwakker.

Dit is onwaarskynlik dat Namibiaanse onafhanklikheid vir die regse groepe in Suid-Afrika veel van 'n inspuiting sal beteken.

Blankes is al só gekondisioneer oor die dreigende onafhanklikheid dat hulle dit meestal as 'n voldonge feit aanvaar.

Boonop was daar groeiende ontevredenheid selfs in regse kringe dat soveel wit seuns in die oorlogsone in Namibia en Angola sterf.

Dit is egter van kritieke belang vir die liberalisering van wit houdings in Suid-Afrika dat Namibia se onafhanklikheid vlot en suksesvol verloop en dat die land en die ekonomie behoorlik regeer en bestuur word sonder korrupsie en stamtwiste.

Dit is die naaste eksperiment van swart meerderheidsregering aan Suid-Afrika, en as dit 'n ramp is - selfs net volgens wit persepsies - kan dit die klimaat vir werklike hervorming en onderhandeling in Suid-Afrika erg ondermyn.

Die suksesvolle volvoering van die onafhanklikheidsproses en die kapitaal wat die regering daaruit kan maak, kan ook 'n regstreekse invloed hê op 'n kwessie wat deesdae onderliggend is aan byna elke handeling van die regering: die meedinging om die opvolging van Staatspresident PW Botha.

Die minister van Verdediging, Magnus Malan, kan nie veel wen deur die hele situasie nie. Die persepsie is dat sy manne nie teen die Kubane en MPLA opgewasse was nie en weens swak besluite baie manne verloor het.

Die feit dat dit lyk of Jonas Savimbi se Unita-beweging deur Suid-Afrika in die steek gelaat is, word ook meer teen Malan as teen Buitelandse Sake gehou.

Die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, is die een wat baie het om te wen - of te verloor. Sover wen hy net.

Die drie ander mededingers, Barend du Plessis, FW de Klerk en Chris Heunis, sit glo rustig agteroor en wag dat dinge verkeerd loop.

Daar is vroeë aanduidinge dat Afrika baie positief oor Suid-Afrika se inskiklikheid oor Namibia reageer. As Pik Botha se pogings om verder hierop te kapitaliseer en 'n spitsberaad van Suider-Afrikaanse state te reël, suksesvol is, sal dit nie net sy eie aansien verhoog nie, maar ook vir die regering 'n goeie troefkaart wees om teen Westerse sanksies en isolasie te gebruik.

'n Ander belangrike uitvloeisel van die Namibia-skikking is die verpligte verskuiwing van die ANC se basisse uit Angola. Dit gaan vir die ANC 'n groot militêre probleem wees in 'n tyd dat hulle al swaarder op die gewapende stryd as politieke metode steun.

Hulle sal waarskynlik verder noord moet kyk vir opleidingsbasisse, want die ander buurstate is nie bereid om 'n militêre teenwoordigheid te duld nie.

Die ANC sal waarskynlik ook sterker moet steun op opleiding van guerrillas binne Suid-Afrika. Dit is sedert die verdrae met Mosambiek en Swaziland reeds die geval en die gevolg daarvan was ongedissiplineerde optrede deur guerrillas wat vir die ANC 'n groot verleentheid geword het.

# Vir Land en Volk en Banc Suisse

**In 'n brief aan Vrye Weekblad verskaf Evita Bezuidenhout, SA ambassadeur in die onafhanklike tuisland Bapetikosweti, vertroulike inligting oor regeringsbeleid**




AMPTELIK gaan 1989 beter, mooier en suksesvoller wees as 1889.

Dit hoor ek onlangs uit die os se bek, en hier kan ek natuurlik nie sê van watter Botha nie - dis gestremde inligting onder ons noodtoestand.

Amptelik sal 1989 die staatsbegrafnis van apartheid wees; totsiens aan nare dinge soos "slegs blankes" en "kaffers" en "Afrikaner-muishonde". Alle rasse sal in Suid-Afrika binne die raamwerk van die wet hande na mekaar uitreik en gelukkig doen wat ons sê.

Ja-nee vriende, amptelik gaan 1989 'n bak jaar wees.

Dis my boodskap aan die nasie, soos goedgekeur deur die Departement. Dis al wat julle publiseer. Aangeheg (baie, baie vertroulik) is die amptelike en nie-amptelike siening van ons politiek. As julle die nie-amptelike gegewens publiseer, skuld julle ons weer voor Maandag R100 000.

**Die noodtoestand**

Amptelik: Nodig vir die verbreding van demokrasie, maar sal metter tyd verslap moet word voordat mev Thatcher kom eet by Nelson.

Nie-amptelik: Sal hernu moet word en deel uitmaak van die aanvaarde Suid-Afrikaanse lewenstyl.

**Swart woonbuurte**

Amptelik: Nuwes word oral geskep om PW Botha kans te gee om nog drie Vryhede van Swart Gebiede te ontvang en/of vat.

Nie-amptelik: Almal suksesvol deur staatstaal omsingel. Hopelik nie meer gevalle van SAP vs SAW: hou dit vir kabinetsvergaderings tussen Vlokkie en Het Generaal.

**Nelson Mandela**

Amptelik: Elise Botha leer hom om te swem in sy nuwe swembad in die Paarl (in die skadu van ons Taalmonument) en PW vra hom om Suid-Afrika by die volgende Olimpiese Spele te verteenwoordig.

Nie-amptelik: Kan hy as leier miskien op alle vlakke 'n verbetering wees op dit waarmee ons tans opgeskeep sit? Ons begin almal Xhosa leer...

**Demokrasie**

Amptelik: Deel van ons Christen-gemeenskap.

Nie-amptelik: Te goed om sommer met enigeen te deel.

**Christendom**

Amptelik: Deel van ons demokrasie.

Nie-amptelik: Apartheid en Christendom is teenstrydig. Die een óf die ander moet gaan, maar die een maak makliker en meer geld...

**Militêre diensplig**

Amptelik: Iets waarna elke gesonde Christelike jong Suid-Afrikaner uitsien.

Nie-amptelik: Ons hospitale is vol, ons inrigtings is vol, ons patriotisme loop leeg. Die kinders weier om die onkruid op Hendrik Verwoerd se graf met hulle lewens te bekerm.

**Afrika-détente**

Amptelik: 'n Lekker voorbeeld van samesyn orals in swart Afrika met Pik op sy beste ná die mampoer. Ons broeders word as broers aanvaar.

Nie-amptelik: Ontsaglik duur - kos ons olifante en plastic surgery vir Ivoorkus-tannies. Maar gee enige ou kaffer 'n blink kar en hy sê dankie Baas en/of Miesies.

**Tuislande**

Amptelik: Groei van rand na rand en word 'n sterk demokratiese realiteit.

Nie-amptelik: Kaviaarvretende-monstrositeite: gee enige tuislandklerk 'n blink kar en paleis en hy wil Baas en/of Miesies genoem word...

**AWB**

Amptelik: Maar net 'n paar honderd seuns met lewenslus en swak verbeeldings.

Nie-amptelik: Die suksesvolle nie-amptelike militêre vleuel van die Regering wat die meeste van die draadsitters na die NP jaag uit vrees vir Eugene. Hy was op pad om 'n goeie akteur te word en toe noem hy 'n toordokter "kaffer"!

**Die KP**

Amptelik: Maar net ou NP-lede wat te arm is om Rapport te koop.

Nie-amptelik: Ons het destyds die NP na links en regs geskeur en so die PFP Perth-toe gedraai. Dit was 'n sukses - totsiens PFP - maar ons Treurnichtenstein Monster ruk nou hande uit. Miskien sal ons in 1989 net na hulle oorloop en vir AP die koeëls gee. Here, maar ons is moeg...

**Die Nuwe Linkse Party**

Amptelik: Elke gesonde demokrasie het 'n sterk opposisie nodig. En Wimpie de Klerk is nogal oulik...

Nie-amptelik: ...óf miskien loop ons oor na die linkses? FW de Klerk is nogal 'n "boring" ou broeder.

**Vryheid van die pers**

Amptelik: Dit eindig gewoonlik op die redakteur se lessenaar. Ons het vryheid van spraak - dis net ná spraak dat vryheid waai...

Nie-amptelik: Sonder 'n vrye pers is ons paraguays; met 'n vry pers is ons in die tronk. Ons beheerde pers is vetkat-verveeld; die kastige alternatiewe lappe is hongerkat-befoeterd - wie gaan ons in '89 glo as ons sê: die koeël is deur die kerke...

**Boksburg ensovoorts**

Amptelik: Tipiese KP-agtertrekkerpolitiek; naakte rassisme, skokkende fascisme. Sies sies sies...

Nie-amptelik: Soos diewe het die KP by ons geheime pakhuis ingebreek, die boks oopgekloof en die geoliede masjinerie van die apartheid-volkswa ontbloot - 'cent in the slot & pull the handle '.

**Apartheid**

Amptelik: Wat is dit?

Nie-amptelik: Suksesvol deur PW van parlementêre vlak na munisipale tafels weggeskuif - maar sal ons swart president in 1989 êrens 'n bank in die Transvaal vind om op te sit?

**ANC**

Amptelik: Presies waar ons hulle wil hê - nie hier nie!

Nie-amptelik: Sommige van hulle praat beter Afrikaans as die Administrateur van Natal - ons kan hulle hoop vir 'n demokratiese Suid-Afrika wat Afrikaners insluit, nie bekostig nie. Hou dit verban!

**Die alternatiewe Afrikaner**

Amptelik: Hulle sing soms oulike liedjies, maar ag, hoekom sulke onnodige vieslike taal? Kyk net hoe mooi doen Rozanne dit met haar hondjie.

Nie-amptelik: Die denkende Afrikaanse jeug raak gevaarlik bewus van die reg wat hulle het om hul deel van die Taal, die Patriotisme en die Land terug te eien. Maak hulle belaglik en bankrot teen R100 000 per waarheid.

**Hoop en optimisme vir '89**

Amptelik: Ja-nee.

Nie-amptelik: Alles is in ons hande.

Oppas in die Nuwe Jaar. Daar is altyd 'n gat in die pad. Ons noem dit 'n regering.

Vir Land, Volk en
Banc Suisse,
EVITA
BEZUIDENHOUT
Suid-Afrikaanse Ambassadeur in die Onafhanklike Tuisland-Republiek van Bapetikosweti

Vrye Weekblad

## Die nuwe party

DIT lyk nie asof die planne om die Nasionale Demokratiese Beweging, die Progressiewe Federale Party en die Onafhanklike Party in een party saam te snoer, goed vlot nie.

Die skuld hiervoor kan net aan die deure van die drie leiers, Wynand Malan, Zach de Beer en Denis Worrall, gelê word.

So iets moet sekerlik nie oorhaastig gedoen word nie en daar is verstaanbare struikelblokke wanneer politieke partye oor eenwording praat.

Op die oomblik lyk dit egter asof die drie here en hul raadgewers oor private sensitiwiteite en aspirasies kibbel, en of persoonlikhede en eie empires in die gedrang kom.

Miskien onderskat dié here die wye afwagting en entoesiasme onder 'n baie groot groep Suid-Afrikaners - blank, bruin en swart - oor 'n nuwe groepering links van die Nasionale Party wat hom vir versoening en onderhandeling beywer.

Die onmiddellike ideaal van dié mense is dat die nuwe groep die Konserwatiewe Party as amptelike opposisie in die Volksraad moet vervang sodat dié liggaam weer iets meer kan word as 'n praathuis vir apartheidsdissipels.

Nog 'n ideaal is dat 'n oorwegend blanke party vir die eerste keer daadwerklik die rassegrens kan oorsteek en 'n brug tussen parlementêre en buite-parlementêre politiek kan slaan.

Die tyd is nou, meer as ooit tevore, ryp vir 'n nuwe party wat vir 'n nuwe, nie-rassige Suid-Afrika staan. Die verregses is ministens tydelik van balans af, terwyl dit vir die gewone Suid-Afrikaner al duideliker word dat PW Botha en sy Nasionale Party die land in konfrontasie, onderdrukking en armoede in lei.

Ons hoop van harte die drie partye en hul leiers gaan binne weke eerder as maande hul verskille uitstryk. Hulle mag nie die kans laat verbygaan nie.

### Sê dit, Zola!

Zola Budd is besig om net so belaglik as haar kritici te raak.

Sy is besig om haar weiering om apartheid te verwerp, tot die absurde en vervelige te dryf.

Sy steun nie 'n stelsel "wat die meerderwaardigheid van een ras teenoor 'n ander verskans" nie; sy is 'n Christen en daar is aspekte van haar geloof wat nie met apartheid strook nie, maar sy hou vol in 'n onderhoud met die BBC: "I will never denounce apartheid."

Ons het simpatie met Zola wat as 'n baie jong en onervare Vrystaatse meisietjie die venynige taktiek van die teenstanders van apartheid in die buiteland moes hanteer.

Ons verErg ons soms ook vir die metodes en bymotiewe van party van die bullebakke in die buiteland wat alles wat Suid-Afrikaans is haat.

Maar Zola moet darem ook begin besef dat die sportboikot teen Suid-Afrika, hoe teen-produktief dit ook al geword het, nie sommer uit die lug gegryp is nie, net soos die destydse boikot van die Olimpiese Spele in Moskou deur Amerika nie sonder gronde was nie.

Kom ons wees eerlik: Zola is 'n Boeremeisie uit die Vrystaat en sal dit bly. Sy is so min Brits as haar liewe ma Tossie. Sy het net Britse burgerskap gekry omdat Suid-Afrikaners weens apartheid nie internasionaal aan sport mag deelneem nie.

Apartheid is nie 'n nuwe koeldrankgeur of 'n haarstyl nie. Dit is 'n aaklige, onchristelike regeringstelsel waaronder miljoene mense al dekades lank ly.

Toe wat, Zola, sê dit. Al kry jou Bloemfonteinse vriende sooibrand daarvan.

Nog beter: Moenie dit net vir die Britse televisie sê nie, sê dit hier vir jou swart landgenote. Hulle weet wie jy is - honderde swart taxi's is na jou vernoem.

'n Weiering om die stelsel wat hulle hul menslikheid ontneem, te verwerp, is 'n belediging vir elkeen van jou swart bewonderaars.

## So sê hulle . . . .

"Dit is 'n kenmerk van 'n goeie joernalis om die organisasie waaroor sy skryf, te infiltreer." - Jani Allan, rubriekskrywer en vriendin van AWB-leier Eugene Terre'Blanche.

"Vir wat sal ek die slot oopbreek?" - Eugene Terre'Blanche ná die voorval by Paardekraal.

"Ek laat my nie uitdaag nie. Ek het lankal gesê ek is die slimste man in die Arbeidersparty en daarby volstaan ek." - Hansie Christians, LP vir Ravensmead.

"Daar is vandag twee reuse in die parlementêre politiek - PW Botha en eerwaarde Hendrickse. Eersgenoemde is teen die toue en, in bokstaal, moet jy hom nou daar hou. Jy moet hom slaan!" - Deon Adams by die Arbeiderskongres in Bloemfontein.




# Bo die gedruis van Casspirs: vrede op aarde!

**Ds Herbert Brand**

"Vrede op aarde!"

Ook in Suid-Afrika? Ook in 1989?

"Want 'n kind is vir ons gebore ... en Hy word genoem ... Vredevors."

"O ja, natuurlik," glimlag ons opreg dankbaar óf effens sinies.

Die Kersboeke met hul kleurryke prentjies van die engeltjies en van die mooie "liewe Jesus" in die stal is pas weer gebêre.

God het die wêreld lief. Hy het vrede gebring - ten minste vir die tradisionele "Desember-skietstilstand" ...

Hoe nodig het ons dit nie.

Die vrede van Kersfees reg deur die jaar.

Watter wonderlike gedagte ... maar onrealisties, vrees ons.

Die vernis van vrede is maar dun. Binne dae sal dit begin verkrummel onder die druk van die magte van haat, hoogmoed en onreg.

En dit is wáár - omdat ons, ná byna tweeduisend jaar, nog nie begin verstaan het wat met die geboorte van die Vredevors gebeur het nie.

Die aankondiging "Vrede op aarde!" was geen valslik soete refrein uit die mond van engeltjies nie.

Dit was die basuingeskal wat die geboorte van die Vredevors aangekondig het. God het in Christus Jesus gearriveer om uit ewige liefde Sy skepping - ook in Suid-Afrika in 1989 - te bevry van die sonde. Om die stryd van die liefde, ootmoed en reg aan te sê teen alle haat, hoogmoed en onreg.

Op die velde van Betlehem, oor die eeue, en op 6 Januarie 1989 - Feesdag van die Epifanie, die Openbaarmaking van die Christuskind aan die Wêreld - klink die grootste, die magtigste oorlogsverklaring van alle tye ... God het tot die stryd om bevryding toegetree.

Die Vredevors is gebore ...

Die Koning wat vrede bring deur die kop van die slang te vermorsel ...

Die Koning wat die roede van die drywer en die tiran verbreek ...

Die Koning wat die vrede bevestig deur reg en geregtigheid ...

Die Koning wat maghebbers van hul trone afruk en nederiges verhoog ...

Die Koning wat die regsaak van weduwee en wees verdedig ...

Die Koning wat by die armes in hul nood kom staan ...

Die Koning wat koninklik die vrylating van die gevangenes beveel ...

Die Koning wat gekom het om die vernietigende en louterende vuur van Gods liefde en oordeel aan te steek ...

Die Koning voor wie Johannes soos 'n dooie neerval: hy met oë soos 'n vuurvlam, 'n stem soos dié van baie waters, en uit sy mond gaan 'n skerp tweesnydende swaard uit.

Die strydlinie van God is opgestel en stáán steeds - ook in Suid-Afrika in 1989 - teenoor die sonde: Teenoor alle haat en vyandskap teen God en die naaste ...

maar ook teenoor valse vrede wat:

die sonde wil vergoelik deur dit histories te probeer "verstaan" - apartheid moet binne die konteks van ons land se geskiedenis "begryp" word, die sonde wil rasionaliseer deur te probeer aantoon dat dit tog dalk 'n "goeie doel" mag dien - blanke dominasie "beskerm" ons land moontlik teen die "chaos van 'n vrye samelewing";

die sonde nie summier afwys nie, maar dit eers "in diepte wil bespreek" - laat ons maar stadig nadink en gesels oor wat nou "werklik" sonde is en of en wanneer en hoe ons daarvan moet afstand doen.

Die Vredevors het nie "vreedsame naasbestaan" met die sonde kom aankondig nie. Hy het gekom om dit vreesloos uit te wys.

Hy het gekom om dit radikaal af te wys.

Hy het gekom om dit in die bloedigste strydperk van alle tye te Golgota te verslaan.

Hy het nie, soos ander "konings" en aardse "heersers", Sy volgelinge die stryd ingestuur om Sy Koninkryk van Vrede op hul bloed te bou nie.

Hy het voor gestap.

Hy stap in 1989 steeds voor.

Hy deel die leed van elke aangehoudene, elke ingeperkte, elke verontregte.

Hy het die "aangename jaar van die Here", die ewige Jubeljaar van Bevryding, nie net kom aankondig nie - Hy het dit werklikheid gemaak deur Sy dood aan die kruis en sy opstanding in triomf.

En die vrede wat Hy só verkry het, is ware vrede - die ware vrede ná 'n beslissende oorwinning.

Daarom juis is hierdie liefdesdwang vanjaar elkeen wat Hom bely en wil navolg, opgelê om deur Sy woord en Gees oorwinnend te stry teen die sonde op alle vlakke van die lewe.

Elke burger van die Koninkryk van die Vredevors is as lid van Gods bevrydingsleër verbind tot stryd teen die sonde in eie lewe, in gesinsverband, binne die Kerk, op sosiale gebied, op ekonomiese terrein, in die politieke arena.

Die Vredevors roep ons tot stryd om bevryding ...

Van alle persoonlike liefdeloosheid ...

Van alle verskeurdheid in die Kerk as liggaam van Christus Jesus ...

Van alle krampagtige vasklou aan blanke minderheidsbevoorregting in ons land ...



Ds Herbert Brand

Van alle bestendiging van onreg met wrede middele deur 'n basies bose staatsbestel wat vrede veins, maar wesenlik teenoor die Vredevors gaan staan het ...

Die Vredevors verseker ons dat dié stryd om bevryding nie tevergeefs is nie. Die oorwinning is in Christus Jesus reeds behaal.

Die Strydende Kerk van die Vredevors is geroepe om daagliks deur Sy Woord en Gees die vernietigende en louterende vuur van Gods liefde en oordeel aan te steek in 'n samelewing, in 'n land, in 'n wêreld wat in die jaar 1989 ware vrede sal ken alleen in dié mate dat die oorwinning van liefde, ootmoed en reg sigbaar sal word in die stryd teen haat, hoogmoed en onreg.

"Vrede op aarde!"

Só juig dit in ons harte.

God het Sy skepping kom vrymaak - van elke muur wat ons van Hom en van mekaar skei, van vrees en wraak, van ystervuis en doringdraad ...

God het Sy skepping, ook ons samelewing, kom heelmaak - die wonde kom verbind, dié wat verbryseld van hart is, kom genees ...

God het ons geroep om Sy heroute te wees - om aan te kondig helder bo die gedruis van Casspirs en die uitroep van tirannieke wette: die Vredevors het die bewind aanvaar.

God regeer.

Daar is hoop vir Suid-Afrika in 1989.

- Amen

*Teks: Jesaja 9: 1-6 - "Want 'n kind is vir ons gebore ... en Hy word genoem ... Vredevors."*

## 'n Man op 'n perd...

Hier's nou simboliek vir jou.

Manie Maritz, AWB-voorbok en kleinseun van die generaal, moes op 16 Desember by Donkerhoek die perdekommando na die byeenkoms lei. Toe gooi die perd hom dat hy daar trek!

Toemaar, oom Manie, ons weet die volkies het nie die buikgord styf genoeg vasgemaak nie. Gelukkig is dit net 'n perd wat jou afgegooi het - Eugene het weer 'n tierkat opgesaal!

## Die Pietser

Die bynaam "Groot Karwats" vir 'n sekere regse leier was toe blykbaar nie ver van die kol nie...




## Die ambassadeur is terug

Goeie nuus so vroeg in die nuwejaar is dat Evita Bezuidenhout terug is in Blanche-Noir, die ambassadeurswoning in Bapetikosweti - hierdie keer as lewenslange ambassadeur.

Dis nou sy en haar gesinnetjie: manlief Hasie, seuns Izan en De Kock, dogter Billie-Jeanne en haar man, Leroy Makoeloeli, en hul baba, klein Winnie-Jeanne.

Soos ambassadeur Bezuidenhout haar nuwejaarskaartjie aan Vrye Weekblad afsluit: Vir Land, Volk en Bank Suisse.

## Die hoogheiliges

Daar was die laaste week vet glimlagte op die gesigte van senior leiers van die Nasionale Party oor Terre'Blanche se kaskenades. Het die volk maar geweet...

## Daar sink die redder toe self

Veteraan-joernalis Tobie Boshoff is so twee jaar gelede van Nasionale Pers se swart publikasies teruggebring na Rapport om dié sinkende skip te probeer red.

Nou, met die skip wat al laer in die water begin sak, het uitgewer Tobie vir Rapport se verteenwoordiger in Londen, Hermina Oberholzer, summier teruggeroep en homself daar aangestel. En is die manne bitter daaroor!

Wonder wie gaan nou Tobie se luukse kompleks op Rapport se dak, algemeen bekend as "Tobie se Penthouse", betrek?

## Ware woorde

Interessant om te lees wat Jani Allan se gewese woonstelmaat, Linda Shaw, onlangs in Style oor Jani geskryf het.

"She'd make a wonderful propagandist, should anyone consider employing her in that area."

En: "In her capacity as journalist, she often experiences difficulty detaching herself emotionally from her interviewees."

Ons het so agtergekom.

## Anti-Semiet

Een van die (talle) vreemde aspekte van die bisarre verhouding tussen Allan en Terre'Blanche is dat Allan met 'n Joodse man, Gordon Schachat, getroud was en die AWB-leier bekend is vir sy ekstreme anti-Joodse uitlatinge.

Soos dat Jode nie in die Boerestaat toegelaat sal word nie.



**PW Botha . . . 'n banketsaal vir die diplomate van Venda, Ciskei, Paraguay en Chili?**

## Nog 'n onthaalplek

Ons het nog altyd gedink die staatspresident verstaan nie veel van die ekonomie nie. Nou begin dit lyk asof hy net nie 'n duiwel omgee nie.

Sy planne om 'n banketsaal van R2,35 miljoen by die Presidensie in Pretoria aan te bou terwyl die hele land hul gordels baie stywer moet begin trek, is niks minder nie as 'n godskreiende skande.

## Koevoet se dinge

Amper onsmaaklik die loutere propaganda wat Beeld onlangs oor die berugte polisie-eenheid Koevoet gedra het. 'n Halwe bladsy met heldeverering ophemeling.

"Hulle het die plaaslike bevolking van Owambo beskerm teen die gruweldade van Swapo, teen moorde wat Swapo gepleeg het en spoor die kwaaddoeners op net soos polisiemanne in die stad met misdadigers en moordenaars doen...

"Soos die polisiemanne tuis, het hulle ook diens gelewer aan die plaaslike bevolking. Daar is talle voorbeelde van hulp wat nooit verder bekend geword het as Koevoet se binnekringe nie." En so aan.

Brolloks se raad aan die verslaggeefster is: Gaan praat 'n bietjie met die gewone mense in Owambo. En gaan kyk 'n bietjie na al die hofstukke oor nadoodse ondersoeke en hofsake waarby Koevoet betrokke was.

Dit is 'n deeltjie van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte se geskiedenis wat hulle later liewer sal wil vergeet.

## En Salie ook

So van bitterheid by koerante gepraat. Die senior manne by Beeld is glo woedend oor die R16 000 se meubels wat aangekoop is vir die aangewese redakteur, Salie de Swardt, se nuwe (tydelike) kantoor.

## Et tu, Hennie?

Hennie van Deventer, redakteur van die Volksblad, het hefig ontken dat hy ooit vir die SAUK wou werk. Hy sou glo veel meer vryheid by sy koerant gehad het.

Nou hoor Brolloks dié week dat Hennie wel vir die pos van Direkteur-generaal van die SAUK aansoek gedoen het, maar dat Harmless Harmse toe voorkeur gekry het.

## Vlokkie en die nagklubs

Adriaan Vlok is blykbaar nie tevrede om net minister te wees nie. Hy wil self begin polisieman speel.

Die een keer wat Vlok op TV gewys is tydens 'n klopjag op 'n Johannesburgse nagklub, was glo maar die punt van die ysberg. Polisiemanne vertel vir Bittergal die minister is knaend saam met hulle in die nagklubs.

Wat is dit wat jy so geniet, Adriaan?

# BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Dit werk nie so nie

Dawie Bosch van Mowbray skryf:

In Vrye Weekblad van 9 Desember noem julle dat dienspligtiges met godsdienstige besware teen diensplig wel in die regering se stelsel vir alternatiewe diens geakkommodeer word.

Dit is nie so nie.

Net diegene wat op godsdienstige gronde weier om diens in enige weermag te doen, kan kwalifiseer vir die regering se ses jaar lange alternatiewe diens.

Die werklikheid is dat die meeste dienspligtiges wat godsdienstige besware teen militêre diens het, se besware gegrond is op die rol van die SA Weermag in Suidelike Afrika.

Hulle sou bereid wees om in 'n weermag diens te doen wat op 'n regverdige wyse 'n verdedigingstaak, wat in hulle oë regverdigbaar is, te verrig. Sulke mense (soos Ivan toms en Charles Bester), wat in die tradisie van die meeste kerke - insluitende die NG Kerk - staan, word vandag deur die regering as gevaarlike misdadigers behandel en ses jaar lank tronk toe gestuur.

## Donkerhoek is Donkergat

**Abduragman Cupido van Mitchells Plain skryf:**

Dit was heeltemal gepas dat die Volkswag hul Geloftedag-feesvieringe by Donkerhoek gevier het. Dit sou volgens my heeltemal perfek gewees het as die plek egter Donkergat was.

## Vergeet 'links' en 'regs'

**Die Demokraat van Pretoria-Wes skryf:**

Ek maak beswaar teen die huidige gebruik van die terme "links" en "regs" in die Suid-Afrikaanse massamedia.

Dit is uitgediende Europese begrippe. Hulle is selfs in Europa in 'n mate uitgedien.

Ek is ten gunste van 'n vryemarkekonomie (met min uitsonderings), maar ek wil graag sien dat "ras" as oorweging by verhoudings tussen mense van die aardbol verdwyn. Is ek dan nou "links"? In 'n wêreldkonteks beslis nie.

"Demokrate" en "rassiste" is baie beter name vir die huidige strominge in die politiek van Suid-Afrika. Dalk kan u beter terme voorstel. Taalgewoontes word nie maklik gewysig nie, maar hulle is nogal deurslaggewend by die ontwikkeling van nuwe denke.

'n Ander eienaardige gebruik is "Die Afrikaner" - altyd in die enkelvoud. Ons praat byna nooit van "Die Ier" of "Die Sjinees" nie, en dis seldsaam dat ons verwys na "Die Tswana".

"Die Afrikaner" laat my dink aan 'n lang ry Coke-bottels in 'n fabriek. Die bottels is heeltemal identies, behalwe as die masjien lelik ontwrig is.

## 'They stink, they steal...'

**Ian Slabber van Verwoerdpark skryf:**

Aangesien u die vrymoedigheid gehad het om 'n uiters onvleiende berig vanuit die "New African" jeens die Boer te plaas (sien Vrye Weekblad 16 Desember 1988, Brolloks en Bittergal) wonder ek of u die volgende siening van 'n goeie vriend van my oor die swartes sal plaas: "They stink, they steal, I don't like them."

Ek is seker daarvan dat indien die skrywer van die onsmaaklike berig hierdie brief lees hy trots daarop sal wees dat hy positiewe kommentaar uitgelok het.

## 'n Lig in donkerte

**Rinkals Rossouw van Ermelo skryf:**

Die verskyning van u koerant kom as 'n lig wat in die donkerte skyn en het 'n groot leemte gevul gedurende die afwesigheid van die Weekly Mail.

Vir myself as Engelssprekende is dit wonderlik om die ontwikkelinge in die Afrikaanse joernalistiek te sien. Mag julle tesame met Die Suid-Afrikaan, Insig en Die Gereformeerde Blues Band van sterkte tot sterkte gaan in die voorhoede van die Afrikaanse kultuur.

Ek wil graag my solidariteit betoon met Charles Bester, David Bruce en Ivan Toms. Dit is verstommend om te sien hoe 'n sogenaamde Christelike regering te werk gaan met persone wat hul optrede in lyn bring met hulle gewetens. Hierdie mense hoort nie in die tronk nie, hulle hoort in die regering!

Stuur asseblief aan my die adres van die End Conscription Campaign. Ek besef dat hulle streng beperk is maar ten spyte daarvan wil ek graag 'n geldelike bydrae aan hulle stuur. Hulle is vredeliewende mense wat 'n belangrike taak het om te verrig.

Dit is hoogtyd dat "Big Brother" besef dat deur aan te foeter met verbannings of beperkings of deur mense in die tronk te stop, dit die gevoelens van mense nie gaan laat verdwyn nie. 'n Mens kan net so lank op die draad sit en dan spring jy af...

Terloops, het enigiemand al die tekens a la Boksburg in Ermelo gesien? Daar word gefluister dat dit al voor die sg munisipale verkiesings daar was.

## Los van voorskrifte

**Petrus Jordaan van Stellenbosch skryf:**

Bravo! Bravo! Bravo!

Ons Afrikaners soek lank reeds 'n Vrye Weekblad! 'n Afrikaanse koerant losgemaak van voorskrifte van bo-af. Dankie vir u visie, die moed van u oortuiging en u geloof in die saak sodat u dit waag met astrante uittarting (!) en daardie (skandelike) R30 000!

Snaaks hoe u my laat dink aan daardie manhaftige digters en skrywers van die Sowjet-Unie wat ondanks voorskrifte van bo-af, ondanks strafmaatreëls, voortgaan om hulle stemme dik te maak.

Pretoria en Moskou is werklik eienaardige bedmaats! Wat my die meeste verstom is in watter 'n mate kommunistiese beginsels vryelik hier toegepas word en tog word ons vir dekades reeds wysgemaak dit is juis daardie beginsels wat beveg word!

Ironies. Indien Suid-Afrika die kommunistiese stelsel sou aanvaar, sal hier nie veel verander nie.

Die wordende Nuwe Party dra ons steun. Ons soek lank reeds 'n realistiese party wat bereid is om interne knelpunte aan te spreek - 'n party wat nie drome droom oor 'n suiwer ras en lande waar elke groep homself kan regeer nie, maar 'n party wat ons werklikhede aanvaar en bereid is om ons te trek uit die haglike ekonomiese toestande waarin ons ons bevind én ons te vrywaar van korrupsie in hoë plekke!

So 'n party soek ons.

Die betrokke menere behoort eers te vergeet van 'n leierkwessie en alliansies. Hulle behoort alle aandag te gee aan beleid en 'n naam wat daardie beleid baie duidelik uitspel. Die naam moet verkleinering en bespotting onmoontlik maak. My voorstel is Nasionale Demokratiese Party.

Ons kan ons dan "die demokrate" noem en wie, by sy volle verstand, kan demokrate hoon? Selfs die vurigste sosialiste bring lippehulde aan demokrasie!

Ons is werklik baie moeg, en verveeld, met al die utopiane onder ons en hul droomkastele. Boksburg is 'n klinkende voorbeeld dat drome een ding is en die werklikheid 'n ander.

Die ganse land het nou ervaar dat mense baie gou van deuntjie verander wanneer daar aan hulle sakke gepeuter word! Buitendien weet ons ook na watter onmenslikhede Marx se drome sal lei, om nie eens te praat van hierdie eeu se grootste skandaal wat die gevolg was van Hitler se nasionalistiese droomvisioene nie!

'n Dringende boodskap aan die Nuwe Party. Menere ons is nie bang vir die sogenaamde Rooi Gevaar, of watter gevaar ookal veronderstel is om ons van oor ons grense te vermorsel nie.

Ons vrees totale bankrotskap van ons land, want dit is die ramp waarheen ons vinnig voortspoed. Die swere sweer binnelands: spreek asseblief die kwessies aan!

**Nog briewe op bladsy 14**

# Chinese dink 'Afrikane is diere'



Afrika-studente betoog teen die behandeling wat hulle in China kry

KONFLIK tussen Chinese en Afrika-studente wat die afgelope twee weke opgevlam het, kom van ver.

Reeds in 1980 het Chinese studente in Nanjing betoog teen Afrika-studente wat kos en klere van die Chinese regering ontvang terwyl die Chinese self in armoede lewe.

Nanjing was die afgelope twee weke weer die arena van konflik in herhaaldelike voorvalle tussen die twee groepe studente.

In die jongste voorval het Afrika-studente Woensdag hul klasse by 'n kollege in Peking geboikot. Hulle sê dat hulle onder "onhoudbare apartheid" in China ly.

Intussen het die diplomatieke krisis in China vererger toe die sekretaris-generaal van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA), Ide Oumarou, Dinsdag China se ambassadeur na die OAE in Addis Abeba ontbied het om die situasie te bespreek.

Westerse diplomate in Peking sê die rasse-onrus is besig om in 'n diplomatieke krisis te ontwikkel wat voortspruit daaruit dat Afrika 'n al hoe kleiner rol in China se buitelandse beleid speel.

Gambië het die Chinese charge d'affaires in Banjul, die Gambiese hoofstad, na die departement van buitelandse sake ontbied en geëis dat Alpha Robinson, 'n Gambiese burger wat in Nanjing aangehou word,

**'Broers, kom ons staan saam en veg vir ons menswaardigheid en kleur.'**

vrygelaat word.

In Woensdag se voorval het die sowat 300 studente by die taalinstituut in Peking 'n verklaring uitgereik waarin hulle sê: "Broers, kom ons staan saam en veg vir ons menswaardigheid en kleur."

Hulle het gesê dat die boikot na ander kolleges in Peking kon uitbrei. Hulle het besluit om 'n betoging wat vir Woensdag beplan is, af te stel omdat dit na provokasie kon lyk.

Die boikot volg op 'n voorval Dinsdag toe omtrent 100 Chinese studente by die instituut in Peking betoog het. Hulle beweer dat 'n Chinese vrouestudent deur 'n Afrika-student "verneder" is.

Konflik tussen die twee groepe studente het voor Kersfees losgebars nadat twee Afrika-studente wat 'n dansparty by die Hehai-universiteit in Nanjing wou bywoon, deur veiligheidswagte voorgekeer en om hul identiteit gevra is.

'n Geveg het uitgebreek tussen die swart en Chinese studente nadat die veiligheidswagte deur swart studente aangeval is. Volgens die Chinese nuusagentskap is 11 Chinese studente in die geveg beseer, van wie een ernstig.

Die dag ná Kersfees het sowat 5000 Chinese studente in die strate van Peking betoog nadat 'n gerug versprei is dat die beseerde student in die hospitaal dood is.

Omtrent 130 buitelandse studente, meesal uit Afrika, is deur die universiteitsowerhede na 'n gastehuis buite Nanjing geneem. Toe die owerhede hulle 'n week later na die kampus wou terugneem, het hulle geweier.

Liang Ruiju, die rektor van die universiteit, het die huis as 'n "onafhanklike koninkryk" beskryf waar die Afrikane geen Chinese wou toelaat nie.

Ruiju het die regering gevra om in te gryp. Meer as 300 polisiemanne het die gastehuis bestorm en van die studente gedwing om na die kampus terug te keer.

Volgens 'n student het die polisie hulle kaal uitgetrek en met knuppels geslaan. Na verdere bewerings van hardhandige polisie-optrede teen die studente, het die ambassade van Benin in Peking gesê dat hy formele vertoë aan die Chinese regering gaan rig.

Mamah Gobo Bio, 'n woordvoerder van Benin se ambassade, het gesê sewe studente wat as "aanhitsers" beskou is, is blykbaar deur die polisie uitgesonder. Twee van die studente kom van Benin.

Ses studente word volgens berigte deur die polisie aangehou.

Ander Afrika-ambassades het 'n "krisisgroep" gestig om die situasie te monitor. Dié groep sluit diplomate van Frans- en Engelssprekende Afrikalande in. Die leier van die groep is Soedan se ambassadeur in Peking, Mohamed Hamed Mattar.

'n Afrika-diplomaat het gesê hulle was ontevrede omdat die Chinese regering aangedui het slegs Afrika-studente was betrokke in die oproerigheid en nie Chinese studente nie.

Universiteitsowerhede en Afrika-studente het mekaar oor en weer beskuldig dat hulle die konflik aangehits het.

Ruiju het in 'n onderhoud met verslaggewers in Peking beweer dat sewe Afrika-studente die aanval begin het op veiligheidswagte, wat tot die geveg gelei het. Dieselfde studente het glo vroeër vanjaar 'n bank op die kampus beleër om die ontvriesing van hul geld te eis. Hul geld is bevries nadat hulle 'n omstrede muur rondom hul koshuis afgebreek het.

Een van die Afrika-studente het beweer die konflik is deur die owerhede aangehits is om te bewys dat die muur herbou moet word.

Intussen het sowat 50 Afrika-studente by die Hangzhou-landboukollege, 250 km oos van Nanjing, gesê hulle wil huis toe gaan nadat 'n berig gepubliseer is wat beweer dat hulle moontlik Aids kan dra.

"Ons wil niks meer met die Chinese te doen hê nie. Ons wil teruggaan na ons eie land," het 'n student gesê.

**'Ons wil niks meer met die Chinese te doen hê nie. Ons wil teruggaan na ons eie land.'**

'n Gambiese student het gesê skakelbordoperateurs by die kollege het geweier om oproepe na Afrika-studente deur te sit ná 'n geskrewe waarskuwing van die owerhede dat Afrika-studente moontlik Aids het.

Die studente het klasse geboikot en 'n dosent as gyselaar aangehou. Hy het twee dae daarna ontsnap.

In Dinsdag se voorval in Peking het Chinese studente in 'n pamflet beweer dat 'n Afrika-student 'n Chinese vrou na haar koshuiskamer gevolg het. Die vrou het glo paniekerig geraak en is beseer toe sy geval het. Dis nie duidelik hoekom sy geval het nie.

"Ons wil nooit rassisties optree nie, maar ons sal diegene opspoor wat nie ons landswette eerbiedig nie," sê hulle in die pamflet.

Die Chinese studente het ook plakkate teen die mure in Peking opgeplak. Dit is onwettig onder die Chinese grondwet.

"Straf die oproermakers; bloed vir bloed," sê 'n plakkaat. Nog een lees: "Staan op! Ons wil nie tweedeklas- Chinese burgers wees nie."

Afrika-studente het daarop gewys dat dit in elk geval vir hulle onmoontlik is om 'n vrouekoshuis te besoek sonder om te registreer en aan te dui wie hulle wil besoek. Die Chinese het ook nooit die vrou wat glo "verneder" is, geïdentifiseer nie.

'n Plakkaat wat Dinsdag deur Afrika-studente opgeplak is, lees: "Chinese mense het oor die algemeen geen respek vir Afrikane nie. Die meeste van hulle dink Afrikane is diere. Ons wil 'n vreedsame betoging hou. Mense moet ons menswaardigheid respekteer."

Omtrent 1200 mense studeer by die taalinstituut in Peking. Slegs sowat 200 van hulle is Chinese. Meer as 1500 mense uit Afrika studeer ook in China onder die Chinese regering se hulpverleningsprogram aan ontwikkelende lande.

In Nanjing het buitelandse studente vandeesweek gesê hulle het nog niks verder gehoor van die ses swart studente wat aangehou is oor die oproer van 24 Desember nie.

Intussen het 'n Afrika-student Dinsdag in Wuhan, sentraal-China, gesê 'n Sri Lankees is beseer toe Chinese 'n koshuis waar buitelandse studente woon met klippe bestook het.

Hulle het volgens hom plakkate by die plaaslike kollege opgeplak wat Afrikane as "swart duiwels" beskryf het.

In die verklaring van die Afrika-studente aan die taalinstituut in Peking sê die studente hulle menswaardigheid is ontneem deur die Chinese studente se betoging en die feit dat hul as "diere" beskryf is.

"Ons kry in China met 'n ander soort apartheid te doen wat ons nie langer kan aanvaar nie. Afrikane moet saamstaan en iets doen omtrent hierdie bose dinge," lui die verklaring.

Een Afrika-diplomaat in Peking het gesê die onderliggende probleem in die rasse-konflik is 'n "ongeskrewe reël" dat Chinese nie verhoudings met buitelanders moet hê nie.

Verskeie Afrika-studente het egter gesê dat die Chinese ambassades in hul lande voor hul vertrek aan hulle die groen lig gegee het om Chinese vriendinne te hê.

China het in die jare vyftig as self-aangestelde kampvegter vir pas onafhanklike Afrikastate na vore getree nadat sy betrekkinge met die VSA sowel as die Sowjet-Unie versleg het.

Sedert China tien jaar gelede geld en tegnologie uit die Weste begin ontvang het, speel Afrika nie meer

**'Ons kry in China met 'n ander soort apartheid te doen wat ons nie langer kan aanvaar nie.'**

so 'n belangrike rol vir Peking nie, het diplomate vandeesweek gesê.

"China se hele buitelandse beleid is deesdae op die Weste gevestig," sê 'n Westerse diplomaat. "Hulle gee basies nie meer om vir Afrika nie."

Sedert die jare vyftig het China wapens en guerilla-opleiding aan bevrydingsbewegings in Afrika verskaf. Een van die opleidingskampe was in Nanjing. Nuwe Afrikaleiers is dikwels deur Mao Tse-Tung se leerstellings geïnspireer.

In sy boek "The Star Raft - China's Encounter with Africa" wys die skrywer Philip Snow egter daarop dat tóé reeds aan guerrillas vertel is dat "hul oorwinnings nie aan hul eie meriete te danke is nie, maar aan Mao se denke".

China het ook rys na Guinea gestuur, brûe in Sudan gebou, nywerhede in Mali help ontwikkel, 25 000 Chinese gestuur om die Tanzanië-Zambië-spoorlyn te bou, en oral landboukennis en rentevrye lenings verskaf.

Snow sê egter in sy boek dat "een van die mees opvallende fasette van die Chinese wat deur die Kommunistiese regering na Afrika gestuur is, hul absolute onvermoë was om op enige informele manier in te skakel".

In 1960 het China begin om gratis opvoeding aan Afrikane in China te verskaf. Die Afrikane leer eers Mandarin by die taalinstituut in Peking, waar die rasse-konflik vandeesweek plaasgevind het, en studeer dan aan een van die universiteite of tegniese kolleges in die land.

Volgens Snow het Afrika-studente in China al dikwels vantevore beswaar gemaak teen die behandeling was hulle van gewone Chinese en die owerhede ontvang. Sulke besware is oor die algemeen met "seergemaakte onbegrip" deur die Chinese ontvang.

Afrika het sy dank in 1971 bewys toe Peking met behulp van Afrikastemme Taiwan as China se verteenwoordiger in die VVO vervang het.

China verskaf nog steeds hulp aan Afrika, en beplan om vanjaar die restourasie van 'n staalmeul in Zimbabwe te finansier. Hulle gaan ook 'n dam van 93 miljoen dollar in Somalia help bou, wat die droogte op die horing van Afrika sal verlig, het die amptelike Chinese dagblad vandeesweek berig. - AFP

# Marx is nie die Bybel nie, sê Sowjet-denker

MOSKOU - 'n Reeks artikels deur 'n filosoof van die sentrale komitee is besig om gevestigde denke oor kommunisme in die Sowjet-Unie te verander.

Vir die eerste keer word gesê dat Stalin, met al sy tekortkominge, dalk die produk van konvensionele Marxisme was.

Alexander Tsipko, 'n doktor in die filosofie, het twee artikels in die maandblad Nauka I Zhizn gepubliseer, waarin hy dit waag om voorheen ondenkbare vrae oor Sowjet-leier Mikhail Gorbatsjof se hervormings te vra.

Veronderstel vorige Sowjet-leiers het nie afgewyk van Leninistiese beginsels, soos Gorbatsjof beweer nie, maar die stelsel self is gebrekkig en verouderd?

Die artikels het groot belangstelling gewek in intellektuele kringe in Moskou. Daar word gesê dat Tsipko se mymeringe dalk goedkeuring op hoë vlak wegdra.

Tsipko werk in die sentrale komitee se departement vir sosialistiese lande onder Valentin Falin, die hoof van die beleidmakende liggaam se internasionale kommissie.

Gorbatsjof en sy hoof-ideoloog Vadim Medvedev het al beklemtoon dat dit nodig is om Sowjet-ideologie te moderniseer, en gewys op die belangrikheid van ondervinding eerder as teorie.

## Bron

Tot dusver het hulle egter volgehou dat die "bevelsmetodes van administrasie" wat van Stalin geërf is, 'n afwyking van Leninistiese beginsels is.

Medvedev het verlede maand die "bevooroordeelde bespiegeling" dat "Lenin die bron van die administratiewe bevelstruktuur was", in 'n artikel verwerp.

Tsipko het Sowjet-joernaliste en -intellektuele geroskam omdat hulle weier om die "onsigbare lyn" van die jare dertig oor te steek en nie waag om te vra of Lenin, die stigter van die Sowjet-staat, en sy leermeester Marx die grondslag van Stalinisme gelê het nie.

In sy artikels, getiteld "Die bronne van Stalinisme", argumenteer Tsipko dat daar nooit enige grondige verskille tussen Stalin en sy teenstanders, insluitende Leon Trotsky, oor die gedwonge metodes van industrialisering was nie.

"Stalin se mikpunt en idees, en sy beeld van sosialisme, was tipies van die Marxiste van sy tyd," sê Tsipko. Stalin en sy optrede "is gebore uit 'n revolusionêre beweging wat begin het lank voordat Stalin aan bewind gekom het".

Oor Marx sê Tsipko: "Ons het die reg, en ons moet inderdaad vra: Wat is deur Marxistiese teorie bevestig, en watter dele daarvan moet ons volg? Wat is daar in dié leerstuk wat vir sy tyd reg was? Wat was die foute van Marx en Engels?

"Hulle het hulself as geleerdes beskou. Ons het hulle in profete vir toekomstige eeue verander," sê Tsipko.

## Toets

Hy sê die teorie van 'n kommunistiese gemeenskap wat in die middel van die negentiende eeu geskep is, kan nie aan die einde van die twintigste eeu onveranderd bly nie.

"Wat ons eintlik vandag van Marxistiese materialisme nodig het, is sy dialektiek, sy geestelike buigsaamheid, sy vermoë om konkreet en histories te dink, en sy kritiese benadering tot die werklikheid."

Tsipko sê Sowjet-intellektuele moet ophou om Marx soos die Bybel te aanvaar en nie bang wees om die teorie aan die praktyk te toets nie.

Hy wys daarop dat sommige mense vandag nog die "elementêre waarheid van Marxisme verkondig" sonder om verder daaroor na te dink. - AFP

# Politiek 'boksburg' SA se ekonomie

Colin McCarthy

DESEMBER en Januarie is die tyd wanneer allerlei kenners kristalballe raadpleeg om te kyk wat die nuwe jaar inhou.

Ekonome is veral bekend vir pogings om die toekoms te lees; party waag dit selfs om met natuurwetenskaplike presiesheid tot die eerste desimaal die ekonomiese groeikoers, die inflasiekoers, rentekoerse, die wisselkoers en nog talle ander ekonomiese veranderlikes te voorspel.

Korttermyn-vooruitskattings wat die sikliese verloop van die ekonomie as vertrekpunt neem, is beslis nuttig, maar die omstandighede waarin die Suid-Afrikaanse ekonomie die afgelope dekade en langer verkeer regverdig eerder dat toekomsverkenning op strukturele probleme en langtermynneigings fokus.

Wat verlang word, is 'n ommekeer van die geneigdheid tot lae ekonomiese groei, die onvermoë om voldoende werksgeleenthede vir die groeiende arbeidsmag te skep, en die daling in die koopkrag van geld as gevolg van dubbelsyferinflasie - tot 'n situasie van hoë werkskeppende groei en prysstabiliteit. Die eerste prioriteit moet egter groei wees.

Om 'n doelwit van stygende welvaart vir die hele bevolking te bereik, moet die ekonomie breek uit 'n groef van ekonomiese groei wat nie bokant die plafon van drie persent kan beweeg nie, toenemende werkloosheid en armoede, inflasie rondom 13 persent en hoër, lae besparings en 'n owerheid wat sukkel om stygende aansprake en verwagtings uit 'n beperkte belastingbasis te finansier.

Indien ons teen so 'n agtergrond na die toekoms kyk, hoop 'n mens dat 1989 die jaar sal word waarin die nodige aanpassings begin om die ekonomie op 'n hoër groeipad te plaas, wat vir stygende welvaart en sosiaal-politieke stabiliteit noodsaaklik is.

## Aanpassings

Watter aanpassings word vereis om die volle potensiaal van die ekonomie te benut?

'n Dinamiese private sektor wat onder die dissipline van mededinging winssoekend groeimoontlikhede eksploiteer, is 'n noodsaaklike vereiste vir hoë, werkskeppende ekonomiese groei.

'n Private sektor wat (a) langtermyn-investeringsbesluite in 'n wêreld van politieke onsekerheid moet neem, (b) meganiseer omdat kapitaal in 'n kapitaalarm land goedkoper as arbeid is en omdat die fabrieksvloer by gebrek aan aanvaarbare politieke inspraak gepolitiseer word, en (c) as gevolg van onder andere oormatige beskerming teen buitelandse mededinging en monopolistiese groepvorming nie deur mededinging gespier word nie, sal nie die groei genereer wat nodig is om op die lang termyn lewenstandaarde teen 'n flukse tempo te verhoog nie.

Uit 'n beleidsoogpunt beskou, is daar min wat die owerheid direk kan doen om die inisiatief van die private sektor te stimuleer. Indirek kan die beleidmakers egter gunstige omstandighede skep waarin private inisiatief kan gedy op 'n manier wat die algemene belang sal bevorder.

Gunstige omstandighede kan geskep word deur rentekoerse wat in die reël hoër is as die inflasiekoers om die skaarsheid van kapitaal te weerspieël en deur alle beperkings op die mobiliteit van arbeid, kapitaal en ondernemersinisiatief te verwyder.

Dinamiese en manmoedige politieke hervormingsinisiatiewe, die voortsetting van aksies om die skoling en opleiding van swartes op 'n niediskriminerende grondslag te bevorder en die aanmoediging van kleinsake-ontwikkeling dra ook hiertoe by.

Verdere belangrike faktore is daadwerklike deregulering, 'n matige beskerming teen invoere, en die voortsetting van optrede om monopolistiese praktyke aan bande te lê.

Die betreding van 'n hoër ekonomiese groeipad vereis ook 'n afskaling in die owerheid se aanspraak op skaars bronne vir grootliks onproduktiewe aanwending.

Die Margo-kommissie het lofwaardige pogings aangewend om aanbevelings oor 'n meer doelmatige belastingstelsel vir Suid-Afrika te maak. 'n Konsentrasie op staatsinkomste alleen is egter nie naastenby genoeg nie; owerheidsbesteding moet ook ondersoek word.

Die duplisering van dienste en burokratiese strukture wat die driekamerparlement en die tuislandstelsel meebring, en 'n nywerheidsdesentralisasiebeleid wat teen groot koste vir die belastingbetaler nywerheidsvestiging bevorder waar dit nie op die lang termyn lewensvatbaar kan wees nie, verteenwoordig onproduktiewe besteding wat politieke ideologie dien is en allermins die algemene belang bevorder.

Die nuwe jaar sal waarskynlik ontwikkelings meebring wat Suid-Afrika se posisie in die wêreldekonomie daadwerklik sal beïnvloed. Dit kan aanvaar word dat George Bush nie sy nek so ver soos president Reagan sal uitsteek om eskalerende sanksies teen Suid-Afrika teen te staan nie.

Uit Europa kom ook berigte dat 'n groter onverbiddelikheid teenoor Suid-Afrika aan die opbou is. Met die Namibia-Angola probleem uit die weg geruim, kan verwag word dat die internasionale soeklig skerper op Suid-Afrika se binnelandse beleid sal val.

Hoogheilige uitsprake oor die onaanvaarbare inmenging in ons binnelandse sake en oor die dubbele standaarde waarmee dit gepaard gaan, sal geen indruk maak op die afsku wat die wêreldgemeenskap aan apartheid het nie.

## Boksburg

Net so min as wat Boksburg hom sonder onaanvaarbaar hoë koste kan isoleer van die breër gemeenskap waarin hy funksioneer, kan Suid-Afrika hom van die wêreldgemeenskap afsluit in 'n gees van "do your damndest".

Indien hoër ekonomiese groei en stygende welvaart vir die hele bevolking ons erns is, is dit duidelik dat 1989 gekenmerk sal moet word deur nuwe aksies en die voortsetting van bestaande inisiatiewe om die begrensings van ekonomiese aktiwiteit te deurbreek.

Uiteraard sal regstellende beleid nie binne die bestek van een jaar die ekonomie op die hoër groeipad plaas nie, maar daadwerklike optrede kan die ekonomie in die regte rigting stuur.

Of die politici aan die regtervleuel van die wit politiek daarvan hou of nie, buitelandse reaksie sal 'n belangrike oorweging in ons binnelandse politiek word.

Niks minder as fundamentele politieke veranderings sal verhoed dat Suid-Afrikaanse se ekonomie internasionaal "geboksburg" word.

# Arm Afrika se groeikoers styg in '88

ADDIS ABEBA - Afrika se ekonomiese groeikoers verlede jaar was baie hoër as die vorige jaar, hoewel dit gesien moet word teen die kontinent se verskriklike skuldlas, 'n hoër bevolkingsgroei en trae aanvraag vir uitvoerprodukte.

So sê Prof Adebayo Adedeji, uitvoerende sekretaris van die Ekonomiese Kommissie vir Afrika (EKA).

Volgens hom het die kontinent in 1988 'n oorhoofse groeikoers van 2,5 persent gehad, vergeleke met 1987 se 1,3 persent. Kosproduksie en landbou het die meeste groei getoon: 3,8 persent.

Adedeji het die "ommeswaai" in kosproduksie as verbasend beskryf. In 1987 was daar in hierdie sektor 'n negatiewe groei van 11,2 persent. Verlede jaar se groei het plaasgevind ondanks sprinkaanplae, droogtes en vloedrampe wat baie lande getref het.

Hy skat dat die algehele graanoes in die streek 71,8 miljoen ton sal haal. Dis 7,8 persent beter as die vorige jaar.

In sy positiefste ekonomiese oorsig van die afgelope paar jaar, sê Adeji dat buitengewoon goeie weer en 'n volgehoue styging in metaalpryse, veral koper, die twee belangrikste ontwikkelings in 1988 was.

Hy beklemtoon egter dat 'n toename van 3 persent in die bevolking, Afrika se groeiende buitelandse skuldlas en 'n skerp daling in wêreldpryse vir Afrika-uitvoere (insluitende ru-olie) verantwoordelik was vir nog 'n swak ekonomiese vertoning.

Afrika se skuldlas het gestyg tot 230 miljard dollar (van 218 miljard in 1987 en 174,4 miljard in 1986). Die skuldlas sal vanjaar vererger as skuldeiserlande en -instellings nie help met bronne-oordrag na die sukkelende lande nie, waarsku hy.

Die skuldsyfer sluit blykbaar nie Afrika-lande se militêre lenings of die lenings van Oosbloklande in nie.

Adedeji sê die per kapita-produksie het sedert 1980 bestendig gedaal.

Dit is nou 80 persent van die 1980-syfer.

Afrika se ekonomiese rekord vir verlede jaar is in skerp kontras met die duidelike herstel en ekonomiese oplewing in die nywerheidslande en die voortgesette groei in wêreldhandel.

Volgens hom het die kontinent nie uit hierdie gunstige toestande voordeel getrek nie omdat die vraag na sy uitvoere traag gebly het, terwyl skuld en skulddiensgeld hom ekonomies uitgemergel het.

Die bestuur van EKA was krities teenoor die strukturele en stabiliseringsprogramme van instellings soos die Internasionale Monetêre Fonds (IMF). Hulle sê hierdie instellings ignoreer die behoefte om die bestaande patrone van produksie en verbruik te herstruktureer.

Gevolglik word minder aandag gegee aan die doelstellings van ekonomiese herstel en volgehoue groei. Daarom styg die lewenspeil in Afrika nie.

"Ons moet ons meer bemoei met plaaslike insette en die positiewe binnelandse klimaat vir dinamiese ontwikkeling, in plaas daarvan om te bekommerd te wees oor interne en eksterne finansiële en monetêre balanse."

Hy het aangekondig dat EKA reeds begin het met navorsing om Afrika-alternatiewe te vind vir monetêre hervormings, stabilisasie- en struktureleaanpassingsprogramme wat in 1989 nougeset gevolg kan word.

Aan die kredietkant stel Adedeji die positiewe invloed van die landbou-suksesse op die vervaardigingsbedryf. Grondstowwe het baie neer beskikbaar geraak.

"Na raming het die waarde wat deur die vervaardigingsbedryf geskep is, toegeneem tot 3,2 persent in 1988. In 1987, toe die landbou-bedryf swaargekry het, was daar 'n waardedaling van 0,2 persent." - AFP

# Zambië wil hom aan eie veters optrek

LUSAKA - Zambië se vierde nasionale ontwikkelingsplan is vandeesweek deur president Kenneth Kaunda van stapel gestuur om die land se sukkelende ekonomie met "eie bronne" te verbeter.

Kaunda het in sy openingstoespraak op TV en die radio gesê die doel van die plan is om 'n "selfonderhoudende ekonomie volgens die riglyne van die nuwe ekonomiese herstelprogram te skep".

Die klem van die program is op die landbousektor. Aansporings vir ander produktiewe sektore van die ekonomie sal ook geskep word, het hy gesê.

Die Kaunda-regering het in Mei 1987 beheer oor die ekonomie oorgeneem toe die land die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se streng herstruktureringsprogram laat vaar het.

Kaunda het gesê die IMF-program, wat gelei het tot kos-opstande einde 1986, het baie lyding in die land veroorsaak.

Zambië se buitelandse skuld is meer as vyf miljard dollar.

Sedert die breuk met die IMF-program het skenkerlande oor die algemeen met bilaterale hulp en skenkings voortgegaan, maar dit was nie genoeg om die agterstand in skuldbetalings in te haal nie.

Met die ontwikkelingsplan word beoog om die inflasiekoers teen 1993 tot onder 20 persent te verminder. Inflasie staan tans op 40 tot 45 persent.

'n Tweede doelwit is om die tekort op die regering se begroting tot minder as twee persent van die bruto binnelandse produk te besnoei.

Zambië se uitvoere moet ook gediversifiseer word om buitelandse valuta-besit in stand te hou en die land se betalingsbalansposisie te verbeter. - AFP

# Verhoudinge in werkplek vorder goed in 1988

**Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**

OOR die afgelope jaar is daar in baie fabrieke en winkels en op verskeie konstruksieterreine betekenisvolle vordering gemaak in arbeids- en menseverhoudinge.

'n Klimaat van wedersydse vertroue is geleidelik geskep deur groepe met verskillende doelwitte en belange wat op gelyke voet met mekaar onderhandel het. Dit het nie altyd sonder spanning en probleme geskied nie.

Arbeidsvrede gaan nie oor die afwesigheid van verskille nie, maar oor die onderlinge reëling van die onderskeie groepe se wense, belange en menings. Verskille hierin is 'n ingeboude kenmerk van die werksplek.

Maar konflikterende behoeftes is nie op sigself negatief nie. Om hulle openlik te erken, bekend te stel en te bespreek, kan konstruktief wees, terwyl die verberging daarvan tot openlike aggressie kan lei.

Dit is veral die geval waar kompetisie in 'n markekonomie aangemoedig word. Privaateienaarskap, die hiërargiese struktuur en mededinging om skaars bronne moet noodwendig lei tot klas- en groepsverdelings en tweestrydighede, en 'n ongelyke verdeling van rykdom en gesag.

## Magsverdeling

Arbeidsverhoudinge gaan juis om die hantering van hierdie konflikte van regte en magsverdelings, asook oor uiteenlopende groepsbelange en die verdeling van winste. Dit is 'n aanhoudende proses waar ekonomiese, sosiale en politieke invloede noodwendig almal 'n rol speel.

Hoewel ons dikwels lees en hoor van nywerheidsverhoudinge wat verkeerd loop, is dit nie die volledige prentjie is nie. Baie vakbonde en werkgewers - kan ek waag om te sê die meerderheid van hulle? - is besig om deur middel van onderling onderhandelde ooreenkomste verhoudinge in die werkplek te verbeter.

Sulke onderhandeling vind op verskeie vlakke plaas; groot sowel as klein werkgewers en vakbonde neem daaraan deel.

Hierdie proses van kollektiewe bedinging op 'n menigte vlakke dwing persone en groepe met uiteenlopende sienswyses om na mekaar te luister. In die belang van arbeidsvrede moet hulle kompromieë oor hul geskille aangaan.

Hulle doen dit omdat arbeidsonrus vir albei partye 'n duur prys dra. En wanneer hulle op 'n gelyke basis onderhandel en na mekaar luister, toon hulle respek vir mekaar. Gesamentlik word dikwels oplossings gevind.

Hierdie proses is 'n noodsaaklike deel van indiensneming. Vir die werkers is die poste wat hulle beklee, die werk wat hulle doen en die manier waarop hulle in die werkplek behandel word, almal belangrike aspekte van arbeidsverhoudinge.

Die bestuurder weet dit is deel van sy plig om mense te motiveer en dat gesonde arbeidsverhoudinge noodsaaklik is vir die vervaardiging van goedere en die lewering van dienste.

Vanjaar is die tiende jaar van die sogenaamde nuwe arbeidsbedeling in Suid-Afrika. Dit sal nuwe geleenthede bied om voort te bou op die ondervinding van die afgelope jare.

## Ken julle geskiedenis

**Schalk Jacobs van Die Bywoners, Braamfontein, skryf oor 'n artikel in Vrye Weekblad waarin verskele mense oor die betekenis van Geloftedag genader is:**

Wys jou net hoe ken mense hulle geskiedenis!

My kommentaar:

Danie Craven:

Bloedrivier is die enigste veldslag waartydens nie 'n enkele boer gesneuwel het nie. Net respek vir 'n wonderwerk?

Frank Chikane:

Die Boere dank God dat Hy hulle daardie dag gered het van 'n gewisse dood toe hulle deur bykans 10 000 van die gedugste krygers in die wêreld aangeval is. Hierdie krygers was Dingaan se Zoeloemag.

Dingaan was 'n tiran wat oor die mag van lewe en dood oor sy eie mense beskik het. Hy het onder hulle bekend gestaan as iemand wat gevange vroue en kinders soms vir sy eie plesier om die lewe laat bring het. Die Zoeloes is gevrees deur al die ander 'swartmense' in Suid-Afrika wat met hulle te doen gekry het. Maar nou verstaan ek heelwat meer aangaande die bestuur van die SARK!

Johan Heyns:

Op die 9de Desember 1838 het die emigrante-Boere 'n gelofte afgelê waardeur hulle hul aan God se genade oorgegee het. Hulle het aanvaar

Vervolg van bladsy 11

dat hulle sou kon omkom as dit Sy wil sou wees. Hulle het ook 'n ernstige smeekbede tot God gerig om hulle by te staan om die Gelofte na te kom.

Op Sondag 16 Desember het God die Boere se Gelofte beantwoord met 'n wonderwerk en so 'n verbond met hierdie groepie mense en hul nasate verseël.

Laat ons ook nie vergeet dat die NG Kerk destyds die emigrasie van die Boere verdoem het nie. Is dit miskien waarom die feit van die wonderwerk by Bloedrivier nou nog nie in die Boer se geloofsbelydenis opgeneem is nie? Dit is nie 'n Afrikanerfees nie maar 'n Boerefees.

Allan Hendrickse:

U word hoegenaamd nie geraak deur die Gelofte nie. Hoe gouer u leer om u by sake te bepaal wat u aanstaan hoe gouer sal u vir u mense werklike politieke seggenskap kan beding.

Frank Meintjies:

Interessant! Dingaan wou die Boere nie net oorheers nie. Onder aansporing van die Britse filantrope wou hy die Boere heeltemal uitroei!

Hardy Botha:

Hierdie stelling van hom is net so dramaties makaber as die pen-en-inkskets wat hy vir my produksie van Voorlopige Vonnis in 1973 in die Kaap geteken het.

Guy Butler:

Die feit dat baie mense, o.a. blankes, so voel, is juis waarom 'n oplossing in hierdie land afhang van die daarstel van soewerein onafhanklike gebiede waar elke Afrikavolk oor homself kan regeer.

Jan Rabie:

Korrek! Die woord Afrikaner of Africaner of Africander of Africaander het aanvanklik beteken boorling van Afrika en nie van Batavia of Holland of Engeland of elders nie.

Dit was eers in 1880 dat dit met die stigting van die Afrikaner Bond na 'n spesifieke groep Afrikaners begin verwys het. Hierdie Afrikaners se politieke siening het radikaal van die Boere s'n verskil.

In 1882 het hulle Britse heerskappy aanvaar en tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hulle die Britte se kant teen die Boere gekies. Hulle verskil van die Boer soos die Vlaminge van die Hollanders verskil - twee verskillende nasies.

Sheila Camerer:

My oupagrootjie aan moederskant, George Harding Coulson, was 'n Britse onderdaan tot sy dood in 1922. Hy het as 13-jarige seun in 1850 na Natal geëmigreer en is in 1862 getroud met 'n dogter van Jan Gerritze Bantjies.

Hulle het vier seuns gehad wat almal in Boerekommando's geveg het tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Bantjies het die Gelofte afgelê en ook 'n joernaal van die Bloedrivier-ekspedisie laat verskyn in De Zuid-Afrikaan van 1 Junie 1839.

## Oor 'n handves

**JA Enslin van Malvern skryf:**

Nog nooit was die behoefte aan intellektuele leierskap in Suid-Afrika groter as vandag nie. Baie denkende mense ervaar die gevoel van magteloosheid; 'n gevoel dat die individuele mens niks aan die status quo kan doen nie en selfs al sou dit moontlik wees, sal dit niks aan die finale resultaat verander nie.

Suid-Afrika is 'n land wat gebou is op geloof en die gewelddadige toepassing daarvan in die praktyk. Die idees wat nodig is om hierdie land en sy mense uit hulle intellektuele en kulturele bankrotskap te lei is so nuut en vreemd dat die meeste mense dit as 'n bedreiging beskou.

'n Politieke samelewing waarin elke mens vry is en die reg op sy vryheid eis is botsend met die bestaande moraliteit en vreemd aan die denke van "die man in die straat".

Die feit dat Amerika en ander Westerse lande, wat wel 'n handves van menseregte het, met dieselfde probleme as die res van die wêreld worstel, ondermyn die geloofwaardigheid in 'n handves van regte en skep by mense die idee dat 'n oplossing onmoontlik is en dat die oorsaak van sy probleme weliswaar buite die mens en sy samelewingsorde geleë is.

Hulle laat egter na om te onderskei dat die probleem nie geleë is in 'n handves van menseregte nie, maar in die toepassing van die teenstrydige idees wat daarin verwoord is, en die argaïese idee dat dit die taak van 'n regering is om in die plek van 'n goedhartige god, voedsel, klere, sekuriteit, moraliteit en ander "noodsaaklike behoeftes" aan almal te voorsien wat dit nodig het.

'n Reg is 'n morele beginsel wat die mens se vryheid van aksie in sosiale konteks definieer en goedkeur en as sodanig bestaan daar slegs een fundamentele reg nl die reg van 'n mens tot sy eie lewe - alle ander regte is aanhangsels hiervan.

Die konsep regte is 'n logiese oorgang vanaf die beginsels waarvolgens 'n individu sy eie lewe reël, na die beginsels wat sy interaksie met ander mense reël.

'n Handves van regte beskerm en onderhou individuele moraliteit in die gemeenskap en dit is as sodanig 'n metode om die gemeenskap (regering) te onderwerp aan moraliteit.

Aangesien daar slegs dmv geweld op die reg van mense inbreuk gemaak kan word (enersyd deur kriminele en andersyds deur die regering), is die taak van die regering om die gebruik van geweld onder objektiewe beheer te plaas en dan slegs vir gebruik teen diegene wat geweld aanvoor.

Die regering is die instrument wat verseker dat mense met mekaar kan omgaan as handelaars en nie as antagoniste nie. Die howe tree in hierdie verband as arbiters op en die polisie as toepassers van die wet. LW die taak van die regering is nie om 'n bepaalde moraliteit op mense af te dwing nie.

Groepsvorming, of die reg op vrye assosiasie, is die reg van elke mens, maar geen groep het die reg om sy moraliteit, standaarde of doelwitte dmv wetgewing op ander mense af te dwing nie.

So het Christene byvoorbeeld die reg om hulle idees te verkondig en te bevorder; om hulle winkels op Sondae te sluit; om literatuur en aktiwiteite soos dobbelary te boikot, maar nie om hulle moraliteit ensomeer dmv die staatsmeganisme op ander af te dwing nie.

Dieselfde geld tov Moslems, Afrikaners, Zoeloes en alle ander groepe en sosiale weldoeners. Die armes, gestremdes, weduwees en wese het die reg om hulle op die goedhartigheid en welwillendheid van ander mense te beroep, maar nie om hulle voortbestaan te verseker ter wille van die reg van ander mense nie.

As 'n mens eers die reg kompromitteer, al is dit ook ter wille van 'n "goeie" doel, kompromitteer jy die beginsel van die reg en erken jy in beginsel dat mense sonder verhoor toegesluit kan word ter wille van "orde en vrede", of dat vryheid van assosiasie verbied mag word twv "rasseharmonie", of dat die pers se mond gesnoer mag word terwille van die "waarheid"; maw dat enigiets geregverdig word deur 'n doelwit wat "goed" genoeg is.

Enigiemand wat dink dat hy die beginsels van die reg kan kompromitteer sonder om self 'n slagoffer te word, kan gerus die geskiedenis van enige tirannie gaan lees.

Dit is nie alleen die koning wat naak is nie.... maar 'n begin is gemaak om die probleem te identifiseer; om mense te leer om die werklikheid van die situasie waarin hulle hul bevind te aanvaar; om uitgangspunte te herdefinieer en om te begin herbou. Vrye Weekblad is op pad en ek wens u sterkte en sukses toe.

(Brief verkort)


# Vrye Weekblad

ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE

**DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER**

## Tariefkaart

| | |
|---|---|
| Standaard-tariewe | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| Kleur | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| Spesiale posisie | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| Spesiale tariewe | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% |
| 13 " " | 12,5% af |
| 26 " " | 20% af |
| 52 " " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |

**LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD**

# Kolwe swaai in die townships

Cornis van der Lugt

KLEIN Simon Ramkoana tel sy kolf op, net soos sy afrigter hom geleer het ... net soos soos die mini-kriekethandboek vra.

Sy voete is parallel en redelik naby aan mekaar, sy kolf ongeveer paaltjiehoogte en reguit na agter gerig, sy kop hou hy stil en sy oë op die bal.



Francois Weideman leer 'n Soweto skoolseun hoe om vorentoe te speel

Simon oefen vandag in die nette op die Wanderers sè krieketgronde. Die skool begin eers volgende week, maar hy en 'n paar kollegas het vandag vir die soveelste keer hierdie vakansie 'n taxi van Soweto af geneem na die hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU).

"Hul entoesiasme is absoluut ongelooflik," gesels Francois Weideman, afrigter van die SAKU. "Dít en hul bereidwilligheid is wat dit alles vir ons die moeite werd maak."

Simon is deel van 'n SAKU-projek om krieket in die townships te laat posvat. Natuurlik is die Suid-Afrikaanse politiek ook ter sprake. "Jy kan nie politiek en sport skei nie," sê dr Ali Bacher, besturende direkteur van die SAKU en brein agter die ontstaan van mini-krieket.

"Ons wil die basis van krieket in Suid-Afrika uitbrei en beter rasseverhoudinge bevorder. Deurdat wit en swart kinders saam kolf groei beter verhoudinge. So kan ons 'n beter toekoms vir hierdie land skep."

Krish Mackerdhuj, president van die Suid-Afrikaanse Krieketraad (SAKR), is skepties: "'n Mens kan nie die lewe in kompartemente opdeel nie. 'n Mens kan nie vir iemand sê hy is op een gebied vry om te doen wat hy wil en op 'n ander word hy ingeperk as gevolg van sy ras nie."



Francois Weideman, SA-Krieketunie afrigter met 'n groepie seuns van Soweto

## Eerlikheid

Volgens hom gaan dit vir die SAKR "meer oor menslike eer as net krieketafrigting en wêrelddeelname". Hy sê wit sportmanne wat nie-rassigheid in sport steun, moet dit ook op ander gebiede van hul lewe aanmoedig.

"Ons glo in regverdige spel, eerlikheid en geregtigheid, nie net in krieket nie maar in die gemeenskap in geheel. Ons preek nie net anti-apartheid nie, ons lewe anti-apartheid," sê Mackerdhuj.

Maar die SAKU verskil. In die inleiding van die mini-kriekethandboek verwys Joe Pamensky, president van die SAKU, na mini-krieket "wat so baie doen op 'n praktiese manier om die Suid-Afrikaanse leefwyse onder die jeug te normaliseer".

Simon het in Standerd 2 by sy skool begin mini-krieket speel. Hy is een van die 60 000 aspirant Wes-Indiërtjies aan die Rand en in Pretoria. Die SAKU het in 1981 die projek in Soweto begin. Vandag speel kinders van nege tot vyftien jaar in verskeie townships oor die hele land mini-krieket.

In al die betrokke woongebiede is krieketnette opgerig. Simon is gekies as een van die 25 leerlinge wat by die nette in sy buurt afrigting kry. Sy afrigter kies hom dikwels vir hul span wat op gereelde grondslag teen wit skole speel.

Hy het ook al gespeel vir die Transvaalspan, wat bestaan uit leerlinge van Soweto, Alexandra en Kagiso. In die OK Bazaars se onder 12-week neem provinsiale spanne deel wat bestaan uit agt swart en vier wit spelers, en in PG Wood se onder 15-week neem provinsiale spanne deel wat bestaan uit tien swart en twee wit spelers.

"Die klem val op sosiale interaksie tussen wit en swart," sê Weideman. Terwyl ons gesels kom 'n groepie jong gentlemen die kantoor binne, met die unie se T-hempies aan.

Weideman sonder een of twee sterre uit. "Ons het agtien maande gelede met die nette en harde balle begin. Oor so ses jaar behoort die eerstes van hulle hul merk in senior-ligakrieket te begin maak."

Die Transvaalse krieketspan het in 1988 tydens die Perm-laer-skoolweek vir die eerste keer swart spanlede gehad: die snelbouler Walter Masemola en die openingskolwer Billy Mabena. Albei het met mini-krieket begin.

Mini-krieket is gebaseer op sagte-balkrieket wat in die Wes-Indiese eilande gespeel word - elke span het agt spelers wat elk twaalf balle ontvang. Die boulers boul elk twaalf balle en elke speler kry 'n beurt om in al die posisies veldwerk te doen.

## Sukkel

Die SAKU het verlede jaar by die Wanderers 'n mini-krieketfees aangebied. Sestig swart skole en 40 wit skole het deelgeneem. Weideman sê die spelers skakel sonder probleme by mekaar in. "Daar is niks abnormaals nie".

Die Unie sukkel om deelname van bruin en Indiërskole te kry omdat die SARK sterk steun in dié skole geniet.

Krish Mackerdhuj meen die jong swart spelers sal eendag Sacos se filosofie van "geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap nie" steun. Weideman verskil hiervan.

Wie weet, miskien speel Simon nog eendag vir Suid-Afrika.

# Naels en al het Flo alles wat tel

GEE aan elke man die reg om te stem en kyk wat gebeur!

Hier oor die Nuwejaar het 'n aantal internasionale sportskrywers hul Kampioen van Kampioene vir 1988 aangewys.

Die man wat met die titel weggestap het, was die Amerikaanse vrou Florence Griffith-Joyner. Tweede was die Oos-Duitse swemster Kristin Otto en derde die Wes-Duitse tennisspeelster Steffi Graf.

Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat drie vroue die eerste drie plekke in die speletjie verower het. Soos die berig hier in Suid-Afrika aangekom het, is daar nie gemeld hoeveel van die internasionale sportskrywers mans en hoeveel vroue was nie. As ek egter kan raai was 'n groot persentasie mans. Die rede vir die aanname is eenvoudig hul keuse.

Super-Flo het wel drie medaljes by die Olimpiese Spele in Seoel gewen. Enige sportskrywer wat haar prestasie egter hoër ag as dié van Steffi Graf moes op grond van skoonheid en nie verdienste besluit het.

Steffi het alles wat te wen was op die tennisbaan gedurende 1989 gewen. Sy het die Amerikaanse, Australiese en Franse Opes gewen en boonop ook nog Wimbledon. Net om die kersie op die koek te sit het sy nog 'n goue medalje by die Olimpiese Spele in Seoel ook gewen.

Geen vrou in die geskiedenis van wêreldtennis kon die prestasie nog ewenaar nie - ek moet darem meld dat die Olimpiese Spele vir Maureen Connolly en Margaret Court geslote was.

Super-Flo se prestasies kan nie vergelyk word met dié van iemand soos Fanny Blankers-Koen nie.

Wat skoonheid betref, bly die Latynse Gabriela Sabatini 'n asemrowende gesig op die tennisbaan.

Krieket in Suid-Afrika is vanjaar honderd jaar oud. Seker ouer selfs, maar die Suid-Afrikaanse Krieketunie is vanjaar honderd jaar gelede gestig.

Dit is sekerlik rede vir 'n fees.

Die krieketbase het egter ook rede tot kommer. Die Curriebekerreeks, wat jare lank die ruggraat van Suid-Afrikaanse krieket was, is besig om in 'n klug te ontaard. Die rede is dat met die gehalte van krieket wat tans in Suid-Afrika gespeel word, daar geen manier is waarop 'n uitslag op die normale manier oor drie dae verkry kan word nie.

Verklarings deur die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal het hul wedstryde teen onderskeidelik Noord-Transvaal en die Oostelike Provinsie in naelbyters laat eindig.

Die verklarings kom egter daarop neer dat die spanne in die eerste beurt slegs speel totdat die bonuspunte beslis is en dan verklaar. Die speletjie duur gewoonlik so 'n dag en 'n driekwart. Die laaste dag en 'n uur word basies soos eendagkrieket gespeel. Lopies word gejaag en 'n verklaring met 'n teiken word gestel.

Soos dr Grace jare gelede sou sê: "Dit is nie krieket nie."

'n Oplossing sou wees om die wedstryde na vier dae te verleng. Dit sou meer koste en minder toeskouers per dag meebring. Dit sal egter ook verseker dat die gehalte van die spel nie agteruitgaan nie.

So 'n besluit verg mannemoed. Ons sal maar moet sien of die kantore op die Wanderers deur manne of muise beman word.

So van krieket en sy geskiedenis gepraat. In die beginjare van Suid-Afrikaanse krieket, was dit hoofsaaklik die filantropiese geaardheid van Cecil Rhodes wat die sport uit die wieg gehelp het.

Met die groot tekort aan nuwe gesigte op die Suid-Afrikaanse sporttoneel sal dit seker nie 'n slegte idee wees as die Nataller Jonty Rhodes ontpop as Suid-Afrika se nuwe krieketheld nie.

Om 'n eeu te begin en af te sluit met 'n Rhodes as jou redder sal seker iets vertel.

Jonty het reg begin deur in sy eerste Curriebeker-wedstryd 'n honderdtal te moker.



Gabriella Sabatini



Lappe Laubscher op die skoonveld

# The Great MI gestonk

MOHAMED IDRIS YUSAF is op 17 Desember in die ouderdom van 75 jaar in Durban oorlede. Met sy afsterwe het nog 'n tragiese slagoffer van apartheidsport van die toneel verdwyn.

Onder sy volgelinge was hy bekend as The Great MI. Dié ere-titel was nie sonder verdienste nie.

As krieket-, sokker- en snoekerspeler was hy op sy dag onder die grootstes wat Suid-Afrika nog opgelewer het.

In die jare net na die Tweede Wêreldoorlog sou hy in die Springbok-krieketspan ingestap het - as hy blank was.

In dié tyd het hy in die destydse Rhodesië vir die Stars Krieketklub 'n onoorwonne 410 lopies gemoker in 'n liga-wedstryd. Die vertoning het vir MI 'n spesiale vermelding verdien in Wisden, die bybel van wêreldkrieket.

In dieselfde tyd het hy 'n Suid-Afrikaanse Indiër XI-tal verteenwoordig in 'n wedstryd teen 'n Suid-Afrikaanse blanke span in 'n wedstryd vir liefdadigheid.

Ook as sokker- en snoekerspeler was hy 'n legende in sy eie leeftyd. Ongelukkig was die legende beperk tot sy volgelinge in Durban, aangesien Suid-Afrikaanse spanne in sy speeldae nie na verdienste nie, maar slegs uit die blanke sportmanne van Suid-Afrika gekies is.

Nadat sy speeldae iets van die verlede was, het hy hom op visvang toegespits en aan verskeie kompetisies deelgeneem.

Dit was egter as die man wat kon toor met 'n krieketkolf en 'n snoekerstok wat sy aanhangers hom sal onthou.

Wat Graeme Pollock vir blanke krieket was, was MI vir swart krieket. Dat sy afsterwe nie in 'n groter kring betreur is nie, is die gevolg van omstandighede waaraan hy geen skuld gedra het nie.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word versprei deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# SPORT

Vrye Weekblad

● Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek

● Bl. 15 Krieket in die townships

# Boksraad flankeer nou met 'n dwerg

**Lappe Laubscher**

SUID-AFRIKAANSE boks staan voor 'n kruispad. Groot kommer word in ingeligte kringe uitgespreek oor die voorsitter van die Suid-Afrikaanse boksraad, regter HWO Klopper, se openlike vryery na die Wêreldboksorganisasie (WBO).

Die WBO is 'n splintergroep van die WBA - 'n organisasie wat Suid-Afrika tot onlangs nog goedgesind was.

Regter Klopper se siening dat die WBO bereid is om Suid-Afrikaanse boksers te erken en hulle op sy wêreldranglyste te plaas is kortsigtig, sê die manne in die ander kamp.

Die manne wys daarop dat daar tans nie minder as vier organisasies is wat elk beweer dat hy wêreldboks beheer nie.

Die oudste twee is die Wêreldboksraad (WBC) en die Wêreldboksvereniging (WBA).

In die afgelope jaar het die Internasionale Boksfederasie (IBF) en die Wêreldboksorganisasie (WBO) ook bygekom.

Al vier die organisasies kroon hul kampioene met die titel Wêreldkampioen.

Regter Klopper se siening is dat Suid-Afrika sy lot moet werp by die organisasie wat bereid is om erkenning aan sy boksers te gee.

Die WBC het nog konsekwent geweier dat enige Suid-Afrikaanse bokser op sy ranglyste verskyn. Die WBA het tot onlangs nog Suid-Afrikaners erken. Sedert die Suid-Afrikaanse boksbase egter swaarde met die Amerikaanse promotor, Don King, gekruis het, het die WBA sy siening verander.

Brian Mitchell, Suid-Afrika se enigste wêreldkampioen, se titel word egter nog deur die WBA erken op voorwaarde dat hy die titel nie in Suid-Afrika verdedig nie. Die kanse dat 'n ander Suid-Afrikaanse bokser gou om 'n wêreldtitel van die WBA gaan veg is uiters skraal.

Regter Klopper se kritici sê dat die Suid-Afrikaanse boksbase eerder hul probleme met die WBA en met Don King moet oplos.

Deur die WBO aan te hang word daar net 'n groter wig tussen Suid-Afrika en die WBA ingedryf.

Die WBO het geen aansien in Amerika nie en Amerika is die mekka van wêreldboks.

'n Wêreldtitel van die WBO sal feitlik net in Suid-Afrika erken word. Ook in Europa het die WBO geen invloed nie.



Brian Mitchell, WBA-wêreldkampioen

## 'n Rits 'wêreldkampioene' vir Suid Afrika

Die voorste kritici van regter Klopper is Carlos Jacomo, die afrigter van Brian Mitchell. Jacomo het goeie kontak met Suid-Amerika, die bakermat van die WBA. Volgens hom maak Suid-Afrika 'n groot fout om nou sy lot by die kleinste van die liggame in te gooi.

In die praktyk kan dit beteken dat Suid-Afrika in die volgende twaalf maande verskeie "wêreldkampioene" kan hê. Die kampioene sal egter nie in dieselfde asem as boksers soos Vic Toweel en Brian Mitchell genoem kan word nie.

Hoe bankrot die WBO aan werklik goeie boksers is, word bewys deurdat Pierre Coetzer en Johnny du Plooy altwee op die organisasie se lys van tien beste swaargewigte "ter wêreld" erken word.

## Lazard: sportster van die week

**Lappe Laubscher**

VRYE WEEKBLAD se eerste Sportster van die Week vir 1989 is die aanvangskolwer van die Westelike Provinsie Terence Lazard.

Terence het op Nuwejaarsdag die hele dag die Transvaalse boulaanval gefrustreer en aan die einde van die dag 'n onoorwonne 120 lopies aangeteken en sy span gehelp om Transvaal tot 'n onbesliste uitslag te dwing.

Die 25-jarige mediese student aan die Universiteit van Kaapstad is 'n klassieke aanvangskolwer in die tradisie van 'n Jackie McGlew. Hy bou met die geduld van 'n vakman aan 'n beurt.

Vir sommige aanhangers van kits-krieket is sy manier van speel 'n pyn. As hy eers aan die gang is, lyk dit asof niks hom kan aanjaag nie. Vroeër dié seisoen het sy kaptein, Adrian Kuiper, hom twee boulbeurte toegelaat om van 93 na 100 te vorder. Hy kon nie en Kuiper het sy span se beurt verklaar met Lazard op 99 nie uit nie.

In 'n Sondagkoerant het Clive Rice min goed te sê gehad oor Lazard. Volgens die Springbok is Lazard sy eie en sy span se grootste vyand. Die uitlatings het Rice darem - in billikheid - gemaak voor die wedstryd tussen die Westelike Provinsie en Transvaal.

In ses Curriebekerbeurte het Terence dié seisoen 343 lopies teen 'n gemiddelde van 85,75 aangeteken. Teen Natal was sy tellings 24 en 85, teen Noord-Transvaal 6 en 99 nie uit nie en teen Transvaal 9 en 120 nie uit nie.

Opvallend was dat hy in elke wedstryd in die tweede beurt beter gevaar het as in die eerste.

Sou 'n Springbokspan vandag gekies moes word sou die Ikey beslis saam met Jimmy Cook die beurt vir Suid-Afrika geopen het.

# Transvaal of WP vir die Howabeker

**Thabo Lennerd**

DIT lyk asof dit gevaarlik kan wees om te sê dat die Staatspresident saam met die Mafia-baas Vito Palazollo geëet het.

Dit kan net so gevaarlik wees om 'n voorspelling te waag oor watter span in die Suid-Afrikaanse Krieketraad vanjaar die Howabeker gaan wen.

Die enigste verskil is dat jy in die eerste geval met bewerings voor 'n kommissie te doen het, maar in die tweede geval voorspellings waag.

Tog kan met redelike sekerheid - sonder om vir R 100 000 gedagvaar te word - gesê word dat dinge tussen Transvaal en die Westelike Provinsie uitbaklei sal word.

Jy is in veilige geselskap as jy so sê. Die grootbaas van die Krieketraad, Nataller Krish Mackerdhuj, stem ewe onprovinsialisties saam.

Gedurende die feesgety het die krieketspelers dit letterlik uitgesweet in die Kaap en in die Baai.

Vanaf 26 tot 28 Desember het Transvaal die Oostelike Provinsie in Port Elizabeth met 83 lopies geklop. Bouler Haroen Lorgat het ouderge-woonte uitgeblink met die bal deur vyf paaltjies vir 32 lopies te neem.

En die Westelike Provinsie het op hul tuisveld 'n sukkelende Natal met 'n boulbeurt verslaan.

Tydens die Nuwejaarsnaweek het die 23-jarige Richard Dolley van die Oostelike Provinsie in hul wedstryd teen Natal sy veelsydigheid bewys.

In albei kolfbeurte was hy die OP se beste kolwer met tellings van 37 en 40 onderskeidelik.

In Natal se tweede beurt het hy vier kolwers laat stap vir slegs 27 lopies.

Die South African Council on Sport (Sacos) se 1988-sportpersoonlikheid van die jaar en OP-kaptein, Khaya Majola, het self vier paaltjies vir 55 lopies geneem.

Natal het hierdie keer met 98 lopies verloor.

Die wedstryd wat die meeste belangstelling gaande gemaak het was dié tussen Transvaal en die WP wat in 'n kokende Kaap gespeel is.

Hoewel die wedstryd onbeslis geëindig het, kan Jack Manack se Transvalers gelukkig voel met hul vertoning.

Daarby kry hulle toe 'n klop op die skouer uit 'n onverwagse oord. Die WP se president, Sadec Emeran, het aan Vrye Weekblad gesê Transvaal was in elke afdeling van die spel sy span se meerdere.

Die WP is in hierdie stadium 'n skrale drie punte bo Transvaal op die Howabeker-punteleer.

Dr Goolam Karrim, Transvaal se president, glo dat sy span ondanks hierdie agterstand vanjaar die Howabeker Lenasia toe sal bring.

Dit behoort redelik veilig te wees om 'n paar biere op Transvaal te sit soos hulle nou speel.

* Die afgelope week en die komende naweek wys die jongelinge hul slag met die kolf en die bal.

In Port Elizabeth vind die onder 21-toernooi plaas met die hoogtepunt môre wanneer die elf uitblinkers van die toernooi teen 'n OP-uitnodigingspan speel.

Die onder 16's se toernooi word in Kaapstad gespeel.

Die beste spelers meet ook môre teen 'n President-elftal (die tweede bestes) kragte.

Ná albei toernooie ontvang die beste elftalle hul SA kleure.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word versprei deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# VryDag



# ALEX JAY

## Vryheidsvegter met 'n mikrofoon



Brenda Fassie

Kwartmiljoenrand se troue



Andrew Buckland

Prof Prawns weer op die planke



Susan Sarandon

Seksprofeet in bofbalprent

**Brink se boek glip deur * Boerseun goël in sirkus * Hoe smaak krokodil?**

6 Januarie 1989

Bylaag tot Vrye Weekblad

# knipsels

Saamgeflans deur
Chris du Plessis

## Graffiti slaan die waaier

DIE prys vir die beste graffiti verlede jaar wat NIE op 'n muur in die dorp verskyn het nie gaan aan Jup! die SAUK.

Die program Graffitti se skeppers (en die onbewuste kwaliteit-kontrole span) wen 'n windbukskoeëltjie vir hierdie onverwagte flitsie: "Whatever hits the fan will not be evenly distributed."

Dit kan ook sommer as 'n voorspelling geld vir die jaar 1989. Baie dankie en baie welkom.

## Buitensporige Brenda trou

DIE onbetwiste koningin van disko-mbaqanga, Brenda (not so) Fassie trou hierdie naweek in Guguletu op die ouder-dom van 24 met die seun van 'n ryk Natalse sakeman, Nhlanhla Mbambo. Haar grootste mededinger in die disko-sangmark wat ook een van haar beste vriendinne is, Yvonne Chaka Chaka, sal as strooimeisie optree.

Ou Brenda kan nou maar net nie haar verslawing aan publisiteit weerstaan nie. Dus wil Vrye Weekblad ook die oppervlakkigheid waarmee hulle die seremonie aanpak, verder aanmoedig deur die volgende onsinnige inligting oor die huwelik te verstrek: Die hele buitensporige affere sal meer as 'n half-miljoen Rand kos. Die bruid se rok het R12 000 gekos. Die gesamentlike (gaaap!) troupante het R10 000 gekos. 5 000 gaste is genooi. Haar man (ZZZZZZZZ!) se uitrusting het R8 000 gekos.

Interessant nè? Dit is ook interessant dat die lewensverwagting van die Samoaanse miskruier slegs drie dae is.

Mag die Here hulle nietemin seën.



## Amampondo terug by Baxter na jare se swerwe



EEN van die enigste tradisionele etniese Suid-Afrikaanse groepe om in die afgelope dekade internasionale roem te verwerf, Amampondo (die mense van Pondoland), sal van 10-29 Januarie weer by die Baxter in Kaapstad optree.

Die Marimba-groep se vertoning was die eerste wat Kapenaars destyds in die Baxter se gange laat dans het.

Nadat hulle so 'n paar jaar gelede van Groentemarkplein na Internasionale bekendheid geswiep is, het ons net sporadiese nuus van hulle gehoor: 'n Skuifie van die leier Dizu Plaatjies op 'n kameel in Israel, 'n kort nuusflitsie van 'n suksesvolle konsert in Hong Kong of Perth of 'n video op die BBC.

Hulle het so pas uit die buiteland teruggekeer en sal kort na die Baxter-konserte weer vertrek vir 'n toer van Amerika (waar die deure stadig maar seker oopgegooi word vir ons musiek).

## Laaste kans vir Savuka-kaartjies!

DIEGENE wat nog kaartjies wil bekom vir Afrika se bekendste kunstenaars in die buiteland, Johnny Clegg en Savuka se kort landwye toer moet NOU (voor julle verder lees) vir Computicket bel. Die organiseerders het 'n ekstra vertoning op 13 Januarie by die Standerd Bank Arena vir Johannesburgers gereël. Daar sal nou om 6nm en 9nm 'n vertoning wees. Die slegte nuus vir die res van Suid-Afrika is dat al die ander konserte (die Goeie Hoop Sentrum vir die eerste keer in jare, inkluis) is reeds weke voor die vertonings vol bespreek. Savuka het Woendagaand in Durban gespeel en speel vanaand by die Goie Hoop Sentrum in Kaapstad. Môreaand (Saterdag) is hulle in Port Elizabeth waar hulle by die Universiteit van Port Elizabeth se Sportsaal sal optree voor hulle na die Transvaal terugkeer om gereed te maak vir volgende week se vertonings.

## Bittereinders donder voort

BITTEREINDERS Floyd se nuwe "Live" dubbel-langspeler Delicate Sound of Thunder is kort voor Kerfees verlede jaar hier op die rakke geplaas en verkoop GOED.

Diegene wat voel dat dit net weer wys dat Suid-Afrika agter die tyd is, kan gerus daarop let dat die groep se 1987-opname Momentary Lapse of Freedom (wat destyds hulle eerste studio-vrystelling was sedert 1983) kortby drie miljoen eenhede in Amerika verkoop het.

Hulle optredes is van September 1987 tot September verlede jaar ook deur bykans drie miljoen mense in Kanada, Amerika, Australië, Nieuw-Zeeland, Japan, Engeland en Europa bygewoon.

Die Momentary Lapse of Freedom-konserte het primêr gedien as promosionele inspuiting vir die kortspeler "Learning to Fly". Al die ou verkopers soos Time en Money sowel as 'n goeie seleksie van nuwe materiaal is deur die groep vir die projek saamgestel.

Al wat 'n Floyd-slaaf is, het seker al reeds die plaat gekoop. Maar dit lyk of Gilmour, Mason, Wright, Renwick en Kie se poging 'n goeie koop mag wees vir die onkundigs wat nooit hulle musiek leer ken het nie.



"sweet para-dise" deur andré leto
it met gaskuns
tenaars PRYS R20
van POSBUS 9588
Jhb. bevat meer
as 20 NUWE SONGS
(uit 'Baar Op De
Aar' en 'Piekni
ek By Dingaan')
die eerste boot
leg in alterna
tiewe afrikaans!



## 'n Heel jive-bare mengsel

DIE titel "Various Artists - Electric Eleven" is genoeg om enige iemand af te sit van plaat-koop tot ten minste 1990. Maar hierdie samestelling van elf kunstenaars bestaan uit van die beste SA-musiek wat nog saam-saam op viniel geplaas is in ons oulike klein landjie. Die plaat is laat verlede jaar deur Gallo GRC uitgereik.

Ten minste helfte van die snitte is voldoende jive-baar om selfs ons oupas uit hulle rystoele te jaag.

Die res kan gestoor word vir hulle geskiedkundige waarde.

Koop dit en luister na Black Mambazo se Ukubonga Kumnandi, Sipho "Hotstix" Mabuse se Tinyanga, Mnr Mbaqanga, Simon Mahlathini, en die Queens se Melodi Yalia, Ray Phiri en Stimela met Singa Jindi Majita, Reggae se laaste stuiptrekking Lucky Dube se I've got Jehova (van die multi-platinum Slave) Alec Khaoli en Umoja se Money Money, 'n snit van PJ Powers se nuutse Langspeler, Living on Dreams genaamd Falling in Love en Jive-konings Splash se Cholera.

# Oeps! Brink glip deur

**Jacques Pauw**

DIE omstrede roman States of Emergency van André P Brink is ná al die bohaai oor 'n klousule in 'n egskeidingsooreenkoms tog in Suid-Afrika te koop - danksy 'n liederlike flater deur 'n plaaslike boekhandelaar.

Die roman waarvan tienduisende kopieë reeds oorsee verkoop is, is nou te koop by die handelaar Frank R Thorold in Johannesburg. Die boek was op dié handelaar se Kerslys.

Ingevolge Brink se egskeidingsooreenkoms met sy derde vrou, Alta, mag die boek nie in Suid-Afrika verkoop word nie. Die boek is glo 'n getroue weergawe van Brink se persoonlike lewe en die verhaal kan 'n verleentheid vir Alta en die Brink-gesin wees.

Thorold was "onbewus" van die egskeidingsooreenkoms toe hy die boek ter goede trou einde verlede jaar ingevoer het.

"Ons het nie geweet die boek mag nie hier verkoop word nie. Ons het 'n ruk gelede 'n baie vriendelike brief van Brink ontvang waarin hy ons op die egskeidingsooreenkoms wys en vra om nie 'n volgende besending te bestel nie.

Hy was egter nie kwaad nie," sê Thorold.

Thorold wou nie sê hoeveel boeke ingevoer is nie. Die verkope was egter "nie besonder goed nie", het hy bygevoeg.

'n Prokureur meen dat dit die egskeidingsooreenkoms heel moontlik beteken dat bloot Brink se uitgewers in Suid-Afrika, Human en Rousseau en Taurus, nie die boek mag versprei nie. Enige ander handelaar kan egter die boek by Faber en Faber in Londen aankoop en hier verkoop.

In die jongste uitgawe van De Kat word die boek beskryf as 'n "poging om 'a simple love story' op te teken te midde van die 'feite' van politieke oproer in Suid-Afrika."

Die boek handel oor die liefdesverhouding tussen prof Philip Malan en een van sy studente, Melissa. Die professor se dilemma is dat hy in twee geskeur is tussen sy liefde vir Melissa en dié vir sy vrou.

In die ware lewe is die nuwe vrou in Brink se lewe 'n gewese student en nou 'n kollega van hom in die Afrikaans-departement, Marésa de Beer.

Brink was nie dié week vir kommentaar beskikbaar nie.



**André P. Brink en Marésa de Beer. Brink se boek States of Emergency is nou in Johannesburg te koop - ten spyte van 'n egskeidingsooreenkoms wat dit verbied.**

**Kunstenaars wat aan die Potpourri-fees wil deelneem moet opskud.**

Vanjaar se Truk-fees vir inheemse, eksperimentele toneel, musiek, dans, kabaret, beeldende kunste en fotografie vind heelwat vroeër as gewoonlik plaas.

Mense wat belang stel moet teen Vrydag 3 Februarie reeds van hulle laat hoor. Die fees vind tussen 3 en 29 April plaas.

Amateurs, studente en gevestigde kunstenaars is welkom.

Inskrywingsvorms is beskikbaar by Windybrow in Johannesburg en die Pretoriusstraat-ingang van die Staatsteater in Pretoria. Skakel Mandy van der Spuy of Michelle Krüger by (011) 7243301 vir meer inligting.

# Harris wil sy prent terughê

DIE vervaardiger van Namibia - no easy road to freedom, Kevin Harris, is van plan om vandeesmaand regstappe te neem teen die beslaglegging op sy byna-klaar film.

Hy het ook reeds appèl aangeteken teen die Publikasieraad se verbod op die film.

Volgens Fawo News, lyfblad van die Film and Allied Workers Organisation, handel die prent oor die effek van Suid-Afrika se militêre besetting op Namibia, Namibiese weerstand teen diensplig en people's education in alternatiewe kerkskole.

Dit sluit ook onderhoude in met nuusfotograaf John Liebenberg, Dr Shejavali, algemene sekretaris van die Namibiese Raad van Kerke, Gwen Lister, redakteur van die Namibian, advokaat Anton Lubowski van Swapo en Phineas Aluteni en Willy Amutenya, wat die Cassinga-slagting oorleef het.

Volgens Fawo News het die polisie in Oktober in Johannesburg op die meestervideo beslag gelê terwyl die vervaardiger nog besig was om daaraan te werk.

JULLE MENSE WAT Sotho en Zoeloe wil leer praat voor dit heeltemal te laat is, maar nie Ziervogel en ander here se taal-oefeninge oor beeste wat gras eet en jongmeisies wat pap kook, heeltemal relevant vind nie... geletterdheid vir whities is hier.

Ukukhanya, 'n tweemaandelikse publikasie wat veral onder Cosatu-lede versprei word, druk in Engels, Sotho en Zoeloe. Die stories word presies vertaal. Die taal is maklik en modern, en die inhoud is... nou-ja, relevant.

Ukukhanya is (teen 20c per uitgawe) beskikbaar van die English Literacy Project, 314 Dunwell House, Jorissenstraat 35, Braamfontein. Skryf of gaan haal self.

# Groot geld vir skrywers

**Victor Munnik**

DIE geldreus Sanlam sorg vanjaar weer mooi vir skrywers.

Altesaam R20 000 is onder beheer van Tafelberg Uitgewers geskikbaar gestel vir 'n jeugverhaalwedstryd, en R7 000 onder beheer van die 1820 Stigting vir Engelse fiksie.

* Die jeugverhale moet geskik wees vir kinders van 12 tot 15 jaar en uit 30 000 tot 45 000 woorde bestaan. Geen spesifieke tema word vanjaar voorgeskryf nie, maar die verhale moet in die hede afspeel.

Daar is nou drie pryse van R5 000, R3 000 en R2 000 vir Afrikaans, en drie ewe groot pryse vir Engels.

Die wenverhale sal deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer word, teen die gebruiklike outeursvergoeding. Tafelberg behou hom ook die reg voor om enige nie-bekroonde inskrywing uit te gee.

Manuskripte moet op A4-velle, net aan die een kant in in dubbelspasiëring gedruk, ingestuur word. Dit moet die organiseerders voor of op 31 Oktober 1989 bereik.

Die adres: Die Organiseerder, Sanlamprys vir Jeuglektuur, Posbus 879, Kaapstad, 8000.

Navrae kan gerig word aan dr Annari van der Merwe by tel (021) 241320.

* Die Setlaarspryse word toegeken in die kategorie fiksie, wat drie jaar gelde laas aan die beurt was.

Die wenpryse is R4 000 vir 'n Engelse roman deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat in 1986, 1987 of 1988 verskyn het, en 'n tweede prys van R3 000 vir 'n skrywer van 'n kortverhaal, of 'n maksimum van drie kortverhale wat ten tyde van inskrywing nog nie verskyn het, of vir publikasie aanvaar is nie.

Drie eksemplare van elke roman of kortverhaal moet - met die skrywer se skriftelike toestemming daarby - voor 31 Maart 1989 deur die uitgewers aan die organiseerders voorgelê word.

Skryf aan die Feesbeampte, 1820 Stigting, Posbus 304, Grahamstad 6140 of bel (0461) 27115.

# 'Sanskrit Shakespeare' hier



**Francesca Pillay, Anjellah Reddy en Suria Govender (voor) speel in die klassieke Sanskrit-drama Sakuntala**

**Kalidasa se Sakuntala (klassieke Indiese drama) by die Markteater in Newtown, Johannesburg, van 11 tot 21 Januarie.**

**Op die planke gebring deur Fiona Overall Produksies.**

KALIDASA, die "Sanskrit Shakespeare", se drama Sakuntala (Die Ring van Herkenning) boei gehore al die afgelope sestien eeue. In die klassieke Sanskrit-tradisie is dit nie net drama nie, maar ook opera, dans, gebarespel, musiek-opvoering en skouspel.

Dit gaan oor 'n edele koning en 'n pragtige meisie wat verlief raak nadat hulle tydens 'n jagtog in 'n woud ontmoet. Natuurlik word hul liefde deur die werklikheid getoets.

Die verhaal ontvou in betowerende tonele, aangevul deur spesiale effekte, wonderlike danse, kleurvolle kostuums en die teenwoordigheid van die bo-werklike.

Fiona Overall, wat reeds in onder meer The Biko Inquest en Bombay Duck gespeel het, en 'n MA-verhandeling oor die ontwikkeling van teater in die Kongo (Brazzaville) geskryf het, het die stuk aangepas.

Sy sê Sakuntala wys duidelik dat die ontwikkeling van drama in Indië in die vierde eeu vergelykbaar was met die beste in die Westerse wêreld.

Die spelers, wat almal verhoog-ervaring het, sommige as spesialiste in klassieke dans, is Charles Reddy, Anjellah Reddy, Francesca Pillay, Radeshini Naidoo, Nesan Naidoo, Annesh Ramklown, Suria Govender en Kevin Naidoo.

Ná die speelvak in die Markteater word 'n toer van die Transvaal en Natal onderneem.

# Helikopter se ligte sterker as die son

TWEE nuwe reekse begin binnekort op M-Net.

Die een is 'n drama-reeks - Tattinger's - van 13 episodes, elkeen 'n uur lank, wat The World of National Panasonic vervang van vandag af om 18h50 (ooptyd).

Die ander is BlueThunder, wat gaan oor 'n wonderlike helikopter wat gebruik word om buitengewone misdadigers op te spoor en op te...

Tattinger's handel oor 'n New Yorkse restaurant-eienaar wie se kennisse wissel van die room van die Groot Appel se hoogeres tot die die korrupte sakemanne en hoi-poloi wat sy bloed soek.

Daar is ook nog plek vir romanse. Hilary is Tattinger se geskeide vrou wat (saam met hulle twee dogters) huiwer om na hom terug te keer oor sy onsekere lewenswyse.

Die reeks begin wanneer Tattinger uit Parys terugkeer om een van sy dogters na 'n debutantebal te vergesel. Hy hoor van 'n skelm eiendomstransaksie wat sy restaurant se toekoms bedreig. Boonop is sy ou vriend Shlomo Epstein ook in die pekel. Hy besluit om in New York te bly...

Stephen Collins is Nick Tattinger, Blythe Danner is Hillary en Jack Gilford vertolk die rol van Epstein.

Op Woensdag 11 Januarie om 18h50 begin 'n reeks wat gebaseer is op die rolprent Blue Thunder waarin 'n helikopter die hoofrol speel. Die masjien kan blykbaar teen 1000 km/h deur die lug beweeg, en het 'n staalwand van 2 cm dik. Sy twee ligte, elkeen drie keer so sterk as die son, kan enigiets op die grond sigbaar maak. Dit sien en hoor ook glo deur mure!

Blue Thunder word van Woensdag 11 Januarie (om 18h50) uitgesaai in die plek van Mariah State.

# Waar is ons eie kunsprente?

**Hoekom maak ons nie amberkleurige kunsprente soos die Kanadese Cannes-film Les Portes Tournantes nie? DAAN DE BEER oorweeg die kwessie**



Céleste (Monique Spaziani) stap straat af

DIE Frans-Kanadese prent Les Portes Tournantes (The Revolving Doors) is mooi amberkleurig en stemmingsvol, met die soort glans wat "sensitief" genoem word. Sug daaroor as "kuns".

Die draaideur is tyd, 'n metafoor - wel, dít is 'n kunsfliek - wat die regisseur Francis Manciewicz netjies aan die einde van die prent uitbuit wanneer die kind Antoine, op soek na sy ouma Céleste Beaumont (Monique Spaziani) in New York, toevallig dieselfde tyd as sy deur 'n draaideur stap. Hulle ken mekaar nie, maar die verlede en die hede word verbind en versoen.

Céleste se verhaal begin in 1928. Sy werk as klavierspeler in die Kanadese dorpie Campbelton se bioskoop. Sy wou 'n ster word, nes die film-heldinnne wat haar klaviermusiek vergesel, maar haar droom word deur die praatfilm vernietig.

Sy trou met Pierre Blaudelle, seun van 'n ryk Campbelton-gesin en kry 'n kind, Madrigal. Die gesin Blaudelle raak ontslae van haar en sy beland in New York saam met die jazz-musikus John Devil.

In 1987 lees haar kleinseun Antoine, wat in Quebec woon, haar dagboeke. Hy besluit om New York toe te vaar op soek na sy ouma. Dis waar hy deur daardie metaforiese deure stap.

Portes is boeiend. Dis die soort geskiedkundige prent wat die Australiërs sou gemaak het as hulle bedryf nie deesdae kwasi-Hollywood en hoofsaaklik op loketwins ingestel was nie.

En die Suid-Afrikaners? Ons hede is sekerlik te troebel en gefragmenteerd om tyd vir die verlede te vind.

An African Dream, byvoorbeeld, kyk liggies na die Engelse koloniale verlede wat, weens die kulturele boikot, êrens in Afrika afspeel. Fiela se Kind gee 'n stewiger, romantiese blik op 'n Afrikaanse verlede. Maar daarna?

Dalene Mathee se Kringe in 'n Bos het Circles in the Forest geword met 'n Amerikaanse draaiboek, spesiaal op die internasionale mark gemik - die mark wat nou die Jan Scholtzes, Philo Pieterses en Elmo de Witts insluk.

Sou ons 'n prent soos Les Portes Tournantes kon maak? Ek twyfel.

Ons sou nie verby die traumas kon gekom het nie, veral as 'n mens besef ons geskiedkundige psige in onlangse prente draai om dit-wat-nie-toegelaat-word-nie. Die mense van Portes is meer oop.

Céleste, byvoorbeeld, gaan stad toe met haar gesin se goedkeuring en aanmoediging. In Annie Basson se onlangse knap televisie drama Uitdraai klou Cornelie se ma vas aan die ou waardes: wat wil 'n plattelandse dogter in die stad soek?

Ons sou ook, met ons Calvinistiese stugheid, die eksentrieke Céleste òf as kranksinnig òf as onsedelik verdoem het wanneer sy, uitbundig aangetrek - nes die sterre wat sy bewonder - op straat verskyn. In Campbelton is sy 'n 'ster' - selfs die gewone inwoners het 'n waardering vir die plesier wat kuns kan gee.

Boonop is 'n kind soos Antoine nie moontlik in 'n Suid-Afrikaanse prent nie.

Hy is selfstandig, en sy ouers (en hy) praat openlik oor seks. 'Is jy 'n Lesbier?' vra hy onbekommerd vir sy ma. Ons filmkinders is òf vervelig stroopsoet òf taai, toekomstige rugby-spelers wat glad nie oor seks dink nie.

En - o, skande! - aan die einde van die prent woon Céleste, nou 'n ou vrou, saam met die jazz-speler Devil wat swart is, en niemand gee om nie.

Nou ja, elke nasie sy purgasie. Miskien sal dit juis ons nasionale traumas wees wat ons filmbedryf gaan red van die groot gelykmaking van die "internasionale" filmbedryf.

# Seks en bofbal

**Bull Durham. Met Susan Sarandon en Kevin Costner. Skrywer/regisseur: Ron Shelton. Met klassieke deuntjies uit die Vyftigs. Chris du Plessis**

DIT kon netsowel Zen and the Art of Pitching for Sex genoem gewees het. Want die prent word oorheers deur 'n atmosfeer van seksuele spanning tipies van die vyftigerjare. En gekruie met pseudo-Oosterse filosofieë oor die twee sportsoorte - seks en bofbal.

Die film is egter, verbasend genoeg, beter as die gewone Amerikaanse snert wat sulke "sports" gebruik om 'n swak storie te verdoesel.

Bull Durham is ook 'n visuele orgie van subtiele en minder subtiele seksuele simbole. Die minder subtiele simbole spring uit die doek in die vorm van lewensgroote (en gewone grootte) bofbalkorwe en balle, en meganiese bulle wat stoom afblaas.

Die seksuele gimnastiek begin sommer met die intrapslag waar die afrigter die hoof-bul van die bofbalspan, Bull (die naam spreek vanself) Durham kort voor 'n wedstryd in die kleedkamer vind waar hy besig is met 'n bietjie Kleedkama Sutra.



Kevin Costner as Bull Durham

Kevin Costner (No Way Out, Untouchables, Silverado) vertolk die rol van Crash Davis, 'n tweede-liga held van weleer wat ingeroep word om die astrante jong Bull te dissiplineer sodat hy van die "Minor League" na die "Major League" en uiteindelik "The Show" kan vorder.

Nie net sy spel het dissipline nodig nie, maar ook sy lewenstyl. Hy beïndruk veel meer "groupies" as vangers met sy fallusse - die valse, EN die regte een.

Intussen wag ene Annie Savoy (Susan Sarandon) op die kantlyn. Annie het deur die jare haar eie geloof om die sport ontwikkel. Sy het selfs 'n bofbal-altaar in haar huis opgerig.

Elke seisoen kies sy 'n lid van die Durham Bulls vir die seisoen.

Die speler moet haar dan vir die res van die lente deur liefde, leed, die lewenspel, die bofbal-spel en die ontydige voorlees van haar gewildste digters, Walt Whitman en Emily Dickenson (met so 'n van, wie anders?) vergesel.

Die twee mededingers is die viriele, dom-astrante jong Bull en die ouer, meer sensitiewe Crash. (Wat net effens meer bereid om voor die slaapkamer-tipe-sports na Dickenson se gedigte te luister as die jong bulletjie. Maar in Annie se eie woorde: "A guy will listen to anything, if he thinks it's foreplay.")

Die klankbaan spog met nostalgiese deuntjies uit dié tyd: Haley se Rock around the Clock, Reg Connely se Sixty Minute Man ('n treffer van die Dominoes), die Everly Brothers se When Will I be Loved, Ike Turner se I Idolize You (wat deur sy voormalige vrou Tina gesing word) en 'n passende snit genaamd Baseball Boogie deur Steely Dan se "Skunk Baxter".

'n Moet vir Manne en hulle Shielas wat hou van sport en wat die era van Aids vreesloos tegemoet gaan.

## Sestien babas



**WILLOW sluit aan by Amerika se huidige obsessie met babas. Dit is 'n Middeleeuse "Baby Boom" fantasie-verhaal waarin 16 babas gebruik word om een baba te vertolk.**

**Dit is vol mitologiese motiewe - die vervaardiger George Lucas het twintig jaar se navorsing oor drome, sielkunde en vergelykende godsdienswetenskap daarin verwerk.**

**Willow is ook die produk van 'n vriendskap van vyftien jaar tussen George Lucas, die vervaardiger van die "Star Wars-" trilogie en "Raiders of the Lost Ark", en Ron Howard, die regisseur van "Cocoon" en "Splash". Hulle het mekaar ontmoet toe Lucas die regie behartig het van "American Graffiti" en Howard - hy is al van die ouderdom van 18 maande 'n akteur - 'n hoofrol daarin gespeel het.**

**Lucas het as vervaardiger soveel Oscars op sy kerfstok dat hy hulle seker nie kan tel nie. Maar die eintlike held van die prent is die hoof van visuele effekte, Dennis Muren, wat reeds vyf Oscars gewen het.**

**Willow vertel die verhaal van Willow Ufgood se poging om 'n baba-dogter van die dood te red. In die wêreld van "die grootmense" woed 'n klassieke stryd tussen goed en kwaad. Kwaad (en die teenoorgestelde pool van die feminisme) word verpersoonlik deur die heks, Koningin Bavmorda (Jean Marsh), wat volgens 'n voorspelling die baba moet doodmaak om haar eie mag te behou.**

**Die hoofkarakter en held - Willow - word vertolk deur Warwick Davis, 'n 19-jarige dwerg wat as een van die Ewoks in Lucas se "Return of the Jedi" verskyn het.**

# 'n Terroris oor die eter



ALEX JAY is 'n media-terroris. Sy stryd is teen rassisme en seksisme. Sy wapen is sy stem en sy loopgraaf is die Radio 5 Morning Show.

Alex is baie opgewonde oor sy pos as ontbyt-platejoggie omdat dit 'n tydgleuf is met 'n groot luisteraarstal.

Volgende Vrydag begin hy met 'n uurlange inbel-program "Open Forum". Alex belowe hy gaan nie skroom om op omstrede politieke onderwerpe te fokus nie. Hy sê dat radio die laaste medium is waar daar net nominale sensuur is en luisteraars die geleentheid sal hê om hul sê te sê.

Oor TV praat hy nie eens nie en die probleem met koerante is dat subs jou storie kan versnipper. Dan is daar nog die media-regulasies wat jou verder aan bande lê.

Alex ondervind geen probleme daarmee om vir Radio 5 - wat deel is van die SAUK - te werk nie. Die feit dat die stasie R25 miljoen vir die Korporasie deur advertensies inbring, sorg dat die grootkoppe mense soos Alex maar laat begaan.

## Stimela

Al wanneer hulle met hom swaarde kruis, is wanneer hy oor die nuusbulletins se inhoud "chirp". (Oor Radio 5 word die standaard SAUK-nuus uitgesaai.)

Die heel ergste was die nuusstorie oor sy vriend Ray Phiri - die leier van die groep Stimela - se ernstige motorongeluk. Hierin is op rassistiese wyse gesê "vier swartes is dood in 'n motorongeluk. In dieselfde ongeluk is Ray Phiri ernstig beseer." Alex raak nou nog driftig as hy die storie vertel.

**Alex Jay, die joggie wat vandeesweek die leisels van die hoog aangeskrewe oggendprogram op Radio 5 oorgeneem het, word deur die publiek gesien as 'n innemende loskop... Jip, jip maak nog 'n grap, ALEX! THABO LENNERD het effens dieper in die man se psige gaan rondkrap en ontdek dat sy kop eintlik stewig aangeskroef is.**

Omdat Radio 5 onder die staatsbeheerde SAUK val kan 'n mens teenstand van mense aan die linkerkant van die politieke spektrum verwag. Alex ervaar dit egter nie.

"Hulle is nie onnosel nie. Hulle verstaan dat dit 'n Catch 22-situasie is. Al werk ek onder regeringsbeheer is dit duidelik dat daar mense moet wees wat van binne af werk en dit is my rol."

Hy het tot in 1986 as DJ by die onafhanklike radiostasie, Radio 702, gewerk. "Die ironie is dat ek nou baie meer vryheid as by 702 in wat ek sê of speel."

"TV is 'n pyn in die gat, omdat dit meer verkramp is as enige ander afdeling in die Korporasie." Alex bied ook die musiekprogram Fast Forward op TV 1 aan.

Televisie is 'n reuse-mark met tussen 1,5 en 2 miljoen kykers. Sy kykers sluit natuurlik 'n groot deel jong mense in en daarom glo Alex "die SAUK is poepbang dat ek dalk iets ongunstig sal sê oor byvoorbeeld die army."

## Oorbelle

Die kleurryke Alex se kleurvolle reusagtige oorbelle het baie van die meer "behoudende" lede van ons publiek laat rooi sien. (Daar is toe van bo af opdrag gegee dat Alex nie meer sy oorbelle in sy TV-program mag dra nie.)

Dit was nie net sy oorbel wat aanstoot gegee het nie. Hy het 'n kwaai brief van 'n predikant gekry wat aangedring het dat hy sy bene kruis as hy op TV verskyn.

Die reaksie wat hy van die publiek kry, is darem nie net negatief nie. Nou se dae glo Alex dat dit nagenoeg 99% positief is. "Om hemelsnaam, ek speel gholf en drink Castle," lag hy.

Die persepsie wat mense nou van hom het, is dié van 'n nar. Histories gesien het die witgesig-narre wat deur patos mense laat lag het, hulle in werklikheid aan die dink gesit. Daarvan hou hy.

Maar hy gaan nie net daar sit as daar bomme oral afgaan en vir die luisteraars sê "dit is 'n pragtige dag en alles is piekfyn" nie. "Bullshit man!"

Alex voel egter nie hy kan die mense wakker skud deur "soos 'n Weekly Mail of Vrye Weekblad oor die lug te wees nie. Hulle sny my koord af so gou soos nou," sê hy met 'n vingerklap.

Hierdie vryheidsvegter van die lug se arsenaal bestaan uit subtiliteit en humor. Dit bestaan ook uit die jongste musiek en dit sluit musiek in soos dié van Jerry Dammers (wat verantwoordelik was vir die in Suid-Afrika verbode liedjie "Free Nelson Mandela") en ander musiek wat mense sal laat besef hulle is nie in 'n gekkeparadys nie.

## Demokrasie

Hy is besonder positief oor die toekoms in Suid-Afrika. "As ek nie was nie sou ek nou in New York gesit het. Ek glo die onafwendbare in ons land is 'n sosiale demokrasie met deelname van al ons mense op alle vlakke."

Sy boodskap aan sy blanke luisteraars is positief: "Dit is julle laaste kans. Raak betrokke om dinge reg te ruk in Suid-Afrika!"

Oor Suid-Afrikaanse musiek is hy net so positief. Dié musiek het 'n buitengewone toekoms, sê hy.

Alex, wat glo hy is eerder 'n musikant as 'n DJ, werk saam met akteur Jeremy Crutchley en Zach Haines, van "Its amazing"-faam, in 'n groep Girls with Guns. Hul langspeler word in die middel van die jaar uitgereik.

Intussen trou hy in Mei, maar belowe om nie te "settle" nie.

## Egbertus Klaagvoort oor die week se TV

# Almal ly aan lasterlus

VEY is mir! 'n Vinger is al weer aan die wikkel. Weer knak en knal dit, en dit gons. Siklone verrys, aardskuddings vermenigvuldig, vliegtuie stort neer, koeie kalf. Is dit die Vinger van God?

Kan nie wees nie, dié het reeds die gees gegee met nuus van Namibia se onafhanklikheid. Maar dis amper: dis die Vinger van die Volksheld, and you can't get much closer than that.

Sy bloeddruk styg 'n punt op die Richterskaal. Selfs vla-terapie help nie, so ontstig is hy. Prokureurs vergader om die Groot Kliënt in 'n ware coitus multitudinis, 'n toevloet van volk, 'n commotie. En wat sou ons Hoogste Leser so ontstel het?

'n Nuwe epidemie hardloop soos Aids deur die kabinet. Die laster-eis.

Die ou wit velletjies is so dun gespan jy kan die Aanhef tot die Grondwet met 'n slagpen daarop skryf. Die Volksheld en trawante het duidelik 'n bladsytjie uit die boek van Sy Hoogdrawendheid veldmaarskalk Buthelezi geskeur.

Dis roerend dat 'n man wat die howe so beledig deur hulle nie met moordverhore van soldate te vertrou nie, op hul beskerming wil aanspraak maak wanneer hy hom verbeel dat sy reputasie gekwets is. Siestog, it's tough at the top en Kersfees is pas agter die rug: dalk het hy die geldjies nodig.

## Vrolike gesiggies

Kom ons gee erkenning aan 'n paar van die vrolike gesiggies wat ons die afgelope jaar op TV moes verduur.

Die eerlikste en mees opregte gesiggie van die jaar behoort natuurlik aan Sy Hoogedele A. Ragsbanjo, wat hom tans heel onverwags en onverdiend op 'n bed van spykers bevind.

Die o, so vroomste gesiggie wat ons lewens tot vervelens toe opgehelder het, was dié van Staatmaker Vlok met sy onsinnige beloftes en dreigemente. Sowat van vroom kan maar net beny word deur blote vakleerlinge soos Broeder Heyns en die Stoffel van der Merwe/Cliff Barnes-alliansie.

In ons land is dit moeilik om 'n keuse te maak in die skynheilige gesiggie van die jaar kategorie.

Eerstens moet die pasgenoemde vroomste onder die vromes natuurlik in aanmerking kom. Dan is daar die hele ou NP-koek met hul valse weldoenerigheid terwyl hulle vasklou aan 'n beleid wat universeel as 'n misdaad teen die mensdom beskou word. En hul waardige (of moet 'n mens nou sê hoogwaardige?) "leier" wat menswaardigheid beskerm deur middel van apartheid en dan die vinger wys na onbenullige verbeelde skendings van Sy waardigheid.

Maar kop en skouers bo dié spul, vrinde, is daar die kampvegter vir die verbruiker, 'n man wat bloot vir ons beswil sake dryf: mnr Pik en Betaal, die Wet van Transvaal. Checkers het nog nooit so 'n toeloop van klante gehad as juis ná die TV-onderhoud met Ackerman en Weil nie.

Die gesiggie wat die meeste bloos, was Staatmaker FW de Klerk. En nie sonder rede nie.

Daar kan maar net een kandidaat wees vir die beer met 'n seer kop-kategorie. Dieselfde gemaskerde deelnemer vat ook die koek (custard slice, natuurlik) vir die langste traan wat die jaar op TV geween is, en dit oor die skeuring van die Volk. Heel gepas heet hy Volksheld.

## Uit die laer

Broers, ons ware Afrikaners sit met 'n yslike hoofpyn. Ná weke van eksklusiewe wit feeste, wit toesprake, fakkels en boeresport sit ons nou met fakkel, by wyse van spreke. Behalwe 'n kolossale Volkshangover. Maar dat dit nodig was om die Groot Dwars Trek te hou, is gewis. Vir almal wat tel was daar 'n ietsie, vir die ultra-verkramptes èn vir die aartsverkramptes.

Die Volksheld het nou vyftig jaar tot sy beskikking om 'n toespraak voor te berei waarin daar 'n boodskap van verandering verskyn. Hy kan dit by die volgende fees in 2038 voordra. Tot dan het ons ou Volkie vyftig jaar om na hartelus agteruit te trek.

Dis tyd vir die uitloof van die Eggberth Awards, Egbertus se ruikertjies vir diegene wat nie met eier op hul gesigte sit nie. En andere.

Hoogste standaard van professionalisme: John Bishop.

Beste onderhoude: John Bishop; Martin Locke.

Beste kletsprogram: Potpourri.

Beste gasheer/gasvrou: Elsabe Daneel.

Most boring program: Uit en Tuis.

Mees oorskatte reeks: Ballade van 'n enkeling.

Tweede mees oorskatte reeks: Agter elke man.

Mees onderskatte reeks: Spenser for hire.

Vrotste reeks: Reccie.

Beste komedie-reeks: Night Court.

Vrotste komedie-reeks: Life begins at Forty.

Tweede vrotste komedie-reeks: Ma-plotters.

Beste reeks: thirtysomething

Beste sport-aanbieder: Johan van Niekerk

Beste sportkommentators: Christo Olivier; Brett Proctor; Kotie Grové.

Beste kinderprogram: Dawie Kabouter.

Beste opvoedkundige program: Brandkluis; Wat sê die Reg.

Treffendste spel (al was die stuk vrot): Dulcie van den Bergh as antie Stienie in Agter Elke Man.

Mees bevooroordeelde aanbieder: Cliff Saunders. Alweer.

Windeier van die jaar: PW Botterkop, DVD, NP, Volksheld.

# Op soek na verlore tyd

**Die Veelsydige Krige, saamgestel deur JC Kannemeyer. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1988. R17.95.**

**Die Ligtende Trein, outobiografiese vertellings deur Ernst van Heerden. Tafelberg, Kaapstad, 1988. Prys nie vermeld nie.**

Resensie deur HELENE DE VILLIERS

"MAAR waar's die sneeu van voorverlede jaar?" het Uys Krige die refrein van 'n Villon-ballade vertaal. Die mens bly maar altyd terugkyk om in verbye lewenservaring nuwe patrone te wil ontdek, om onder die lank-gesmelte sneeu 'n paar blywende kristalle van wysheid te vind.

Ook vir Ernst van Heerden is die raaisel van die tyd 'n deurlopende tema.

In hierdie twee bundels is daar 'n terugblik op die lewe en werk van Ernst van Heerden en Uys Krige wat die geestelike klimaat van die vroeë dekades van ons eeu lewendig voor oë roep - uit 'n perspektief van die eeuwending.

Die Veelsydige Krige word ingelei deur 'n studie oor die "goue seun" se vormingsjare. Etienne van Heerden kon van lewendige, informele briewe aan gesinslede gebruik maak om boeiend te vertel van die sol y sombra van Uys se eerste jeugkennismaking met Europa: intense begeesteringe sowel as buie van neerslagtigheid.

"Ek aard hier (in Holland)" skryf die aanhanger van son en lig, "net so min soos 'n akkedis by die Noordpool."

JC Kannemeyer ontleed die gedigte Tram-ode en Die Soldaat om te wys dat Krige se gebruik van die vrye vers glad nie so amorf en vormloos is as wat Eglington en Opperman beweer het nie.

Hy wys daarop dat Krige se meer speelse lewensbenadering van die begin af 'n ingeboude korrektief was op die estetiserende neigings van die Dertigers; en dat sy Mediterreense inslag misken is deur kritici wat nie belese genoeg was om dit raak te vat nie.

Johannes Lodewyk Marais vra om 'n herwaardering van Krige ook as groot prosaïs. Hy was een van die min Suid-Afrikaanse skrywers wat belangrike prosa en Engels en Afrikaans geskryf het: 'n aanduiding van 'n breë Suid-Afrikaanse identiteit en 'n ruimer bestaan.

Charles Malan kies "die ontluistering van kulturele mites by Krige as dramaturg" ('n titel wat Krige self moontlik 'n bietjie swaar op die hand sou gevind het?). Hy skryf heel boeiend oor die klemverskuiwing in Krige se opvatting van die heroïese, van Magdalena Retief of Die Wit Muur tot by sy latere dramas, wat geskryf is ná sy ervaringe as oorlogsjoernalis.

boeke blad

**Onder redaksie van VICTOR MUNNIK**

Ten slotte skryf Ian Ferguson insiggewend oor Krige se belangrike vertaalwerk, veral die versdramas Twelfth Night en King Lear. Net jammer hy kon nie meer sê oor die Spaans-Amerikaanse gedigte nie, wat vir baie destyds-jong Afrikaners 'n eerste blik op die Latyns-Amerikaanse letterkunde gegee het.

Hierdie betragtinge oor Uys Krige is dus eerstens gerig op literêre herwaardering.



Uys Krige — "die groot tuinkabouter"

## Ewige reisiger

Anders is die blik van 'n skrywer wat self in eensaamheid besin oor sy eie lewe en werk. Veral waar die twee bynatydgenote so verskil van geaardheid: Ernst van Heerden het van die begin af 'n gravitas, 'n sober gedraendheid van styl, wat hom onderskei van die skoenlapper, die romantiese troebadoer, die "groot tuinkabouter" wat Uys Krige in ons verbeelding geword het.

Die standvastige gewigopteller teenoor die ratse rugbyspeler. En wat 'n gewig moes Ernst van Heerden nie uiteindelik optel nie.

Die Ligtende Trein ontleen sy titel aan Totius se gedig oor die rus wat altyd elders is (die meisie in die veld wat wens sy kon aansit by die treinpassasier se vonkelende maaltyd, terwyl hy vanuit die trein weer verlang na die eenvoud van haar tentmaal).

Van Heerden gee 'n beeld van homself as die Reisiger wat altyd verder verlang (ook die skip is in sy gedigte 'n wederkerende beeld).

Hy neem ons saam van die skool in Pearston en in Port Elizabeth, deur studiejare op Stellenbosch, saam met WEG Louw in voor-oorlogse Nederland, deur doseerposte aan verskeie Afrikaanse universiteite, en reise in Europa, Suid-Amerika en die Verenigde State (en Vlaandere, moet Vlaandere tog nooit vergeet nie!)

Van Heerden se literêre vriendskappe strek van wyle prof EC Pienaar tot by die jong digter Johan de Lange.

Rustig en onderhoudend vertel hy van sy vele ontmoetinge met mense, beroemd sowel as onbekend, en van sy versamelings: boeke, plate, skilderye, resepte.

Die latere hoofstukke word minder verhalend en meer bespiegelend: oor die lewe as akademikus, oor amputasie en gestremdheid, oor die waarde en praktyk van digterskap; oor pyn en oorlewing. Wat in die gedigte as intieme binne-ervaring met die leser gedeel word, word hier meer objektief belig.

'n Mens wonder net oor die fatalisme van die boek se openingsmotto: "...All time is unredeemable."



Ernst van Heerden

Begin selfs die fisici nie al dink dat die verlede deur die hede beïnvloed word nie? 'n Hele negatiewe lewensfase kan positiewe betekenis kry as dit intrinsiek deel blyk te wees van 'n proses wat tot die punt van ommekeer gelei het. "Redeem the time, Redeem the dream..." het Eliott tog ook gesê.

Soos Krige het Van Heerden ook met verloop van tyd sommige van sy opvattings verander. Hy wens selfs dat hy ook soos Krige in Smuts se dae kon deelgeneem het aan die oorlog - wat in daardie tyd vir hom ondenkbaar sou gelyk het.

"Ons beleef krisistye en daagliks is daar kragte wat uit die volkpsige loskom," sê Ernst van Heerden. En dan bind hy sy biografiese vertellinge in met die "vangriem" van 'n slotgedagte oor liefde en deernis.

Hierdie twee verantwoordelik evaluerende studies sowel as die meer anekdotiese vertellinge is waardevol omdat hulle die leser konfronteer met die geheimsinnigheid van die tyd se vloei en die verbondenheid van ons wil daarmee.

# Hoe lank sal dit nog duur?

**HEIN WILLEMSE skryf uit die Kaap**

KEEROMSTRAAT is afgekordon. Oral is polisie. Party in ligblou uniforms, ander in die potblou oorpakke van die half-opgeleides. Die bestuurder van die waterkanon oefen sy maneuvers. Begeleiders loop met blaffende honde af op 'n skare wat uitgewyk het na die onderste punt van die straat. Ek is pad na hof 1 van die Hooggeregshof. Vandag word die vonnis gefel oor 14 lede van die ANC.

Die hofgalery is volgepak. Meesal vroue. Van hulle is geklee in groen, goud en swart. Die gesigte is sonder enige herkenbare emosie.

## Beroering

Daar is slegs afwagting en 'n sagte ruising van stemme. Van die mense wag al sedert drie-uur hierdie Woensdag-oggend vir 'n sitplek aan die einde van die nege maandelange kastyding. Die oorgewig hofkonstabel maak 'n aankondiging "Ons gaan hulle 'n kwartier vroeër inbring" en waarsku vaderlik "maar g'n gesingery en geraas nie. Daar's ander howe in sitting!"

Die aangeklaagdes kom onder uit die selle. Daar is 'n gesmoorde beroering. Die meeste van hulle is jonk. Bloedjonk, selfs tenger. Party het die sukkelende spore van 'n baardjie. Ná twintig maande se aanhouding lyk hulle na onwaarskynlike guerrillas. Net die klein ANC vlaggies op die linker-boarm, en 'n enkele kakie-uniform dui op iets militêrs.

'n Ma, in die middel van die galery, kyk af op haar seun. Nie een van die twee praat veel nie. Hy loop weg van haar en lig 'n gebalde vuis. 'n Ander, in 'n modieuse somerspak en 'n sonbril, rook eenkant. Ander klim op die banke om nader aan die galery te kom. Hulle praat geanimeerd.

Langs my staan 'n horde veiligheidspolisiemanne. Van hulle nie ouer as twintig nie met punk haarstyle, dagoud Miami Vice-baarde en bultende rewolwers op hulle boude. Hulle hoort veel eerder kommerloos op 'n strand.

Die regter kom binne. Ons staan vir die lang grys regter met sy rooi toga. Sy vroueklerk het reeds die geskrewe uitspraak in 'n oranje omslag neergesit. Daar is geen rituele kode waarmee hy sy uitspraak begin nie. Geen kuggie nie. Hy lees in 'n rustige, gemoduleerde stem: regspraak is om 'n toepaslike vonnis vir 'n misdaad te gee; wat die aangeklaagdes gedoen het, was nie vir persoonlike gewin nie, maar uit politieke oortuiging.

Die regter getuig dat hy as gewone burger weet van die griewe teen die Groepsgebiedewet. Hy hoor dat ruimte vir wettige optrede feitlik nie meer moontlik is onder die noodmaatreëls nie, maar daar bly nog die opsie van plaaslike besture om griewe op te los.

## Geweld

Hy het geen probleme met die oortuiginge van die beskuldigdes nie, maar hulle geweldadiges metodes moet gestraf word: geweld is 'n affrontasie vir alle beskaafde mense. Geweld is nie moreel regverdigbaar nie.

Die hofsaal is stil. Hierdie jong mense se lewens gaan vandag ten diepste verander. Die regter verban die eerste drie beskuldigdes vir onderskeidelik 25, 24 en 24 jaar uit die samelewing. Die eerste twee slaan hy tot toegewyde terroriste.

Die derde glimlag sinies toe hy die akkolade hoor. Die regter sê hy vind nommer drie hoogs geartikuleerd en intelligent. Waarom dan die bose pad loop? Hy skort 10 jaar van elk se vonnis op vir vyf jaar. Die staat het vir lewenslank gevra. In vergelyking is 15 en 14 jaar kort.

Ek kyk na beskuldige nommer een se ma. Sy is uitdrukkingloos. Begryp sy die uitspraak? Daar is geen blik van herkenning nie. Sy staar voor haar uit. Nommer twee se ma het voorheen vir my gesê: "My kind gaan die beste deel van sy lewe in die tronk sit." Ek kyk na haar. Ook sy toon geen emosie nie.

Nog drie ander word tot lang termyne van 20 tot 22 jaar gevonnis. Ook hier skort die regter tien jaar op. Beskuldigde nommer nege kry 'n opgeskorte vonnis. Dié op die galery trek asem in. Sy kamerade langs hom neem sy hande. Sy mond gaan effe oop. Hy vat aan sy das en lig sy kop agteroor, sy oë toegeknyp. Sy vriende langs hom en twee ander kry sewe jaar, waarvan vyf opgeskort is. 'n Verdere drie kry opgeskorte vonnisse.



Die regter staan op en loop uit. Die veroordeeldes draai om na die galery. Dis geen gekoördineerde reaksie nie. Daar is geen Amandla's, Nkosi Sikeleli i'Afrika's of Mayibuyi's van die galery nie. Die guerrillas sing 'n strydlied vir Umkhonto we Sizwe, met die vrystaande duim-en-gebaldevuis-teken van die ANC. Selfs nou lyk hulle onwaarskynlike vegters, net soos toe die meeste van hulle drie jaar gelede halfrigtingloos op die Universiteit van Wes-Kaapland se voorgraadse banke gesit het.

Hoeveel ander sal daar nog moet wees voor dié soort rebellie nie meer nodig geag word nie?

# Nog 'n Porsie Prawns 'seblief!

**Andrew Buckland se solo mimiek-sage The Ugly Noo Noo word nou by die Mark-teater in die form van 'n trilogie afgerond. Sy vrou Janet het weer die regie behartig. Met Noo Noo het hy 'n humoristiese manier gevind om Suid-Afrikaners bewus te maak van hulle eie waansin - sonder om aanstoot te gee. CHRIS DU PLESSIS het probeer om dié akteur wat bekend is vir sy privaatheid tydelik uit sy kors te laat bars, en dit amper reggekry.**

ANDREW BUCKLAND het die Parktown Prawn verewig.

Voor hom was 'n Noo Noo (sy woord vir die insek) slegs 'n koringkriek-agtige huispes eie aan die noordelike voorstede wat taaier is as ou skoene.

Andrew het dit so te sê vermitologiseer met sy solo mimiekvertonings in the Ugly Noo Noo. Dié opvoering het weldra in 'n trilogie onwikkel waarvan die laaste deel tans by die Markteater opgevoer word.

Toe ons gesels het, het hy beloof dat al die los drade van die sage met dié laaste vertoning bymekaar gebring sal word, hoewel hy nog nie geweet het hoe hy dit gaan doen nie.

Hy het so pas van die stel van Gray Hofmeyr se nuwe rolprent afgestap en was op pad Oos-



Londen toe om die Kersgety-chaos by sy skoonouers te gaan mis.

Die film is in Springbok geskiet. Nóg een van daardie Karoo-dorpies wat uiteindelik as "Somewhere in Africa" op die silwerdoek voorgestel sal word om die anti-apartheidsfanatici se asems van die vervaardigers se nekke af te hou.

Die prent handel oor 'n groep wetenskaplikes wat 'n atoomafvaleenheid ontwerp. Hulle wil dit Internasionaal verkoop. Die Arabiere het ook een ontwerp. Hulle wil dit ook Internasionaal verkoop. Andrew speel die rol van 'n Franse agent wat deur die Arabiere gehuur word om die tentoonstelling van die Afrikagroep se afval-eenheid in die wiele te ry...

Hy steek sy wysvinger en duim uit en maak PHGG! PGGH! PGGH! So hoef hy die oppervlakkige tema nie in woorde te verduidelik nie.

Soos meeste ander akteurs verkies hy die onmiddelikheid van die verhoog.

Hy het die Prawn of Noo Noo as "karakter" gekies omdat dit een van die mensdom se grootste onmenslikhede verpersonifiseer. "Die insek is eintlik heeltemal onskuldig," verduidelik hy. "Maar mense verafsku hulle omdat hulle fisiese voorkoms so afstootlik is."

Hy erken dadelik dat hy met die stuk direk beïnvloed is deur die spotprenttekenaar Gary Larson (The Far Side). Larson maak ook gebruik van die tegniek om mense in diere se rolle (en andersom) te plaas om menslike wreedhede te belig. Dit is basies wat in Noo Noo gebeur. Behalwe dat Andrew plaaslike analogieë en metafore gebruik om die universele wreedhede in 'n Suid-Afrikaanse konteks te plaas.

Suid-Afrikaners het die subtiele aantygings opgeslurp. Die eerste twee Noo Noo's was so gewild dat Andrew vrees die meeste mense het die onderliggende sosiaal-politieke kommentaar gemis. "Almal het begin praat daarooor en gedink dis tog te oulik... ek dink dit het miskien te kommersieel geword."

'n Man ("van DAAR af" - Andrew beduie in die rigting van Sandton), het hom ná een van die vertonings gevra om 'n opvoering by sy huis te kom gee vir sy veertigste verjaardagparty. "Die hele Noo Noo-vertoning?" wou Andrew weet.

"Nee, hou dit kort," seg die man. "En moenie iets opvoer wat die mense te veel laat dink nie."

Tydens die "opvoering" het die gaste (daar was "honderde") geen reaksie getoon nie en Andrew het begin bekommerd raak. "Moenie worrie nie," sê die man toe vir hom. "Ons gaan nou die koek inbring..."

Maar aan die ander kant wil Andrew ook nie hê mense moet dink die "politieke" analogieë is té voor die hand liggend nie.

Sulke direkte verwysings kan maklik as didakties of pretensieus aangesien word.

Hy self staan te na aan die stuk om 'n objektiewe uitspraak te lewer. "Ek is soos 'n idioot vasgevang in die storie."

Dit help nie om hom te probeer gerus stel nie. Komplimente verwerk hy moeilik.

Wat dit makliker maak om



hom sadisties daarmee te bombardeer.



**Andrew Buckland doen die Noo Noo**

*Fotos: Andrea Vinassa*

Getroue volgelinge van Noo Noo sal onthou dat die tweede deel geëindig het waar Sebastian (die hond) en Anthony (die mier wat vir die AWB - Animals Without Beauty - werk) beide na Meridith gaan soek nadat sy gevang is.

Pyro(tegniek) se suster Polly die Prawn is vergiftig deur die Specists (sluipmoordenaars wat lewende wesens volgens hulle spesie beoordeel.) Tydens 'n geveg verloor Pyro drie bene. Sebastan word verblind...

Die derde verhaal begin waar Bright Eyes (een van die soort wesens wat onwetend ander mense se lewens in ellnde dompel) hoor Meridith het ontsnap...

Hy wil nie veel meer as dit verklap nie. Die publiek moet self oordeel.

Ná die Noo Noo weet hy ook nie wat hy gaan doen nie.

Dit lyk nie juis asof hy homself veel daaroor bekommer nie.

Hy probeer geld bymekaar kry om een van sy ander mimiekstukke Easy Walk (met die Poolse perkussie-veteraan Maciek Scejbal) en die Noo Noo trilogie na Edinburgh te neem.

Maar as dit nie gebeur nie... Hy haal sy skouers op.



**Jeremy Crutchley speel die rol van Smith, 'n "aantreklike jong man met 'n sinlese lewenshouding", in Agatha Christie se Murder on the Nile. Die stuk, wat tans in die Baxter in Kaapstad opgevoer word, begin op 12 Januarie in die André Huguenet-teater in Johannesburg. Regie deur Rex Garner. Intense hitte. Misterieuse Egiptiese landskap. Die salon van die stoomboot Lotus. 'n Moord. Wie was die moordenaar? Die ander akteurs is Diane Appleby, Tammy Bonell, John Whiteley, Rex Garner, David Clatworthy, Lynita Crofford, Tanya Logan en Janet du Plessis.**

# Net een Afrikaanse stuk

**Marie Oberholzer**

DIE gebrek aan Afrikaanse "hoofstroom"-toneelstukke blyk uit Truk se toneelprogram vir vanjaar. Daar is Afrikaanse vertalings van 'n Georges Feydeau-klug, 'n Sam Shepard-stuk, 'n drama van Edward Albee en 'n Shakespeare. Maar die enigste Afrikaanse stuk wat vanjaar opgevoer word is Bartho Smit se Christine.

Die Feydeau-klug - Kalkoen se Kind op Afrikaans - is middel-Februarie op die planke met Louis van Niekerk, Johan Malherbe, Lida Meiring en Bill Curry in die hoofrolle.

Dieter Reible behartig die regie van Shakespeare se The Tempest - Die Storm - in Mei en Junie.

Shepard se Fool for Love, wat nog nooit in Suid-Afrika gesien is nie, open op 9 Februarie in die Momentum, Staatsteater Pretoria.

Sandra Prinsloo speel die hoofrol in die vertaling van Albee se Who's Afraid of Virginia Woolf? - Wie is Bang vir Virginia Woolf? - waarvan Francois Swart die regie behartig.

Die hoogtepunt op die Engelse program is die lokettreffer Gulls, waarvoor Ron Smerczak verlede jaar met 'n Dalro-prys bekroon is. Dit begin op 21 Maart in die Drama van die Staatsteater en op 11 April in die Alexander-Teater in Braamfontein.

Tom Stoppard se The Real Inspector Hound en Peter Shaffer se Black Comedy met Wilna Snyman, Fiona Ramsay, Susan Danford en Graham Hopkins in die hoofrolle is van 2 Februarie op die planke. Terrence Shank is die regisseur.

Francois Swart behartig die regie van Shakespeare se As You Like It beplan vir Julie/Augustus.

Truk het die regte vir Tom Stoppard se Hapogood, wat verlede Mei in Londen geopen het, bekom. Bobby Heaney behartig die regie.

Norman Coombes se Amstel-pryswenner, Snake in the Garden, word van 15 Februarie in die Adcock-Ingram en van 10 Maart in die Momentum opgevoer.

Die subskripsiebrosjure waarin die inligting oor die produksies uiteengesit word, is reeds beskikbaar.

# Krokodil nòg vis nòg vlees

**Holger's, Braamfontein**
**The Front Page, Melville**
**Le Bonne Table, Rissikstraat**

'n MENS moet dikwels na oop restaurants soek oor die Kersgety - bekende restaurante is toe, en mens gaan eet dus op 'n basis van mog ons troffe.

So het ek en my vriend Peter by Holger's uitgekom. Die restaurant het 'n aangename rustige atmosfeer ondanks die druk verkeer onder in die straat. Ek het nie baie van die binneversiering, en spesifiek die stoele, gehou nie.

Ek het 'n Engelse bitterbier bestel - heerlik - en Peter 'n paar koeldrankies om van die die vorige aand te herstel.

Op die effe vervelige spyskaart was daar Krokodilstert van die Nyl met knoffel en roosmarynbotter. Krok vir Krismis, besluit ons toe. 'n Dwarsdeursnit word van die krokodilstert gemaak en dan gerooster.

Ek gaan nie doekies omdraai nie: krokodil is nòg vis nòg vlees. Klein stukkies vleis sonder noemenswaardige smaak lê ingebed in 'n groot volume stywe grillerige wit vet. Die vleis wat jy uiteindelik eet is hoegenaamd nie R20 'n porsie werd nie.

Hoewel die spyskaart sê die krokodil kom van die Nyl, het Peter gesê dit proe na Pilanesberg-krokodil.

Die krok is opgedis saam met roomspinasie en aartappels Anna, wat albei baie lekker was. 'n Bakkie redelik smaaklose bykomstige groente is ook verskaf, maar ons het nie eintlik daaraan geëet nie.

As nagereg het ek okkerneut-gateau geëet, wat hoogs professioneel gemaak is.

Die lekkerste was natuurlik die heerlike Duitse schnapps na ete, wat ek en Peter laas in Namibia met soveel oorgawe gedrink het.

Opsommend: krokodil is 'n foefie.



Vrye Weekblad het sy Kersmaal by Front Page in Melville gehad. Dié restaurant het 'n aangename ontspanne atmosfeer, en hoewel die restaurant baie besig was, was die kelnerinne flink en vriendelik.

Die spyskaart is soos 'n koerant gedruk en kan jou 'n hele klompie minute besig hou terwyl jy vir jou kos wag. Daar is allerhande outydse advertensies, en brokkies skinder, en jy kan ook die Sterre kan lees.

## Goedkoop Parmaham

Die geregte op die spyskaart is nie baie interessant nie. Nog 'n standaardspyskaart.

Ek het as voorgereg Parmaham met spanspek bestel. Die ham was 'n bietjie donker vir Parmaham, en ook 'n bietjie sout. Dit was ook 'n bietjie goedkoop - Parmaham moet vandag met goeters soos bobelasting haas onkoopbaar wees. Dit was egter goeie ham.

As hoofgereg het ek biefstuk met die fênsie naam van Steak Ile De France bestel. Volgens die spyskaart word dit bedien met 'n delikate mengsel van room, peperwortels, Drambuie en gekapte uie.

Die biefstuk was sag, maar die sous was nie baie delikaat of baie lekker nie. Baie standaard.

As nagereg het ek gebakte piesang met bruinsuiker, rum, botter en roomys bestel. Dit was nie lekker nie. Ek het ander ook daaraan laat proe, en hulle het saamgestem.

Front Page is miskien te groot - kwaliteit ly onder volume - terwyl die spyskaart nie van verbeelding getuig nie.

## Biefstuk nie-royale

Wanneer jy by Le Bonne Table instap dink jy dis 'n Griekse restaurant - net Griekse musiek word gespeel.

Maar wanneer jy na die spyskaart kyk is daar geen Griekse gereg op nie. Die spyskaart is - en nou begin ek klink soos 'n plaat wat vasgehaak het - baie standaard: die gewone biefstuk en visgeregte.

Ek het 'n Fillet Royale bestel. Waarom dit royale genoem word, weet nugter alleen, want oor die biefstuk lê 'n doodgewone witsous met sampioene daarin.

Dit is bedien met te soet wortels en tjips, hoewel ons rys gekry het toe ons daarvoor gevra het.

Blykbaar is Le Bonne Table se visgeregte goed.

Ek het nie nagereg geëet nie - ek beskou dit as 'n belediging om "vanilla ice cream and chocolate sauce" op 'n spyskaart te sien.

Johannesburg het te veel standaard-restaurants.

KOOS COETZEE

# Lank lewe koning eend

IN Kaapstad en in Vanstadensrus en in Houghton het mense hierdie Kersfees weer kalkoen geëet.

Dié wat sappige stukkies kalkoen gekry het, was gelukkig. Ander moes tevrede wees met die witvleis, wat na saagsels smaak.

Kalkoen, en ek hoor 'n koor verontwaardigde stemme opgaan, is 'n minderwaardige voël. Die Engelse en die Amerikaners is mal oor kalkoen - Kersfees sonder 'n kalkoen is nie Kersfees nie - maar die setels van goeie kos is nie in Amerika en in Engeland geleë nie.

Die Franse, wat weet wat goeie kos is, is ook slim sakemanne. Hulle maak baie geld deur van kalkoene ontslae te raak. Baie Franse kalkoene het hierdie Kersfees as spogstuk op Suid-Afrikaanse tafels gepryk.

Die Franse spuit die kalkoen met een of ander vet in, en siedaar 'n wonderlike sappige voël. Maar selfs hierdie kalkoen, wat "self-basting" genoem word, kom droog uit die oond uit.

Die enigste kalkoen wat ek eetbaar vind is klein kalkoentjies, niks groter as 'n groterige hoender nie. Selfs dan is kalkoen nie werklik spesiaal nie. En jy moet hom ook maar chronies met vet bedruip, anders is selfs dié kalkoentjie droog.

Ek wil 'n ander Krismisvoël voorstel: eend. 'n Eend is 'n vet voël. Hy hoef glad nie bedruip te word nie - jy maak skaars die oond oop terwyl hy braai.

'n Eend het nie baie vleis aan hom nie - behalwe die bors en bene is die vleis maar skraal aan 'n eend - maar eendvleis is baie lekkerder en baie sappiger as kalkoen.

Ek stel dus vir volgende Kersfees kleiner porsies eend pleks van hompe droë kalkoen voor.

KOOS COETZEE


Est 1987

Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u kersfunksie**

**Bespreek vandag : 836-6611/2**


# 'n Nuwejaarsvoorneme: Drink meer avontuurlik

**BJ Lankwarden skryf 'n voorskou oor 1989 as drankjaar**

VIR sommige van ons is die einde van een jaar en die begin van 'n ander slegs 'n verandering op die kalender. Ander herkou die ou jaar en maak vroom voornemens vir die nuwe jaar.

Soos ons almal weet is dit uiters moeilik om hierdie voornemens na te kom. Hier is egter een waarmee ons min moeite sal hê - behalwe miskien die mees geharde drinkers van sterk drank.

Probeer om jou drinkpatroon vanjaar af te wissel. Waarom nie? Dit kan jou groot plesier gee en miskien ontdek jy 'n drank wat jy vantevore glad nie geken het nie maar nou vir jou heerlik smaak.

Wyndrinkers het omtrent 'n eindelose keuse, veral noudat die bobelasting van 60 persent op wyn na 20 persent verlaag is.

Dink net aan die geleenthede vir rooiwyndrinkers. As dié van ons wat van goeie Cabernet hou, dink R15-R20 'n bottel vir plaaslike wyn raak 'n bietjie dik vir 'n daalder, koop 'n Cabernet uit Chili teen die helfte van die prys. Dit kan jou aangenaam verras.

Probeer gerus ook die lieflike wyne van Beaujolais. Plaas hierdie wyn tien minute lank in die yskas voordat jy dit drink. Ek kan hoor hoe mense vra: "Wie het al ooit gehoor dat jy rooiwyn in die yskas sit?"

Erger dinge het al gebeur: soos toe 'n bottel beleë Chateau Mouton Rothschild 1962 in 1976 in die Seychelle in 'n hotel op ys geplaas is. Dit is geen misdaad nie - nie as die wyn die tafel teen 35 grade Celsius bereik nie.

Rooiwyn moet, soos soveel boeke ons vertel, teen kamertemperatuur bedien word. Nie een van hierdie boeke vertel jou egter dat dit Noord-Europese kamertemperatuur is nie. Ek het ongeveer 20 jaar daar deurgebring, en kamertemperatuur was omtrent nooit hoër as 18 grade Celsius nie.

Rooiwyn wat ek aan tafel bedien, het omtrent altyd hierdie temperatuur - altans wanneer ek begin skink. Binne 'n halfuur lyk die prentjie anders, want jy kan die bottel nie aanhoudend in 'n koel plek terugsit nie.

As 'n wyn te warm is, ruik jy onmiddellik die alkohol wanneer jy dit voor jou neus hou. Wanneer 'n baie aantreklike wyn bedien word en jy ruik lank daaraan, kan jy daarvan dronk word - só geniet 'n mens nie wyn nie. Hou daardie rooiwyne koel ...

Dit is ook die geval wanneer jy 'n groot witwyn drink. Die regte temperatuur vir witwyn is 12-14 grade Celsius. Onthou egter dat mens nie yskoue wyn kan proe nie, en sommige wyne verdien beter as dít.

Ek noem 'n paar groot witwyne: wit Boergondiese wyn, veral dié wat meer as R100 'n bottel kos; sommige (baie skaars) witwyne van die boonste deel van die Rhône, sommige wyne van Elsas en sommige van die Loire in Frankryk.

Duitsland het ook groot witwyne, maar hulle word nie na ons uitgevoer nie en dis baie moeilik om hulle in die hande te kry.

Maar selfs 'n paar van ons eie witwyne streef na grootsheid, wyne soos dié van Hamilton Russel-wingerde in Hermanus, of die groot witwyne wat Günther Brözel op Nederburg maak. Sommige van die goeie wyne van L'Omarins, Backsberg, Boschendal, De Wetshof, Delheim en Klein Constantia val ook in hierdie kategorie.

Dit kan groot pret vir die ernstige wyndrinker wees om 'n klompie bottels van die groot Bordeaux-wyne te versamel. Ons sal ondanks die hoë pryse 'n hele paar van hulle op die mark sien: die besoek van die Union des Grands Crus de Bordeaux aan Suid-Afrika en die wynproewery en ete wat middel-Januarie by die Inanda-klub gehou word, sal daarvoor sorg.

Sulke besoeke wek gewoonlik baie belangstelling en publisiteit.

Ander dranksoorte sal ook vanjaar onder die soeklig kom.

Aangesien die ingevoerde siders Strongbow en Woodpecker so goed in Suid-Afrika gevaar het, het die Stellenbosse Boerewynmakery sy eie Hunters Gold en Gilbeys sy Crossbow op die mark geplaas.

Eersgenoemde word van appels en pere gemaak en laasgenoemde net van appels.

Een ding is seker, en dit is dat die verkope van bier steeds sal styg soos jare reeds die geval is. Maar ook hier is verskeidenheid moontlik.

Ons kan uitsien na 'n interessante drankjaar.

# 'n Vark genaamd Lieng

MY vriend Charles, 'n groot man en 'n goeie kok, het 'n kalkoen en 'n skaapboud vir Kersfees gaargemaak. Hy het egter gevoel die Kersmaal kan nie volmaak wees sonder 'n kwart varkboud nie en op die laaste nipper slaghuis toe gehardloop.

Hy vertel die apokriewe storie van die verhandeling van 30 bladsye wat Confucius oor die oorsprong van die Chinese se liefde vir varkvleis geskryf het.

Confucius was 'n groot filosoof met 'n oog vir 'n mooi storie.

In sy verhandeling vertel hy die roerende storie van Dong, 'n Chinese kleinboer, wat 'n vark gehad in die dae toe die Chinese nog almal vegetariërs was.

Die vark se naam was Lieng, en die boer was baie lief vir sy vark.

Hy en die vark het saam in 'n houthuis gewoon. Op 'n wintersdag is Dong dorp toe om 'n paar inkopies te doen. Hy het Lieng op die matjie langs die vuurherd gelos.

'n Kooltjie het uit die vuurherd geval en die huis het afgebrand.

Toe die boer tuiskom het hy groot geskrik: hy was nie bekommerd oor die afgebrande huis nie, maar waar was Lieng? Hy het begin rondkrap en hier lê Lieng: gaar. Dong het begin huil en Lieng om die nek geval, maar Lieng het sy hand gebrand.

Toe hy sy hand aflek om die brandgevoel te verlig, het Dong weer gelek, en weer... Te heerlik. Toe begin hy vir Lieng opeet.

Van toe af het Dong elke week 'n huis gebou, 'n vark in die huis gesit en die huis afgebrand.

Uiteindelik het die hele vlakte vol afgebrande huise gestaan, todat die bure begin kla het. Koppe is bymekaargesit en die eerste primitiewe oond is vir Dong gebou.

Dit is dan die verhaal van Lieng.

KOOS COETZEE

# 'Sjeik' leer boerseun sy kulkuns

Ses dae 'n week, elf maande 'n jaar is die Boswell-Wilkie Sirkus op pad. 'n Honderd siele en 'n klein dieretuin. VICTOR MUNNIK het tussen die karavane met die kunstenaars gaan gesels.

'n SEUNTJIE wat kleintyd so skaam was dat hy van kuiermense op hulle Vrystaatse plaas weggehardloop het, is nou die oëverblinder in sigeunerklere in die Boswell-Wilkie-sirkus.

Sy naam is Rebo. Draai Rebo om en jy kry Ober...holzer. Johannes Philipus, oorspronklik van Fauresmith in die Vrystaat.

Weens sy weghardlopery is 'n "Boesman met een arm" aangestel om hom op te pas. Dis hy wat Rebo sy eerste toertjie geleer het: die sewe ringe van die duiwel.

Rebo het sy ambag by die Spoorweë geleer, maar sy kop het altyd kulkuns toe gestaan.

Hy het uit boeke geleer, en van Karadani - Sjeik Dada Eskader - "een van die wêreld se beste towenaars".



Rebo die kulkunstenaar, eintlik Johannes Philipus Oberholzer

## Valbyl

In 1945 het hy by 'n sirkus begin werk, en toe op sy eie as kunstenaar getoer, totdat hy besluit het om sy eie besigheid te begin. Uiteindelik was sy kinders groot en kon hy weer - in 1978 - by die sirkus begin werk.

Rebo, van ambag 'n matrysmaker en passer, bou sy toorinstrumente self, byvoorbeeld die huisie waarin die meisie klim voordat hy die swaarde deur haar steek. So ook die vreesaanjaende valbyl: die lem kap 'n wortel morsaf maar spaar die kind uit die gehoor se nek.

"Baie keer hardloop die kinders weg en dan sukkel ek om nog 'n vrywilliger te kry.

"Ja-a-a," sê Rebo. "Eendag loop iets nog verkeerd en dan sit ek in die tronk vir strafbare manslag." Hy rek sy oë. Moet 'n mens hom glo?

Buite sy karavaan sit twee wit Chinese lagduiwe. Die twee duifies het 'n uur of wat gelede voor ons oë verander in Samantha, die wit Toy Pom wat nou by haar baas se voete lê.

Soos 'n Sigeunerlaer staan die sirkusmense se karavane rondom die Groot Tent. Elke karavaan het 'n seil-afdak, met opvou-stoele en -tafeltjies. Hier en daar lê 'n hond. Ponies en twee sebras wei aan die groen gras. Twee olifante, hul pote vasgeketting, swaai hul slurpe ritmies heen en weer onder 'n swart gaasdak.

'n Leeu brul helder oordag.

"Oppas. Nar bestuur", sê 'n plakker op 'n groot vragmotor.

## Geslote-baan TV

Die eerste ding wat Walter Wilkie van Boswell-Wilkie se sirkus my wys is die klank-ateljee. Dit lyk soos die stuurkajuit van 'n vliegtuig.

Daar sit die klank-ingenieur omring van bandspelers. Hy hou die vertonings dop op geslote-baan TV. Hy moet reg wees om 'n honderd verskillende stukke musiek vir so twintig items te speel. Al die sirkusmusiek is op band, behalwe dié van 'n tromspeler langs die arena wat elke beweging begelei.

Ons kyk na die vertoning. Die nar se voete is so groot hy skop sy hoed weg elke keer dat hy dit wil optel. Dit maak hom baie kwaad, maar oeps, daar val sy broek af.

Langs my spring 'n seuntjie op en af. Hy trek skewebek vir die arena-meester met sy sweep. (Met sy enkele oogglas en aandmanel lyk hy nes Freud, of is dit Bismarck?)

Freud lag nie. "You vill behave yourselv," sê hy vir die nar. Dit wil die rooikopnar nie hoor nie. Hy wil eenvoudig Spanish Eyes op sy trompet speel.

Freud vat sy trompet weg, maar so gou hy omdraai haal die nar 'n speeltrompet uit sy broek uit en speel totdat hy uitgejaag word.

Hy stap by die tent uit. Skaars drie leeuspronge van hom af draf vyf leeus uit hul hok deur 'n draadtonnel na die vertoonhok in die arena. Hulle is altyd omring deur tralies.

Die temmer se sweep klap. Die groot katte beweeg lui-lui van een stoeltjie na die ander, en gaan lê dan gehoorsaam langs mekaar.

Die temmer woel met sy hande in die een mannetjie se maanhare, en soen hom.

## Groen oë

"'n Leeutemmer hoef nooit gebyt te word nie. As dit gebeur is dit nie die leeus se skuld nie. Hy moet hulle goed ken en hulle goed dophou," sê leeutemmer Rory O'Byrne na die vertoning.

"Hy moet weet in watter bui die diere is - as hulle byvoorbeeld hardlywig is, is hulle baie beneuk. En jy moet hulle dophou. 'n Leeu se oë is goudbruin. As hy kwaad word, word hulle groen. En as hy liggies na jou kap moet jy weet..."

Rory krap 'n maanhaar se neus deur die draad van die hok. Die leeu gaap. Sy verhemelte is pienk soos 'n klein katjie s'n, maar sy tande is so groot soos wortels.

"Alles wat die diere hier doen, doen hulle ook in die natuur. Ons improviseer net daarmee..."

Agter hom kom die Kozaks met hul spannetjie diere verby. 'n Bok, 'n eend, poedels, en twee sjimpansees: Jane en Boytjie.

Boytjie wat sopas in die arena "in 'n restaurant geëet het" (die kinders kon nie glo die aap eet so mooi nie) word nou deur sy baas by die trok se trappe opgehelp. Sy vrolike Country en Western-klere word uitgetrek en hy gaan sit op die strooi.

## Bloed

Binne-in die tent blaas die fluitjie vir pouse.

Springmielies, spookasem en soeweniers word verkoop. Een pa koop drie rooi neuse. Wanneer die fluitjie weer blaas stap hy met sy span van drie narretjies in die tent in.

Die "New Survivors" vlieg deur die lug. Die sweefstok-arties vang sy maat net-net.

"Mense hou van die gevaar," sê Stanley Bower ná die tyd voor sy karavaan. "As ons met 'n veiligheidsnet optree sal dit nie so spannend wees nie en sal minder mense kom kyk."

Toe hy en sy mede-arties Colette Kozak met hul gryptoertjie begin, het Colette se arms elke aand gebloei. "Die vel om my arms was te sag. Arme Stanley was ná elke oefening vol bloed," sê sy, "Ons werk hard."

Colette is in 'n sirkus gebore. Stanley kom oorspronklik van Zimbabwe. Sy ma het hom by die sirkusskool in Kaapstad ingeskryf.

"Sê vir die mense hulle moet tog die sirkus ondersteun," sê Stanley. Ek dink aan die seuntjie wat pouse aan 'n reling gryp en oor die trappies spring. Hy sal die hele week sweefstok-waaghals wees.

En die sirkus se honderd mense - dit sluit elektrisiëns, verwers, 'n motorwerktuigkundige en arbeiders in - sal bly trek en speel van dorp tot dorp, ses dae 'n week, elf maande 'n jaar.



Stanley Bower en Colette Kozak - die New Survivors



Kleinjannie Steenkamp en Andrew "Meatball" Brown. Narre

## Musiekgids

JAMESONS'S BAR, Commissionerstraat. Die voorste aanbieder van oorspronklike plaaslike musiek met oorblyfsels van OU Johannesburg. Nie te duur nie en die lugreëling werk. 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Gehore wissel met die musiek wat aangebied word met 'n paar herkenbare "locals". Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsfooi. Carlos Dje Dje is vanaand en Saterdag-aand te sien. Dinsdag, Woensdag en Donderdag-aand is dit die groep Azumah. (Tel. 836-6002).

ROXY RHYTHM BAR, Mainstraat, Melville. Steeds die nr.1 plek vir yuppies en aspirant-yuppies om by gesien te word. Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdag-middag: Jazz Brothers. Van 3 tot 6nm: The Tam Minter Band. Aand: Robbers Dog. Maandag: Neil Solomon. Dinsdag: The Jive. Woensdag: Roots. Donderdag: Mike Faure en Steam Machine. Vrydag: African Jazz Pioneers. Tel: 726-6019.

THE JUNCTION, h/v Breë- Claimstraat. Klein dansplek maar lekker biljartkamer en 'n daktuin wat gebruik kan word deur idiote wat nog verlief raak. Die ouer rock en "new wave" -musiek wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

### Clegg in Kaapstad



JOHNNY CLEGG (regs) en Savuka sal NET vanaand by die Goeie Hoop-sentrum optree, so maak 'n plan. Blik en Snaar is die naam van 'n spesiale Afrikaanse musiek-aanbieding vanaand en Saterdag-aand by die Amfi-teater. Jannie du Toit en Christa Steyn is van die kunstenaars wat optree. Sondag laat-middag is daar 'n African Rhythm-konsert, ook by die Oude Libertas-amfiteater, wat die Worcester Black Tigers en Heshoobeshoo insluit.

THE BASE - Kaapstad se Jamesons. Vanaand en môre-aand: Peto. Maandag en Dinsdag-aand: Kunjani. Woensdag-aand: Reggae-aand met African Iration en The Black Sufferers. Donderdag-aand: Cherry Faced Lurchers.

PASCHA, Seepunt - Sweatband tree elke Dinsdag tot Saterdag hier op.

HEAVEN, Seepunt - The Tony Schilder Jazz Group is elke Sondag-aand om 8.30 hier.

KIPPIE'S, Markteater, Newtown. Township-jazz en sy meer voorstedelike ekwivalent. Die jazz-groep Bakithi Akhumalo tree tans daar op. (Tel. 832-1641)

NO 58, Hillbrow. Johannesburg se gewilde kabaret-kroeg. Duur maar moeite werd vir die vertoning It's all Fright By Me - Part 2. Met Fiona Ramsey, Jenny da Lenta en Steve Walsh.

BONES, Rosebank Restaurant met buitelug-biertuin vir Jo'burg yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Naughty Boys met rock/blues-veteraan Larry Amos. Saterdagaand: Diamond Dogs. Sondag, Woensdag en Donderdag-aand : Gaskunstenaars. Tel: 788-1337.

THE THUNDERDOME, h/v Claim- en Noordstraat. "Mega" -disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en videos vermaak verskaf aan die tieners. (Tel. 238-788)

RUMOURS, Rockeystraat. 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook. (Tel. 648 4605)

LATE NITE DUKE'S IN MELVILLE - Laatnag alternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete ook. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien. Woensdag tot Sondag Rudi and Friends en Saterdagmiddag die solis Pierre van Staden. (Tel. 726 8400)

RAKE'S WINE BAR Ridgestraat 20 Parktown. Eintlik 'n ou huis met groot tuin. Ligte etes op die grondvloer en steak op die boonste verdieping. Vrydag-aand: Naughty Boys. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyf-uur. Die blues/rockgroep Roots is Sondae aan die beurt. Tel: 484-1714.

CLUB MANZATTAN, Moletsane, Soweto. Hoër-inkomstegroep disko. Oop van elfuur die aand. Op Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Ledegeld R10. Alle soorte musiek. (Tel. 930-1735)

IDOLS. Bokant van Endstraat. Lang toue van ongemaklik entoesiastiese jollers buite. Musiek en plesier vir die tiener-yuppies. (Tel. 402 7840)

CAPONE'S, Louis Bothalaan 440. Restaurant met orkes. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Meisies se aand. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Hilton Chilchick & Dave, Sondag: Jazz. (Tel. 640 7582)

EASY BY NIGHT, Natalspruit. Vir hoë-inkomstegroep jollers. Baie gewild onder Sowetane op Woensdagaande. Speel saam as jy 'n BMW het. (Tel. 864-4748)

CLUB STATUS, Fun Valley. Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce is die gereelde orkes in die pas opgeknapte klub. (Tel. 945-1001/2)

HARD ROCK CAFE, 204 Oxfordlaan, Illovo. Baie gewilde tiener-uithangplek wat so goed doen dat hulle selfs t-hemde (met hulle naam op) suksesvol bemark. Middag- en aandete op die maat van bekende treffers, herroep deur die groep Alzec wat Woensdae en Sondae optree.

KING OF CLUBS, h/v Mark- en Von Wiellighstraat. Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping. Toegang: R3. (Tel. 331-6727)

BLUES, 165 Marshallstraat. Word meestal besoek deur wesens van die Noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35). Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

## Galerygids

**Die Johannesburgse Kunsmuseum**
Joubertpark, Kleinstraat. "Die Verwaarloosde Tradisie: Met die oog op 'n nuwe geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns (1930-1988)". 'n Uitstalling van 95 swart Suid-Afrikaanse kunstenaars se werk. Tot 8 Januarie. "Mite en Fantasie in Drukkemakery": 'n Uitstalling van drukke wat karakters en vertellings van 'n mitiese of fantastiese aard uitbeeld. Tot 29 Januarie.

**Kim Sacks-galery**
Cavendishstraat, Bellevue. Die nuwe galery en potterbakkersentrum spog met 'n uitstalling van verskeie soort handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Die uitstalling word "Expressions of Africa genoem" en stel werk vanoor die hele vasteland uit.

**Markteater-galery:**
Markteater-kompleks, Newtown. Die beeldhouer Kevin Brand se "Nineteen Boys Running" is gegrond op die Uitenhage-slagting waarin 19 jeugdiges in 1985 dood is. The Black Sash fotografiese uitstalling met bydraes van Gideon Mendel, Omar Badsha, Gisele Wulfsohn, Paul Weinberg en andere.

**Markteater-fotogalery**
Newtown
Foto's van Modderfontein, deur Ivan Muller. Tot Januarie.

**Gallery on the Market**
Wolhuterstraat 49, Newtown.
'n Groepuitstalling van meer as 20 plaaslike kunstenaars se werk, waaronder Bettie-Cilliers Barnard, Isolde Krams, Guy du Toit, Edoardo Villa en Braam Kruger. Tot 17 Januarie.

**Gertrude Posel-galery**
Senate House
Wits
New Acquisitions: Die beste werke wat vanjaar deur Wits se galery aangekoop is. Tradisionele handwerk-stukke is ook ingesluit. Tot Februarie.

**Everard Read-galery**
Jellicoelaan, Rosebank.
Gemengde uitstalling deur plaaslike en buitelandse kunstenaars.

BAXTER GALLERY, Rondebosch - Kers-uitstalling deur Suid-Afrikaanse kunstenaars in hout, kuns, klei, collage en weefwerk. Tot 10 Januarie.

SA KUNSVERENIGING, Kerkstraat, Kaapstad. Kersfees-uitstalling van handgemaakte kunswerke deur swart groep-kunstenaars waarvan die Itsieud van die Noord-Transvaal die grootste is.

GALLERY INTERNATIONAL, Houtstraat 13 - Special Things wat keramiek, tapisserie en verfwerke insluit. Dieter Dill stal ook van sy juweliersware uit. Duur tot middel-Januarie.

GALLERY 709, Adderlystraat - Oliewerke deur Rochelle Lipschitz, Ann Lindsell-Stewart. Waterverf-werke deur Phil Cloete en Maurice Feams. Pastelwerke van Pieter van der Westhuizen en Helen Begg. Tot Februarie.

CAPE GALLERY, Kerkstraat 60 - Suid-Afrikaanse kunstenaars: Nico Verboom, Ruth Squibb, Mell Brigg, Douglas Treasure, George Botha, Hamish Grant.

KUNSKAMER, Bergstraat 14 - Werke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars: Pierneef, Stern, Preller, Welz, Kibel, Kaldecott, Boonzaaier.

ARTSCENE, St Andrewslaan, Seepunt - Besondere versameling keramiek beeldhouwerke deur Barbara Jackson en Carrol Boyes. Handgeblaasde glaswerke deur Gary Thompson en David Reade. Kunswerke deur Lara Geffen, Anthony Dumville en Carole Kesner.

## Teatergids

TEATERGIDS
*****Uitstekend
****Goed
***Middelmatig
**Ondergemiddeld *Swak
Waar sterretjies nie verskyn nie beteken dit dat die produksie nog nie beoordeel is nie.

CHARLEY'S AUNT
'n Rex Garner produksie met Tobie Cronje in 'n swart satynrok. Twee jong mans (Errol Hart en Mark Richardson) probeer hul eerbare bedoelings teenoor twee jong dames (Eleni Cousins en Carol Andrew) bewys. Hulle nooi een se tante om die dames te ontmoet.

*****FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE, Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en teer komedie deur Amerikaner Terrence McNally. Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Jana Cilliers en Bill Flynn.

**LETTICE AND LOVAGE, André Huguenet-Teater, Hillbrow, Johannesburg. 'n Oordadige en verbeeldinglose vertolking van Peter Shaffer se jongste komedie oor twee bejaarde vroue wat in die greep van die geskiedenis en die teater vasgevang is. Met Moira Lister, Paddy Canavan, John Hussey en Charlotte Butler. Laaste opvoering Saterdag.

****ALADDIN, Alexander-Teater, Braamfontein, Johannesburg. 'n Skreeusnaakse gebarespel deur Janice Honeyman. Ideale vermaak vir die hele gesin. Met Jenny De Lenta, Jeremy Taylor, Nomsa Nene, Glenn Swart en ander.

** THE ILLUMINATI, Black Sun, Orange Grove, Johannesburg. Die Black Sundaes met Joanna Weinberg en Tonia Shelley is elke Woensdag, Vrydag en Sondag-aand om 10.30 te sien. Veelsydige Afrikaanse straatprofeet André Letoit tree Dinsdag-aand en Saterdag-aand om 10.30 op.

IT'S ALL FRIGHT BY ME, No 58 Hillbrow. Deel twee van die baie gewilde toneelstuk met dieselfde naam wat vroeër vanjaar op die planke gebring is. Steve Walsh en Fiona Ramsey lewer onvergeetlike vertonings met hul uitbeeldings van musiekrillers wat dateer uit Rocky Horror Picture-dae. Kai Horsthemke op bas.

**BAXTER TEATER**
Die kabaret Circles of Love, met die ma-en-dogter duet Judy Page en Kim Kalie, begin 9 Januarie.
'n Musikale aanbieding genaamd Cape Town met David Kramer en Taliep Pietersen begin Saterdagaand.
Sleeping Beauty in die Studio, is 'n kindervertoning wat in die middae tot 21 Januarie opgevoer word.
Die aand-opvoering word om die beurt deur Thandi Claasen en Daniële Pascal (The Power of Piaf) behartig.

**NICO MALAN-TEATER**
Hond se Gedagte deur George Feydeau word tot 14 Januarie aangebied. Met Martinus Basson en Antionette Kellerman. Franken-stein met David Dennis, Ellis Pearson en Anthony Stonier is 'n musiek-aanbieding deur Ken Campbell en duur tot 28 Januarie.
Cream Passions in die Arena word nog tot 7 Januarie aangebied. Met Bo Pietersen, Belinda Koning en Ralph Lawson.
Die Vrolike Wduwee in die Operahuis is 'n balletweergawe van Frans Lehar se gewilde operette, en duur tot 11 Januarie.

**HERSHEL-TEATER**
The Business of Murder. Met John Mason, Nina Shepherd en Gavin van den Berg.

**THEATRE ON THE BAY**
Dié splinternuwe teater uit die as van die ou Phoenix-teater bied aan die gewilde musiekspel Nunsense. Met onder meer Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg en Suzanne Braun. Regie Tobie Cronje. Tot einde Februarie.




**Die dametjies van Nunsense**

## Filmgids

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
* Vermy as jy nugter is

*BULL DURHAM
Die seksologie van bofbal soos uiteengesit deur Susan Sarandon as religieuse bofbal fanatikus. Kevin Kostner speel teenoor haar die rol van Crash Davis wat 'n "comeback" maak na First Base. Dan Second base, dan third base... (they go all the way basically. ALL the time).

BEETLEJUICE
Michael Keaton is Beatlejuice, 'n ietwat onortodokse spook wat deur 'n paartjie uit die geesteswêreld opgeroep word om hulle touwys te maak oor spokery. 'n Ongewone surrealistiese riller wat nie bedoel is vir mense met 'n normale sin vir humor nie.

***BIRD
Die lewe van saxofonis Charlie "Bird" Parker word in al sy glorie, werklikheid en pyn deur reggiseur Clint Eastwood uitgebeeld. Forest Whitaker vertolk die rol van die briljante musikant, alkoholis en owerspeler wie se genialiteit op vroeë ouderdom van die wêreld ontneem is.

**WILLOW
In Willow betree 'n mens weer die fantasiewêreld van George Lucas wat ook bekend is vir rolprente soos Star Wars en Raiders of the Lost Ark. Die miniatuurheld van die film is Willow wat 'n baie spesiale baba, Elora Danan, aan die lewe moet hou sodat sy kan help om die ryk van die bose koningin Bavmorda te vernietig. Met Val Kilmer, Warwick Davis en Joanne Whalley.

LICENCE TO DRIVE
Nog 'n tienerfliek wat verrassend beter as 'n paar van sy voorgangers is. Corey Haim is Les met een ambisie: om sy lisensie te kry sodat hy die pragtige Mercedes (Heather Graham) kan uitneem. Cory Feldman speel die rol van Dean, Les se beste vriend.

**WHO FRAMED ROGER RABBIT
Bob Hoskins speel die hoofrol teenoor 'n klomp Cartoon-karakters. 'n Tegniese deurbraak in rolprenttegniek. Die punt wat gemaak word is dat mense en Cartoon-karakters NIE dieselfde is nie. En dat slegs idiote menslike eienskappe aan hulle toeskryf. Toons voel nie emosies en fisiese pyn soos gewone mense nie... 'n Paar ou bekende gesigte kom sporadies voor. Yosemite Sam, Daffy en Donald (in 'n wonderlike klavier-duet), Tweety, Porky en Bugs. Maar Roger se wulpse vroutjie is die hoof-attraksie.

**MR NORTH
Anthony Edwards speel die rol van Mr North, 'n jongman met elektrisiteit in sy vingers. Dit laat mense glo dat hy helende talente het. Danny Huston is die regiseur. Ook met Robert Mitchum en Anjelica Huston.

SCROOGED
'n Kersfees-komedie propvol spesiale effekte waarin Bill Murray en Karen Allen met 'n vars

reeks ongeloofike natuurfratse (monsters) 'n avontuur moet deel.

***PASCALI'S ISLAND
Basil Pascali (Ben Kingsley) speel die hoofrol in die film wat hom in 1908, kort voor die ineenstorting van die Ottomaanse ryk, afspeel. Charles Dance (White Mischief) en Helen Mirren (White Nights) is Pascali se onwetende slagoffers.

***BIG
Tom Hanks speel die rol van 'n seuntjie wat letterlik te groot raak vir sy skoene. Sy wens om grootmens te wees, word waar. Die gevolg is natuurlik 'n seunjie in die liggaam van 'n man, wat regtig nie van hom 'n uitsondering maak nie. Tog is dit 'n verfrissende manier om kommentaar te lewer oor volwasse neuroses.

*** THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING
Gegrond op 'n boek deur Milan Kundera. Die verhaal speel af teen die agtergrond van die Russiese inval in Praag in 1968. Met Daniel Day Lewis, Juliette Binoche en Lena Olin.

** HANNA'S WAR
Die ware verhaal van 'n naïewe jong vrou (Hanna Senesh) wat glo dat sy, met behulp van haar vriende, mense uit Hitler se konsentrasiekampe kan red. Sy beland self in die tronk.

** THE RAGGEDY RAWNEY
Bob Hoskins, die Britse filmvonds van die eeu, se debuut as regisseur. Dit is die storie van 'n man wat genoeg van die weermag gehad het, dros, homself vermom as 'n vrou en aansluit by 'n groep sigeuners. Die groepleier se pragtige dogter, Jessie, ontmasker hom en die tweetjies raak verlief.

*** THE MODERNS
'n Film Noir-agtige weergawe van die laaste stuiptrekkings van die Paryse avante garde van die 1920's. Dit gaan oor die tyd toe die bistro's van Montparnasse en die Seine se linker-oewer vol skrywers en kunstenaars soos Hemingway en Picasso was. Keith Carradine speel die rol van 'n vervalser wat omring is deur verleidsters met vreemde motiewe.

*** BEAST OF WAR
Nie net maar nog 'n oorlogsfliek nie. Eerder 'n briljante uitbeelding van Afghaanse wraak teen die Russiese besetting waarin 'n Russiese tenk (the Beast) tot mitologiese status deur die rebelle verhef word. Uitstekende kinematografie.

** THE SEVENTH SIGN
Bratpacker Demi Moore speel die rol van 'n vrou wie se ongebore baba moontlik die wêreld kan verander. Die Wederkoms van "Jesus" bring die apokaliptiese sewe tekens van Openbaring daarmee saam. Dit is ook die aankondiging van die begin van die einde van die wêreld. 'n Dramatiese rolprent vol doem en ander profesieë. Ook met Jurgen Prochnow.

* A NEW LIFE
Daar is blykbaar 'n baie lekker nuwe lewe ná 'n egskeiding, vertel dié prent waarin Alan M*A*S*H Alda die hoofrol speel, die regie behartig en die draaiboek geskryf het. Die vrou wat hy los is Ann-Margaret en die nuwe een is Veronica Hamel, beter bekend as die advokaat in Hill Street Blues.

*** BABETTE'S FEAST
Dié film, wat 'n Oscar as die beste buitelandse prent gewen het, handel oor die invloed wat 'n vlugteling van die Communard-opstand in Parys (en spesifiek haar kookkuns) het op 'n klein dorpie op die Jutlandse kus in Denemarke. Gegrond op 'n roman van Isak Denisen.

** THE BLUE IGUANA
Die geeste van Dashiell Hammet en Louis l'Amour smelt saam in een konsep met Blue Iguana. Al die gewone visuele en verbale "one-liners" en clichés uit die Film Noir en die klassieke Western met die verskil dat alles in BLOU geskied. Seker een van die "hipste" flieks om by gesien te word hierdie seisoen. Met Dylan McDermott, Jessica Harper en James Russo.

** GOOD MORNING VIETNAM
Die ander kant van Viëtnam-flieks. 'n Platejoggie (Robin Williams) beur die troepe op met aardse humor, die vyftigerjare se rock-musiek en 'n vars lewensuitkyk.

** DIE HARD
'n Geharde polisieman, John McClane (Bruce Willis), moet sy vrou en klomp kollegas van 'n klomp terroriste wat hulle in 'n wolkekrabber gyselaar hou, probeer red. Hoë drama. Regie: John McTieman.



**Michael Keaton is die stout spook in die middel, Beetlejuice**

## Die Afrikaanse weergawe van Kinekor se filmgids kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad


STER-KINEKOR MOVIES — 6 7 JANUARY 1989
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS ★ AT ALL PERFORMANCES ★
CINEMAS — Advance Booking at Computicket (Enquiries (021) 21-4716)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 71-0131
DAILY 9.45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm — COREY HAIM, COREY FELDMAN — LICENSE TO DRIVE — Hellraising comedy. (2-10)
DAILY 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm — Steven Spielberg's comedy adventure — MIRACLE ON 8th STREET — • HUME CRONYN • JESSICA TANDY • (All)
DAILY 9.45, 12, 2 30, 5 30, 8.30, 10.15 pm — • CHEVY CHASE • — FUNNY FARM — Hilarious comedy (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm — • TOM HANKS • — BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-3720
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 pm — • TOM CRUISE • — COCKTAIL — Co-starring BRYAN BROWN — When he pours, he reigns (2-16)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — COREY HAIM, COREY FELDMAN — LICENSE TO DRIVE — Hellraising comedy (2-10)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8 00 10.15 pm — • MICHAEL KEATON • — BEETLEJUICE — The name is laughter from the hereafter (All)

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm — • BOB HOSKINS • — WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!
DAILY 9 45, 12, 2.30, 5.30 8.00, 10.15 pm — KEITH CARRADINE • GERALDINE CHAPLIN — THE MODERNS — Adult Drama. (2-18)

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7879
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm — • TOM CRUISE • — COCKTAIL — Co-starring BRYAN BROWN — When he pours, he reigns. (2-16)
DAILY 9.45, 12, 2.30, 5 30 8 00, 10 15 pm — • MICHAEL KEATON • — BEETLEJUICE — The name in laughter from the hereafter (All)
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm — • BOB HOSKINS • — WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-6126
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm — • CHEVY CHASE • — FUNNY FARM — Hilarious comedy. (All)
DAILY 9 45 12, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm — COREY HAIM, COREY FELDMAN — LICENSE TO DRIVE — Hellraising comedy. (2-10)

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 689-6649
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm — ANTHONY EDWARDS • ROBERT MITCHUM — MR. NORTH — Delightfully entertaining (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8.00 10 15 pm — Academy Award winner for Best Foreign Film — BABETTE'S FEAST (WITH SUB TITLES) — Outstanding dramatic entertainment (All)
DAILY: 9.45, 12, 2 30 5.30, 8 00 10 15 pm — A POIGNANT VISION OF THE CROSSROADS OF YOUTH AND ADULTHOOD! — LE GRAND CHEMIN — French with English sub-titles (2-16)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
DAILY 10.30, 2.00, 4.15, 6 30, 8.45 pm — COREY HAIM, COREY FELDMAN — LICENSE TO DRIVE — Hellraising comedy. (2-10)
DAILY: 11, 2.15, 4.30, 6.45, 9 00 pm — • MICHAEL KEATON • — BEETLEJUICE — The name in laughter from the hereafter (All)
DAILY: 10 30, 2.00 pm — THE CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND — Super holiday fun.
DAILY. 4.15, 6 30, 8 45 pm — • SHWARZENEGGER, BELUSHI • — RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop. (2-18)
DAILY: 11, 2 15, 4.30, 6 45, 9 00 pm — • TOM HANKS • — BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm — • TOM CRUISE • — COCKTAIL — Co-starring BRYAN BROWN — When he pours, he reigns. (2-16)
DAILY 9.45 12, 2 30, 5.30, 8.00, 10 15 pm — • MICHAEL KEATON • — BEETLEJUICE — The name in laughter from the hereafter (All)
DAILY: 9 45 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm — • BOB HOSKINS • — WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!
DAILY 9.45, 12, 2.30 pm — • TOM HANKS • — BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
NIGHTLY: 5 30, 8 00, 10.15 pm — • KEVIN COSTNER • • SUSAN SARANDON • — BULL DURHAM — A sexy comedy (2 18)

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5381
DAILY 10 30, 2.15 4 30 5 45, 9 00 pm — • TOM CRUISE • — COCKTAIL — Co-starring BRYAN BROWN — When he pours, he reigns. (2 16)
DAILY: 11, 2 30, 4.45 pm — • CHEVY CHASE • — FUNNY FARM — Hilarious comedy. (All)
NIGHTLY: 7 00, 9.15 pm — • SHWARZENEGGER, BELUSHI • — RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop (2-18)

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-6941
DAILY: 10.30, 2.30, 6 30, 9 00 pm — • TOM HANKS • — BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 10 15 pm — • BRUCE WILLIS • — DIE HARD — The suspense thriller of the year! (2-13)

**DRIVE-INS** ★ NIGHTLY AT 8.30 pm ★ R9,00 per Car, Combi, or L.D.V. for 2 Films

**Goodwood - Tel 54-4339**
WHO FRAMED ROGER RABBIT — Bob Hoskins. A wacky comedy for everyone.
CAN'T BUY ME LOVE — PATRICK DEMPSEY Comedy (All)

**Seabreeze - Tel 75-1821**
SCROOGED — BILL MURRAY Hysterical comedy. (All)
SPACEBALLS — MEL BROOKS, JOHN CANDY Comedy (All)

**Skyvue - Tel 903-5130**
SHORT CIRCUIT 2 — Number 5 is back! (All).
BLACK EAGLE — SHO KOSUGI The fight is one on one. (All)

• ADGRAPHICS •



STER-KINEKOR — 6 JANUARY – 12 JANUARY — BOOK AT COMPUTICKET — ENQUIRIES (011) 28-3040 – ALL WELCOME
MOVIES
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

**CENTRAL**

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
COCKTAIL (2-16) — WHEN HE POURS HE REIGNS! TOM CRUISE
JOHNNY BE GOOD (2-12) — FAST MUSIC FAST CARS NOTHING BUT FUN!
BEETLEJUICE (A) — A GHOSTLY COMEDY FILLED WITH FUN AND LAUGHTER!
BULL DURHAM (2-18)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
BIG (A)
RED HEAT (2-19)
Daily 10 00, 12 15, 2 30 pm — BLACK EAGLE (A)
Daily 5 30, 7 45, 10.00 pm — DIE HARD (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 20 Jan – THE BIG BLUE

**NORTH**

**SANDTON CITY 1-7 783-4430/1**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5.30 7 45, 10 00 pm
COCKTAIL (2-16) — FUN WITH CRUISE UNDER A TROPICAL SUN
BEETLEJUICE (A) — THE NAME IN LAUGHTER FROM THE HEREAFTER!
JOHNNY BE GOOD (2-12)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
Daily 10 00, 12 15, 2 30 pm — CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily 5 30, 7 45, 10 00 pm — BULL DURHAM (2-18)
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
BIG (A)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – MIDNIGHT RUN; 3 Feb – BUSTER

**SPECIAL ADMISSION PRICES FOR CHILDREN, SCHOLARS AND STUDENTS ONLY R4,50** FOR ALL PERFORMANCES DURING SCHOOL HOLIDAY (MONDAY TO SATURDAY)

**STER CITY 1-8 337-3033**
Daily. 10 00, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 pm — WILLOW (A) — A TALE OF EXCITEMENT AND LAUGHTER! A MAGICAL FANTASY OF PURE ADVENTURE!
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm — MIRACLE ON 8TH STREET (A) — JUST WHEN YOU THOUGHT THERE WAS NO MAGIC LEFT THINK AGAIN!
FUNNY FARM (A) — CHEVY CHASE TAKES ON THE OUTDOORS WITH HILARIOUS RESULTS!
Daily. 10.00, 12.15, 2 30, 5 30 pm — SHORT CIRCUIT 2 (A)
Daily: 7.45, 10.00 pm — THE ROCKY HORROR PICTURE SHOW (2-18)
SCROOGED (A)
Daily 10 00, 12 15, 2.30 pm — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
Daily 5 30, 7 45, 10.00 pm — THE PRESIDIO (2-16)
SALSA (A)
THE SEVENTH SIGN (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 20 Jan – TUCKER; 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — WHEN HE POURS, HE REIGNS! STARRING TOM CRUISE!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTIONS: 20 Jan – TUCKER; 27 Jan – ALIEN NATION; 3 Feb – BUSTER

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daily 10.00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — HE S THE BEST THERE IS AND HE S HEADING FOR THE TROPICS!
JOHNNY BE GOOD (2-12) — A COMEDY WITH LOTS OF GIRLS MUSIC AND FUN!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTIONS: 20 Jan – TUCKER; 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134**
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — TOM CRUISE IS BACK TO HEAT UP THE SILVER SCREEN!
BEETLEJUICE (A) — THE NAME IN LAUGHTER FROM THE HEREAFTER!
BULL DURHAM (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – ALIEN NATION

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm — BEETLEJUICE (A) — LOOKING FOR A GHOST? BEETLEJUICE IS YOUR MAN! A COMEDY!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10) — A FUN COMEDY ABOUT FAST CARS AND BEING IN LOVE!
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 20 Jan – THE BIG BLUE

**EAST**

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Mon-Thurs 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm; Fri-Sat 10 00 12 15, 2 30 5 30 7 45 10 15 pm
COCKTAIL (2-16) — TOM CRUISE IS BACK HEATING UP THE SILVER SCREEN!
JOHNNY BE GOOD (2-12) — A COMEDY ABOUT BEING WANTED AND WHAT WILL BE DONE TO GET YOU!
BEETLEJUICE (A) — A GHOSTLY COMEDY STARRING MICHEAL KEATON!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
Daily: 10 00, 12 15 pm — CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily. 2 30, 5 30 pm — BIG (A)
7 45, 10 00 pm — BULL DURHAM (2-18)
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – ALIEN NATION; 3 Feb – BUSTER

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — A MOVIE STARRING TOM CRUISE!
MIRACLE ON 8TH STREET (A) — THERE STILL IS A LITTLE MAGIC IN THE WORLD AFTER ALL!
COMING ATTRACTION: 27 Jan – TUCKER

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16)
COMING ATTRACTION: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA

**350 BOKSBURG 52-4631**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)

**PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223**
Daily. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm — BEETLEJUICE (A) — THE GHOST WITH THE MOST! A COMEDY!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
COMING ATTRACTION: 20 Jan – TUCKER

**POTCH**

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daily: 10.00, 12 15, 2 30, 5:30, 7.45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — FUN WITH TOM CRUISE UNDER A TROPICAL SUN!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) — A STEVEN SPIELBERG COMEDY OF FUN AND ADVENTURE!
FUNNY FARM (A)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**WEST**

**WESTGATE 1-3 764-2530**
Daily 10 00 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm
COCKTAIL (2-16) — HE S A MAN WITH A TALENT AND HE S HEADING FOR THE TROPICS!
BEETLEJUICE (A) — THE NAME IN LAUGHTER FROM THE HEREAFTER!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daily 10 00, 12 15 2 30, 5 30 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — WHEN HE POURS HE REIGNS! WITH TOM CRUISE!
FUNNY FARM (A)
COMING ATTRACTION: 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Tickets: Adults R4,50. Scholars R3,00
Daily 10 00 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — TOM CRUISE AT HIS BEST! NOT TO BE MISSED!
MIRACLE ON 8TH STREET (A) — A LITTLE BIT OF MAGIC AND A WHOLE LOT OF FUN!
BULL DURHAM (2-18)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
WILLOW (A)
COMING ATTRACTION: 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**KINE KRUGERSDORP 665-5330/1**
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5.30 pm — BIG (A)
Daily 7 45, 10 00 pm — RED HEAT (2-19)
Daily 10 00, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm — WILLOW (A)

**VAAL △**

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — TOM CRUISE HEATING UP THE SILVER SCREEN!
BEETLEJUICE (A) — A GHOSTLY COMEDY STARRING MICHAEL KEATON!
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 27 Jan – ALIEN NATION; 3 Feb – BUSTER

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daily 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) — A STEVEN SPIELBERG COMEDY WITH A DIFFERENCE!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
COMING ATTRACTION: 27 Jan – MIDNIGHT RUN

**PRETORIA**

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daily 10 00 12 15 2 30 5 30 7 45 10 00 pm
COCKTAIL (2-16) — TOM CRUISE IN HIS LATEST HOT BLOCKBUSTER!
JOHNNY BE GOOD (2-12) — A FUN FILLED COMEDY NOT TO BE MISSED
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
BULL DURHAM (2-18)
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
SCROOGED (A)
RED HEAT (2-19)
SHORT CIRCUIT 2 (A)
COMING ATTRACTIONS: 27 Jan – ALIEN NATION; 3 Feb – FRIGHT NIGHT 2

**SUNNYPARK 1-3 44-4053**
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30 7 45 10 00 pm — BEETLEJUICE (A) — LOOKING FOR A FUN GHOST? BEETLEJUICE IS YOUR MAN!
BIG (A) — A WONDERFUL COMEDY! A BIG EXPERIENCE! WITH TOM HANKS!
Daily 10 00, 2 30 7 45 pm — JEAN DE FLORETTE (A)
Daily 12.15, 5 30, 10 00 pm — MANON OF THE SPRING (A)
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA; 20 Jan – THE BIG BLUE

**TRANSVALIA 26-8387**
Daily 10 00, 2 30, 5 45, 9 00 pm — THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21)
COMING ATTRACTION: 20 Jan – THE WHALES OF AUGUST

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Daily 10 00, 2 30, 7 45 pm — BEETLEJUICE (A)
Daily 12.15, 5 30, 10 00 pm — LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
Daily 10 00, 12.15 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm — COCKTAIL (2-16) — WHEN HE POURS, HE REIGNS! WITH TOM CRUISE!
COMING ATTRACTIONS: 13 Jan – A FISH CALLED WANDA

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIC SKATING — MONDAYS – SATURDAYS — 1st Session: 10 00-12.30 pm — 2nd Session: 2.00-5.00 pm — Sun. 2 00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

**Sun City Theatres 014651-21174**
NOW SHOWING: OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: THE BIG BLUE (2-16); WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
CINE 1: THE TIT BIT (Adult); DELICIOUS (Adult); SUMMER CAMP GIRLS (Adult)
CINE 2: THAT GIRL IS A TRAMP (Adult); SCREWLOOSE (Adult)

**STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS**

**FOUNTAINS 44-2454** — TOM CRUISE IN HIS LATEST BLOCK BUSTER! — COCKTAIL (2-16); DEADLY PURSUIT (PG2-8) — 13 Jan A FISH CALLED WANDA/MASQUERADE
**SWARTKOPS 374-4902** — THE DANCE SENSATION OF THE YEAR! — SALSA (A); HERO (2-14) — 13 Jan LICENSE TO DRIVE/NIKITA
**WONDERBOOM 57-1108** — THERE STILL IS MAGIC IN OUR WORLD! — MIRACLE ON 8TH STREET (A); THE GREAT OUTDOORS (A) — 13 Jan COCKTAIL/GOOD MORNING VIETNAM
**LYNNWOOD 87-1633** — A FUN-FILLED COMEDY DOUBLE FEATURE! — LICENSE TO DRIVE (PG2-10); VICE VERSA (2-12) — 13 Jan. MIRACLE ON 8TH STREET/GREAT OUTDOORS
**UITSPAN 7-2515** — A LAUGH A MINUTE COMEDY! — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); BENJI – THE HUNTED (A) — 13 Jan BEETLEJUICE/POLICE ACADEMY 5
**JAKARANDA 541-1159** — A SUPER COMEDY DOUBLE FEATURE! — BEETLEJUICE (A); TEEN WOLF TOO (A) — 13 Jan WHO FRAMED ROGER RABIT?/RETURN TO SNOWY RIVER
**WITBANK 01351-81064** — A FUN-FILLED COMEDY DOUBLE NOT TO BE MISSED! — BIG (A); VICE VERSA (2-12) — 13 Jan SHORT CIRCUIT/BLACK EAGLE
**RUSTENBURG 01421-29358** — SUPER FUN FILLED COMEDY WITH DUDLEY MOORE! — ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A); STAND AND DELIVER (2-18) — 13 Jan BIG/LIKE FATHER LIKE SON

**SK THE MECCA OF QUALITY FILMS**
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: I PICARI; HIGH TIDE; A FISH CALLED WANDA; THE BIG BLUE; TO KILL A PRIEST; WEEDS; RED SORGHUM

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm — THE REVOLVING DOORS (A) (LES PORTES TOURNANTES) (English sub-titles)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 — PASCALI'S ISLAND (A)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm — MR NORTH (A)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — BABETTE'S FEAST (A)
Daily: 10 00, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — THE MODERNS (2-18)
Daily 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 pm — THE BLUE IGUANA (2-16)

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daily: 10.00, 2 30, 5.45, 9.00 pm — BIRD (2-16)
Daily: 10.00, 2 30, 5.45, 9.00 pm — THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21) — 6TH RECORD-BREAKING MONTH
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

**STER-KINEKOR 6 Jan. – 12 Jan. DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT**
ONLY R9,50 PER CAR, KOMBI OR L.D V. FOR 2 SHOWS.
Films change on FRIDAYS. Gates and cafeteria open 6.00 p.m. Shows start at 7.15 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843
Please Note: Extra late shows at 11.00 pm Friday and Saturday at Top-Star, Velskoen and Atlas R6,50 per car, kombi or L D V

**TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877** — TOM CRUISE (TOP GUN) IN HIS LATEST COMEDY! — COCKTAIL (2-16); POLICE ACADEMY 5 (A) — EXTRA LATE SHOW FRI. & SAT. 11 pm R6,50 PER CAR. COCKTAIL — 13 Jan A FISH CALLED WANDA/WILLOW
**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812** — YOUR FAVOURITE STAR IS BACK! TOM CRUISE IN — COCKTAIL (2-16); RETURN TO SNOWY RIVER (A) — EXTRA LATE SHOW FRI & SAT. 11 pm R6,50 PER CAR COCKTAIL — 13 Jan – A FISH CALLED WANDA/PRESIDIO
**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017** — THE NEW HIT MOVIE FROM STEVEN SPIELBERG! — MIRACLE ON 8TH STREET (A); POLTERGEIST 3 (2-14) — EXTRA LATE SHOW FRI & SAT. 11 pm R6,50 PER CAR MIRACLE ON 8TH STREET — 13 Jan – COCKTAIL/ARTHUR 2
**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131** — HE BELIEVES IN GOOD WHISKEY AND SOFT WET KISSES! — BULL DURHAM (2-18); WHITE MISCHIEF (2-18) — 13 Jan BIG/SHORT CIRCUIT 2
**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963** — NO 5 IS BACK AGAIN TO DELIGHT YOU IN HIS LATEST FUN FILLED MOVIE! — SHORT CIRCUIT 2 (A); WOMEN'S CLUB (2-18) — 13 Jan BEETLEJUICE/BIG BUSINESS
**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905** — STEVEN SPIELBERG WITH HIS LATEST COMEDY HIT MOVIE! — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); BIG BUSINESS (A) — 13 Jan – LICENSE TO DRIVE/SHORT CIRCUIT 2
**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129** — IT S A GHOSTLY COMEDY WITH THRILLS AND ACTION! — BEETLEJUICE (A); INNERSPACE (A) — 13 Jan – COCKTAIL/THE BIG EASY
**GERMISTON 816-1444/902-1607/8** — STEVEN SPIELBERG WITH HIS LATEST COMEDY HIT! — WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); DEADLY PURSUIT (PG2-8) — 13 Jan LICENSE TO DRIVE/TORN BETWEEN TWO LOVERS
**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468** — THE SUPER STAR OF THE EIGHTIES! TOM CRUISE IN HIS LATEST HIT! — COCKTAIL (2-16); GOOD MORNING VIETNAM (2-16) — 13 Jan: SCROOGED/THE PRESIDIO
**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138** — SO YOU THINK THESE JHB DRIVERS ARE BAD? CHECK THIS MOVIE OUT! — LICENSE TO DRIVE (PG2 10); TORN BETWEEN TWO LOVERS (??) — 13 Jan MIRACLE ON 8TH STREET/E T
**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411** — WHAT GOES ON MUST COME OFF! SUPER FUN COMEDY! — MEATBALLS 3 (A); MANIAC COP (2-18) — 13 Jan RED HEAT/RUNNING MAN
**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060** — TOM HANKS STAR OF SPLASH IN THIS VERY FUNNY HAPPY COMEDY! — BIG (A); TORN BETWEEN TWO LOVERS (A) — 13 Jan BLACK EAGLE/RENEGADE
**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212** — EXCITEMENT THRILLS SPILLS LAUGHTER! — LICENSE TO DRIVE (PG2 10); RENEGADE (A) — 13 Jan WHO FRAMED ROGER RABBIT?/ARTHUR 2
**BRAKPAN 816-1444/915-3907** — TOM HANKS IN THE VERY FUNNY MOVIE! — BIG (A); BLACK EAGLE (A) — 13 Jan WHO FRAMED ROGER RABBIT?/ARTHUR 2
**VEREENIGING 816-1444/12-3211** — THE DIRTY DANCING HIT OF 1989! — SALSA (A); NINJA 3 (A) — 13 Jan WHO FRAMED ROGER RABBIT?/BIG BUSINESS
**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117** — DUDLEY MOORE SIR JOHN GIELGUD LIZA MINELLI! — ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A); RETURN TO SNOWY RIVER (A) — 13 Jan MEATBALLS 3/MANIAC COP
**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959** — TOM HANKS STAR OF SPLASH IN THE FUNNY COMEDY FOR THE WHOLE FAMILY! — BIG (A); BLACK EAGLE (A) — Be Advised – Come Early
**NIGEL 816-1444/739-6616** — SUPER WALT DISNEY FAMILY DOUBLE! — 101 DALMATIONS (A); THE GREAT MOUSE DETECTIVE (A) — 13 Jan SHORT CIRCUIT 2 TORN BETWEEN TWO LOVERS

## Vrydag 6 Jan

TV1
6.00 Goeiemôre SA
2.00 The Baron and the Kid
3.30 Bles Bridges
4.05 Ducktales
4.30 The Boy and the Book
4.35 Another Life
5.05 Fast Forward
5.35 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Gotta Dance, Gotta Sing - Uittreksels uit Amerikaanse musiekrolprente met sterre soos Marilyn Monroe, Barbra Steisand, Gene Kelly en Shirley Temple.
7.00 Matlock
8.00 Netwerk
8.30 Drie is nie 'n Trio nie
10.00 Die Helde van Houston
10.45 Laataandsessie
11.15 Oordenking

TV4
6.03 Topsport
9.00 Silent Running - 'n Plantkundige bly agt jaar lank op 'n ruimteskip in 'n poging om die enigste botaniese oorblyfsel op aarde te red. Met Bruce Dern en Cliff Potts.
10.38 M*A*S*H
11.04 Loriot Special

M-NET
10.30 Rhinestone - 'n Fliek vir mense wat mal is oor mans en vroue met fris bo-lywe. Sangeres Jake Ferris (Dolly Parton) gaan 'n weddenskap met haar baas aan dat sy binne twee weke enige iemand in 'n country-sanger kan verander. Nick Martinelli (Sylvester Stallone) is die gelukkige man...
12.18 (Dis)united Nations
3.30 Teen Scene: A Dersperate Exit
4.20 Little Miss Perfect - Debbie Walker, 'n 15-jarige meisie ly aan bulimia. Met Diane Baker en Mary E Tanner.
5.00 Videofashion
5.20 The Trap Door
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Tattingers - 'n Nuwe reeks oor 'n restaurant-eienaar (Stephen Collins) wat terugkeer na New York ná 'n lang, selfopgelegde ballingskap in Parys.
7.45 Supersport: Motors
Intekenare
8.00 Supersport: Motors
8.30 Dirty Mary Crazy Larry - Peter Fonda en Susan George is Larry en Mary wat op 'n waaghalsige manier met 150 000 dollar wat hulle gesteel het, die gereg probeer ontduik. Ook met Adam Roarke en Vic Morrow.
10.00 Improve Tonite
10.30 The Stepford Children - 'n Riller oor 'n doodgewone paartjie wat in Stepford woon. Alles is die dorp is net te volmaak en die geheimsinnige Men's Association is vasberade om dit so te hou. Met Barbara Eden, Don Murray en Tammy Lauren.
12.00 Hot Hits

## Saterdag 7 Jan

TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige tv
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige tv
11.00 Topsport
1.00 Koot Wik en Weeg
1.05 Kuifie
1.10 Ben die Beer

# Hoogtepunte op TV

## Vir ou hippies!

M-NET bied vandeesweek 'n hele paar goeie flieks. YENTL is Sondag-aand om 8.30 te sien met Barbra Streisand in die hoofrol. Yentl is 'n jong vrou wat haar soos 'n man vermom sodat sy verder kan gaan studeer. Sy is so 'n mooi jong man dat sy dit regkry om die pragtige Hadass (Amy Irving) sover te kry om te trou. Sy self raak verlief op die man van wie sy Hadass afgerokkel het.

FRANCES wys Saterdag-aand om 10.30 op M-Net en beloof briljante spel deur Jessica Lange en Sam Sheppard. Dit handel oor 'n begeesterde jong student wat weens haar uitgesprokenheid in die moeilikheid beland. Ná 'n traumatiese liefdesteleurstelling wend sy haar tot baie mense se groot vriend - die bottel. Die uiteinde is 'n sielsieke inrigting waar 'n radikale nuwe behandeling op haar toegepas word.

VIR dié wat van mense met fris bo-lywe hou is daar 'n dubbele bonus vandag! Dolly Parton en Sylvester Stallone span talente (en hemde) saam in die rolprent RHINESTONE wat om 10.30 op M-Net wys. 'n Country-sangers (Dolly natuurlik) wed haar baas dat sy binne twee weke van enige iemand 'n country-sanger kan maak (wat baie sê van country-musiek). Sylvester is die gelukkige ou wat vasgetrek word.

VIR die paar oorblywende hippies is daar 'n lekker fliek op M-Net. DIRTY MARY CRAZY LARRY wys vanaand om 8.30 met Peter Fonda en Susan George in die hoofrolle.



Clint Eastwood as Dirty Harry

Hulle ontduik die gereg telkens deur asemrowende toertjies in 'n motor uit te voer, met 150 000 gesteelde dollars in hul besit.

CLINT EASTWOOD is op sy beste in Dirty Harry (alhoewel sommige fliekkenners die man smoek om sy warm Magnum te bêre en eerder reggiseur te speel vir rolprente soos Bird) Saterdag-middag om 1.30 op M-Net. Harry is 'n roekelose man van die gereg wat bekend is daarvoor dat hy misdadigers seerder wil maak as wat sy kollegas kan. 'n Sielsieke sluipskutter gee Harry egter hoofbrekens...

LE CAGE AUX FOLLES II - Die opvolg van die briljante Broadway-treffer met Ugo Tognazzi en Michel Serrault in die hoofrolle. 'n St Tropez nagklub-eienaar en sy verwyfde huisvriend raak betrokke by 'n spioenasienetwerk. Ook op M-Net Saterdag-aand om 8.30.

MOENIE Bedroom Eyes Woensdag-aand om 8.30 op M-Net misloop nie. Die erotiese riller vertel die verhaal van 'n man wat 'n obsessie oor 'n lieflike rooikop-vrou ontwikkel wat hy deur haar kamervenster beloer. Die arme man se fantasieë word wreed beëindig deur 'n bisarre moord waarvan hy verdink word. Met Kenneth Gilman en Dale Haddon.

VIR dié wat nie vir Bles verpes nie is daar 'n heruitsending van sy onvergeetlike Sun City-konsert - op TV1 natuurlik. Die wondergebeurtenis (omdat die Superbowl vol was) kan vanaand om 3.30 geniet word.

GELUKKIG het The Story of Rock and Roll nog nie ten einde geloop nie en Saterdag-aand om 11.15 op TV1 is onder andere Elvis, The Beatles, Pat Boone, The Rolling Stones en The Monkees aan die beurt. Duran Duran en George - swaaikuif - Michael is ook te sien.

VICKIE is 'n plaaslik vervaardigde rolprent wat Woensdag-aand om 9.55 deur TV4 aangebied word. Die film, wat in 1970 vrygestel is, handel oor 'n verliefde paartjie wat uitvind dat hulle broer en suster is. Met Sandra Britz en Johan Esterhuizen.

1.35 Die Verkenners
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Buck James
8.00 News
8.35 Magnum
9.30 The Duellists - Keith Carradine speel die hoofrol in hierdie verhaal van eer en trots. Hy beland in 'n tweegeveg met 'n medeoffisier (Harvey Keitel).
11.15 The Story of Rock 'n Roll - Met Elvis Presley, Paul Anka, Ricky Nelson, Fabian, The Beatles, Rolling Stones, The Monkees, David Cassidy, Duran Duran en George Michael.

TV4
6.03 The Law and Harry McGraw
9.03 A Different World
9.30 Hooperman
9.58 Cover Story
«MDNM» 11.24 The Dom DeLuise Show
11.49 Baretta

M-NET
1.30 Dirty Harry - Clint Eastwood (wat deesdae deur fliekkenners versoek word om sy 357 Magnum te bêre na hy regisseur was van die puik film Bird) is Harry, 'n geharde polisie-luitenant wat teen 'n sielsieke sluipskutter te staan kom.
3.10 West 57: Space Shuttle
3.30 Reefwatch
4.30 Cue: Johnny Clegg
5.00 Supersport: Sokker
Oop tyd
6.15 Supersport: Sokker
6.45 Hot Hits
7.00 Crime Story
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Le Cage Aux Folles II - Die vervolg op die uitstekende Broadway-treffer met dieselfde naam. Die eienaar van 'n nagklub in St Tropez (Tognazzi) en sy verwyfde huisgenoot (Michel Serrault) raak betrokke by 'n spioenasie-netwerk. 10.10 Spice on Ice
10.30 Frances - Jessica Lange speel die rol van die intelligente student, Frances, wat die aandag van die konserwatiewe gemeenskap in Seattle met haar uitgesprokenheid trek. Ná 'n mislukte verhouding wat tot drankmisbruik lei, verskyn sy in die hof en beland later in 'n inrigting vir sielsiekes. Ook met Sam Shephard.

## Sondag 8 Jan

TV 1
1.30 Heidi
2.05 Classic Fairy Tales
2.30 Legacy
3.00 Program sal aangekondig word
3.35 Albert Schweitzer
4.30 George Stevens: A Filmmaker's Journey
5.20 Walt Disney Special
6.05 Inordinate Fondness for Beetles
7.00 Built for Life
7.10 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Klavierkonsert in D-mineur - Brahms
11.10 Perspektief

TV4
6.03 Kahoots
9.04 Trauma Centre
9.58 Kate and Allie
10.26 Sing Country
11.00 Topsport

M-NET
1.00 Supersport: Perdewedrenne
3.30 Ordeal by Innocence - 'n Jong man word skuldig bevind op die moord van sy ma (Faye Dunaway). 'n Dokter (Donald Sutherland) probeer sy onskuld bewys. Met Sarah Miles en Christopher Plummer.
5.00 Toughest of the Tough
5.20 Megga-T Tuffy Tooth Club
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Raggedy Ann and Andy
Oop Tyd
6.15 Heartbeat
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 The Twilight Zone
8.30 Yentl - Barbra Streisand is Yentl, 'n vrou met meer ambisie as die gewone jong Oos-Europese vrou aan die begin van die eeu. Vermom as 'n jong seun slaag sy daarin om die Talmud aan die Yeshiva te bestudeer maar raak by 'n ongewone liefdesdriehoek betrokke. Met Mandy Patinkin en Amy Irving. Reggiseur: Barbra Streisand.
10.40 The Drowning Pool - Paul Newman speel die rol van 'n privaatspeurder wat 'n ryk erfgenaam (Joanne Woodward) - met wie hy toevallig tevore 'n kortstondige verhouding gehad het - te hulp snel.

## Maandag 9 Jan

TV 1
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Impact
3.55 Autobanking
4.00 Ovide
4.15 Pumpkin Patch
4.30 The Boy and the Book
4.35 Another Life
5.00 Throb
5.30 Bionic Six
6.00 News
6.15 My Town
7.00 Murder she wrote
8.00 Netwerk
9.00 Het van Verlangekraal - Die heruitsending van die uitstekende reeks wat handel oor 'n arm en opstandige skoolmeisie (Sally Campher). Met Emgee Pretorius en Schalk Jacobz.
9.30 Misterie, Mites en Legendes
10.00 Topsport
11.45 Oordenking

TV 4
6.00 Butterfly Island.
6.30 Topsport
9.00 Head of Class
9.30 Dynasty
10.23 Spenser for Hire
11.14 The Forum Presents

M-NET
10.30 Willie and Phil - Twee mans (Michael Ontkean en Ray Sharkey) ontmoet mekaar by 'n rolprentvertoning oor die liefde tussen drie mense. Hulle word goeie vriende, raak albei verlief op 'n meisie (Margot Kidder) en probeer al drie saamwoon. Ook met Natalie Wood.
12.05 Videofashion
3.30 Dirty Mary Crazy Larry
5.00 West 57th
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Hart to Hart
7.45 Supersport: The Best of Wimbledon '88
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 The Baby Game - 'n Plaaslik vervaardigde rolprent wat handel oor die penarie waarin 'n loods (Joe Stewardson) hom bevind wanneer 'n baba voor sy deur beland. Amper so iets soos die wonderlike Europese film Three Men and a Cradle... sonder onderskrifte. Met Richard Loring, Clive Scott en Erica Rogers.
10.30 Twice in a Lifetime - 'n Middeljarige man (Gene Hackman) bevind homself in 'n sieldodende huwelik. Hy ontmoet 'n kroegmeisie (Ann-Margret) en sy lewe verander. Met Ellen Burstyn, Amy Madigan en Stephen Lang.

## Dinsdag 10 Jan

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Signs of the Time
3.50 Miena Moe en kie
4.00 Mof en Mat
4.10 Wielie Walie
4.30 Gryses en Wyses
5.00 Noem my net Lamprecht
5.30 Die Wonderwêreld van Isabelle
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Die Tiltse Balletgroep
7.05 Spioen-Spioen
8.00 Network
8.30 Story of a Marriage - Die eerste program van 'n reeks wat handel oor 'n jong, welgestelde meisie wat probleme met haar ouers ondervind omdat sy haarself in 'n verhouding begewe wat nie hul goedkeuring wegdra nie. Met Hallie Foote, Michael Higgens en Rochelle Oliver.
10.00 Topsport
11.30 Evening prayer

TV 4
6.00 Shane
9.04 Stranger in my Bed - Ná 'n ongeluk ly Beverley Slater (Lindsay Wagner) aan geheueverlies en haar man (Armand Assante) vind dit moeilik om die verandering in haar persoonlikheid te hanteer. Emosionele spanning lei daartoe dat Beverley haar familie verlaat om 'n nuwe lewe iewers anders te begin.
10.43 Amen
11.10 Big Valley

M-NET
10.30 Pollyanna - Die verhaal van 'n weeskind Pollyanna (Hayley Mills) wat almal se harte steel wanneer sy op 'n Amerikaanse dorp gaan woon. Selfs haar verbitterde oujongnooi-tante (Jane Wyman) kan Pollyanna nie weerstaan nie.
3.30 The Black Stallion - Kelly Reno speel die rol van 'n seun wat 'n baie spesiale verhouding met 'n pragtige swart hings het.
5.25 The Real Ghostbusters
5.50 G I Joe
Oop tyd
6.15 Loving
6.45 China Beach
7.45 Hoogtepunte
Intekenare
8.00 Floyd on Food
8.30 TURK 182
10.05 Newsnight: Yugoslavian Nationalism
10.30 Blade Runner - Harrison Ford speel die hoofrol in dié rolprent vol aksie, geweld en gevaarlike robotte. Ook met die pragtige Daryl Hannah en Joanna Cassidy.

## Woensdag 11 Jan

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Agriforum '88
4.00 Ovide
4.15 Tele 6
4.25 The Boy and the Book
4.30 Another life
5.05 Cosby III
5.35 Curiosity Show
6.00 News
6.15 Hits of 1988 (Plaaslik)
7.00 Nothing is Easy
7.30 The Golden Girls
8.00 Netwerk
9.05 Die Ma-Plotters
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.45 Oordenking

TV 4
6.00 Pursuit of Happiness
6.30 Topsport
9.00 The Bold and the Beautiful
9.30 Capitol
9.55 Vickie (1970) 'n Plaaslike rolprent oor 'n verliefde paartjie wat later uitvind dat hulle broer en suster is. Met Sandra Britz en Johan Esterhuizen.
11.24 The Honeymooners

M-NET
10.30 The Stepford Children
12.00 Where there's Life: Treatment vs Care
Intekenare
3.30 The Sword and the Stone - 'n Disney-tekenprent van 'n seuntjie uit die middeleeue se avonture.
4.48 The Adventures of Teddy Tuxpin
5.15 Tekenprent
5.27 Mega-T Tuffy Tooth Club
5.30 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop tyd
6.15 Loving
6.50 Blue Thunder - 'n Nuwe reeks wat handel oor 'n super-helikopter wat toegerus is met 'n gesofistikeerde arsenaal om misdaad te beveg. Met James Farentino en Dana Carvey.
7.45 Supersport: Sokker
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 Bedroom Eyes - 'n Man wat nie sy oë vir homself kan hou as hy gaan draf nie, kry sy verdiende loon toe hy 'n verdagte in 'n moordsaak word. Met Kenneth Gillman en Barbara Law.
10.00 Drilling for Dollars
10.30 Willie and Phil

## Donderdag 12

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Wat sê die reg?
3.50 Meaty moments.
3.55 Die Oefs
4.00 Klein Nieklaas
4.30 In Ligte Luim
5.00 Die Verhaal van 'n Dorpie
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Malpoot en Streepstert
6.30 Ter Wille van Oorlewing
7.05 Kinders van die Sabbatsee
8.00 Network
8.30 The Golden Girls
9.00 thirtysomething.
10.00 Topsport
11.00 Face to face

TV 4
6.00 TV Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.03 The Bold and the Beautiful
9.28 Capitol
9.54 Night Court
10.21 Skinderkelkies
11.24 Ripley's Believe It or Not

M-NET
10.30 Dirty Mary Crazy Larry
12.00 Brass Tacks
3.30 Walt Disney World Special
4.20 Divorced Kid's Blues
5.10 Tekenprent
5.25 Dungeons and Dragons
5.50 Inspector Gadget
Oop tyd
6.15 Loving
6.45 Designing Women
7.15 Newhart
7.45 Supersport
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 The Abdication - 'n Historiese drama oor koningin Christina van Swede (Liv Ullman) wat van haar troon afstand doen om die Katolieke geloof aan te neem. Sy ontdek liefde, maar besef dat haar verhouding met Kardinaal Azzolini sonder toekoms is. Ook met Cyril Cusack en Paul Rogers.
10.10 Flying Blind
10.30 TURK 182
12.05 Carte Blanche - heruitsending

Lees Egbertus Klaagvoort se TV-rubriek op bladsy 5